# DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK VÔÔR UNIFIKASIE

deur

JOHANNES JACOB VAN TONDER, Honns.-B.A.

* * * * * * * * * * *

Verhandeling ingelewer ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. dr. C.P. van der Walt

Potchefstroom
Januarie 1969

AAN MY OUERS EN LOEKIE

## DANKBETUIGING

Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het 'n ad hoc-toekenning vir die bestryding van reiskoste in verband met hierdie studie gemaak. Dit word hiermee met dank erken.

Aan prof. dr. C.P. van der Walt, hoogleraar in Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, betuig ek graag my dank en waardering vir sy leiding en belangstelling. Verder ook 'n woord van hartlike dank aan almal wat op die een of ander wyse 'n bydrae tot die voltooiing van die studie gelewer het. Dit word opreg waardeer.

Die studie kon aangepak en voltooi word onder die leuse van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: „IN U LIG". Dit was 'n voorreg. Hiermee word ten slotte nog 'n mylpaal in my studieloopbaan bereik — aan God alleen die eer!

Potchefstroom,
Januarie 1969.

## INHOUDSOPGAWE


Bladsy.

Hoofstuk 1

INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

I Die naturellekwessie : 'n strydpunt in die partypolitiek . . . . . . . . . . . . . . 1

II Uitgangspunt en indeling . . . . . . . . . . . 3

III Die bronnemateriaal . . . . . . . . . . . . . . 7

Hoofstuk 2

VERSKILLENDE BELEIDSRIGTINGS VERAL TEN OPSIGTE VAN POLITIEKE REGTE AAN NATURELLE . . . . . . . 10

I Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

II Die Kaapkolonie . . . . . . . . . . . . . . . 12

III Natal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

IV Transvaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17

V Die Oranje-Vrystaat . . . . . . . . . . . . . 19

Hoofstuk 3

ENKELE BETEKENISVOLLE GEBEURTENISSE IN VERBAND MET DIE NATURELLEKWESSIE VOOR 1908 . . . . . . . . 22

I Die staatkundige en politieke situasie na 1902 . 22

II Die Vrede van Vereeniging 1902 . . . . . . . . 24

III Die Milnerbewind . . . . . . . . . . . . . . . 29

Bladsy.

IV Chamberlain se besoek . . . . . . . . . . . 32

V Die Inter-Koloniale Tolkonferensie - 1903 . . . 33

VI Die Suid-Afrikaanse Naturellesakekommissie . . 35

VII Transvaal en die Vrystaat kry selfregering . . 41

VIII Samevatting . . . . . . . . . . . . . . 42

Hoofstuk 4

DIE POLITIEKE PARTYWESE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE KAAPKOLONIE TOT 1908 . . . . . . . 45

I Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . 45

II Die Afrikanerbond . . . . . . . . . . . . . . 46

III Die Kaapse Progressiewe Party . . . . . . . 59

IV Samevattende oorsig oor die liberalistiese naturellebeleid in die Kaapse partypolitiek . 68

Hoofstuk 5

DIE POLITIEKE PARTYE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE TRANSVAAL 1902 - 1908 . . . . . . . . . 75

I Die posisie vóór 1902 . . . . . . . . . . . . 75

II Het Volk en die naturellekwessie . . . . . 80

III Die naturellebeleid van die Engelse groepe en partye . . . . . . . . . . . . . . . . 102

A) Die gematigdes . . . . . . . . . . . . 103
B) Die Progressiewes . . . . . . . . . . . 113
C) Die Arbeiders . . . . . . . . . . . . 122

IV Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . 131

Bladsy.

Hoofstuk 6

POLITIEKE PARTYE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE VRYSTAAT . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

I Die posisie voor 1902 . . . . . . . . . . . . 135

II Die Orangia-Unie en die naturellevraagstuk . . . 141

III Die Constitutional Party . . . . . . . . . . 146

IV Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . 149

Hoofstuk 7

NATAL EN DIE NATURELLEVRAAGSTUK . . . . . . . . . . 152

I Natal se posisie in Suid-Afrika . . . . . . . 152

II Geen politieke partye . . . . . . . . . . . . 153

III Stemreg . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156

IV Naturellebeleid . . . . . . . . . . . . . . . 158

V Opstande 1906 - 1907 . . . . . . . . . . . . 161

VI Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 162

Hoofstuk 8

SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING . . . . . . . . . 164

I Kernaspekte van die naturellekwessie . . . . . 167

II Politieke partye en die naturellekwessie : beleidsrigtings . . . . . . . . . . . . . . 171

Bibliografie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 181

* * * * * * *

"..... the big test question for South Africa, if we wanted to make parties in our legislature, must be the Native question. There was no other question parties could be divided on."

(Cecil John Rhodes 1887)

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### ~~I. DIE NATURELLEKWESSIE*: 'N STRYDPUNT IN DIE PARTYPOLITIEK~~

I. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse partypolitiek word gekenmerk deur die feit dat die naturellekwessie 'n belangrike verdelingsfaktor en strydpunt daarin is. Van baie vroeg af was dit die geval. Dit kon ook nie anders nie, want onder die land se probleme beklee bevolkingsvraagstukke, en in die besonder die naturelleprobleem, reeds baie jare lank 'n sentrale en oorheersende plek; geen ander saak het só lank en onafgebroke Suid-Afrika se aandag en kragte opgeëis nie.

Selfs vóór die bestaan van politieke partye was dit 'n probleem — en by name vir die blankes; 'n bestaansprobleem wat die hoof gebied móés word. Inderdaad dagteken die naturellekwessie(s vanaf die eerste ontmoeting tussen blank en naturel vóór die einde van die agtiende eeu, maar dit word vanaf die begin van die negentiende eeu 'n aktuele vraagstuk wat ander probleme oorskadu. Dit was van die begin af 'n saak met besondere probleme en uitdagings, en deur die jare het dit uitgegroei tot een van besondere omvang en ingewikkeldheid.

Met die ontstaan van politieke partye in Suid-Afrika word die vraagstuk 'n saak ten opsigte waarvan elke politieke party van betekenis hom moes verantwoord. Die naturellekwessie as verhoudingsprobleem tussen twee totaal verskillende of andersoorige bevolkingsgroepe, die blankes en die naturelle, was dan ook van die begin af

* Deurgaans is die woord naturelle, naturellekwessie, ens. gebruik omdat die term gebruiklik was in die tydperk wat hier behandel word.

vers op Bl. 10

'n brandende vraagstuk in die Suid-Afrikaanse partypolitiek. In 'n regeringstelsel wat deur politieke medeseggenskap deur feitlik alle burgers gekenmerk word, kon dit kwalik anders wees. Politieke medeseggenskap in Suid-Afrika het na die voorbeeld van Brittanje die partywese as essensiële deel van die staat veronderstel. Met die totstandkoming van partye was die naturellekwessie 'n saak wat hom feitlik onwillekeurig en onvermydelik aan elke party vir beleidsformulering opgedring het. Dit is immers een van die funksies van die partywese: beleidsformulering ten opsigte van aktuele vraagstukke wat die kieserskorps en die staat konfronteer. Die feit dat verskillende beleidsrigtings oor die aangeleentheid in Suid-Afrika aanwesig was vóór die bestaan van partye, is in dié verband van besondere betekenis. Dit het partystryd oor die kwessie voorspel, en dit inderdaad tot gevolg gehad.

Partystryd oor dié kontensieuse vraagstuk het Suid-Afrika se politieke partywese deur die jare gekenmerk. In die wedloop om politieke mag, die hoofdoel van elke politieke party, is die vraagstuk sonder uitsondering betrek. Beleidstandpunte in partyprogramme, manifeste en toesprake gerig op die kieserspubliek se ondersteuning in die stryd om politieke mag sluit feitlik sonder uitsondering dié vraagstuk in. Feitlik geen verkiesing het nie in 'n mindere of meerdere mate ook oor dié saak gegaan nie, en gedurende die laaste twee dekades het dit inderdaad uitgegroei tot een van die hoofstrydpunte in die Suid-Afrikaanse partypolitiek.

Terwyl partystryd en die naturellevraagstuk vandag feitlik sinoniem geword het, is dit opvallend dat hieroor nog geen gesaghebbende

en omvattende studie gelewer is nie. Veel is al geskryf oor die naturellevraagstuk as sodanig, en die beleid van persone en regerings het hier en daar aandag geniet, maar in verband met die partypolitieke beleidsformulering en standpunte het daar nog niks gesaghebbends verskyn nie. Wat die partypolitieke benadering tot die naturellevraagstuk betref, lê daar dus nog 'n groot terrein vir navorsing braak.

Hierdie studie is aangepak om die leemte enigsins te vul. Dit is egter 'n omvangryke taak en vir die doeleindes van die verhandeling word volstaan met die periode voor Unifikasie. Met „voor Unifikasie" word hier bedoel die tydperk tot ongeveer 1908, dit wil sê tot vóór die beweging wat op Unifikasie uitgeloop het. Die Nasionale Konvensie en alles wat daarmee saamhang, word dus nie ingesluit nie. Anders gestel: die studie dek die wordings- en vormingsjare van die Suid-Afrikaanse partypolitiek en sy verband met die naturellekwessie tot ongeveer 1908. Die verdere tydperk of tydperke sal D.V. later aandag geniet en hieroor is reeds met navorsing begin.

## II UITGANGSPUNT EN INDELING

Soos reeds uit die voorafgaande blyk word hier 'n bepaalde tydperk uit die geskiedenis behandel. Dit word egter nie algemeenhistories behandel nie, maar vanuit die aangeduide gesigspunt, naamlik dié van die naturellekwessie en die partypolitiek. Die uitgangspunt vloei voort uit die Staatsleer se belangstelling in die partypolitiek. Die studie is dus 'n poging om aan die hand van

die historiese feite te kom tot begrip en ontleding van en insig in die beleid en die benadering van politieke partye tot die naturellekwessie.

Om hierdie uitgangspunt te ontplooi was dit nodig om met meer as bloot die naturellebeleid van partye rekening te hou, want ook ander omstandighede en faktore het 'n rol gespeel. Hier en daar het ander vraagstukke ook die naturellekwessie beïnvloed, en daar moes in meer of minder besonderhede daarna verwys word. Veral wat die ontstaan van politieke partye betref, het dit dikwels nodig geblyk om rekening te hou met bydraende faktore tot beleidstandpunte of uitgangspunte. In die studie word gepoog om die ontwikkeling van beleid by partye stap vir stap te volg, altyd binne die raamwerk van die tydsomstandighede. Die redes vir 'n bepaalde standpunt of beleid word deurgaans nagegaan om aan te toon in watter omstandighede beleid beslag gekry het. Laastens word die spoor van beleidsontwikkeling gevolg, in die algemeen tot 1908, maar in elke geval so ver as wat dit nodig was om die beleid van bepaalde partye te omlyn en te karakteriseer soos dit vóór Unifikasie vorm en inhoud gekry het.

In die ontleding en interpretasie van die gegewens en ontwikkelinge was dit nie die oogmerk om doelbewus konklusies vanuit die hede te maak nie, ook nie om gevolgtrekkings op die hede te betrek nie. Dit sou uit die aard en omvang van die studie nie geregverdig wees om dit te doen nie; waar dit wel gedoen is, vloei dit logies en asof vanselfsprekend uit die feite voort. Die belangstellende in die Suid-Afrikaanse naturellevraagstuk hoef hieroor egter nie aan die hand geneem te word nie: die vraagstuk is nog steeds aktueel,

en sommige beleidsrigtings en strydpunte kan dwarsdeur die geskiedenis en vandag nog herken word. Beleidsrigtings en strydpunte wat in dié studie voorkom en nog van belang is, slaan asof vanself die brug na die hede, en 'n mens kom telkens tot die besef dat Suid-Afrika reeds 'n lang pad met sekere aspekte van die vraagstuk en die probleem in sy geheel geloop het.

Die indeling van hierdie studie is in hoofsaak deur die uitgangspunt wat hierbo gestel is, bepaal, naamlik dat daar naas partybeleid ook rekening met ander faktore gehou moes word. Hier was dit nie moontlik om 'n absolute skeiding te maak nie, maar belangrike agtergrondsfaktore en gebeurtenisse het naas die partypolitieke beleid in sommige gevalle aparte behandeling geregverdig. Gevolglik word in hoofstuk twee aandag gegee aan staatkundige praktyke en beleidsrigtings wat vóór partyvorming in Suid-Afrika aanwesig was. Hier word dan meer bepaald op die omstrede stemregkwessie gekonsentreer omdat dit 'n groot invloed op partybeleid gehad het.

Enkele, hoofsaaklik nie partypolitieke gebeurtenisse waarby die naturellekwessie direk of indirek betrokke was, geniet in hoofstuk drie aandag. Dit sluit staatkundige ontwikkeling in maar handel veral oor 'n paar belangrike geleenthede wat van beslissende betekenis vir partybeleid was of die aktualiteit van die vraagstuk in die onderhawige tydperk onderstreep het. Dit voorsien dus meerendeels noodsaaklike agtergrondskennis wat partybeleid en rigtings oor die kwessie na vore gebring het of radikale verandering aan tradisionele standpunte voorkom het.

Die indeling van die eintlike tema, die naturellekwessie in die

partypolitiek, is bepaal deur die staatkundige verdeeldheid in Suid-Afrika. Daarom word elk van die vier state afsonderlik in hoofstukke vier tot sewe behandel. Hier geniet die partypolitieke ontwikkelinge van elke staat aandag met toespitsing op die rol van die naturellekwessie. 'n Wye terrein en 'n groot aantal politieke partye word hiermee gedek; gevolglik kon die onderwerp nie ten opsigte van ènige party of 'n bepaalde staat uitputtend behandel word nie. Dit kan nog met vrug gedoen word en 'n groot studieveld lê hier nog braak vir verdere navorsing. Die doel van hierdie studie is slegs om deur 'n oorsig van die verskillende partye se naturellebeleid te kom tot 'n omlyning van die vernaamste beleidsrigtings wat voor Unifikasie in Suid-Afrika onderskei kon word.

Dit is ook nodig om hier reeds daarop te wys dat Natal ook aandag geniet (in hoofstuk sewe) hoewel geen noemenswaardige politieke partye daar tot stand gekom het nie. Dit is nodig geag om die gebied in te sluit, die gebrek aan betekenisvolle partye ten spyt, omdat 'n bepaalde uitgangspunt ten opsigte van die vraagstuk tog daar ontwikkel het, en omdat wat in Natal gebeur het in verband met die vraagstuk, ook 'n invloed buite die gebied gehad het.

In die slothoofstuk word gepoog om die beleidsrigtings van die verskeidenheid van partye in die verskillende state saam te trek en die deurlopende strydpunte wat aanwesig was, uit te lig. Die klem val hier op die omlyning van die hoofstrominge wat uit die verskeidenheid na vore kom sowel as die standpunte van die partye ten opsigte van die vernaamste aspekte van die naturellekwessie soos dit vóór Unifikasie ontplooi het.

## III DIE BRONNEMATERIAAL

Navorsing oor die naturellekwessie en die partypolitiek in die periode voor 1908 lewer die probleem op dat gegewens oor 'n baie wye terrein en ten opsigte van 'n groot aantal partye versamel moes word. Daar bestaan ook geen studie van die naturellebeleid van enige van die politieke partye nie, en gevolglik kon 'n oorsig ook nie op dié wyse verkry word nie. Beleidsaspekte ten opsigte van die kwessie kom egter wel voor in studies wat bepaalde partye behandel hoewel nie in besonderhede nie. Aanknopingspunte kan dus wel by verskillende reeds bestaande studies gevind word.

Dit is gelukkig so dat min tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis reeds soveel aandag geniet het as juis die periode wat deur hierdie verhandeling gedek word. In verskillende werke, veral verhandelinge en proefskrifte, is die algemene geskiedenis omvangryk behandel. Enkele partye het besondere aandag ontvang en oor die naturellevraagstuk in die onderhawige tydperk is daar ook heelwat geskryf. Uit hierdie werke oor die tydperk, oor die partye en die naturellevraagstuk as sodanig is waardevolle feite gehaal wat vir die doeleindes van hierdie studie saamgevoeg kon word tot 'n nuwe geheel. 'n Goeie insig en begrip van algemene toestande en ontwikkelinge was natuurlik onontbeerlik, en hiervoor was genoemde werke ook baie waardevol. Sommige van die bronne het ook partyprogramme en ander nuttige materiaal as bylaes opgeneem wat andersins moeilik bekombaar sou wees.

Bestaande navorsing was dus 'n waardevolle bousteen vir hier-

die verhandeling; maar uiteraard was dit eerder 'n wegspringplek vir verdere navorsing. Omvangryke gebruik is gemaak van ander gepubliseerde materiaal. Gepubliseerde dokumente van leiersfigure en persone wat belangrike politieke poste beklee het, biografieë, herinneringe van politici en kontemporêre geskrifte en pamflette oor die tydperk is geraadpleeg, almal werke wat deur korter of langer verwysing na die naturellekwessie waardevolle lig op partybeleid en -uitgangspunte gewerp het.

Partypublikasies, in die vorm van jaarverslae, partyprogramme, manifeste, ensovoorts was ook 'n belangrike en noodsaaklike bron vir gegewens. Hierdie publikasies moes egter, weens die opsommende aard daarvan, altyd saam met ander beskikbare geskrifte gelees word om 'n goeie interpretasie daarvan te kon gee. Sodanige partystukke was egter nie altyd beskikbaar nie veral omdat slegs enkele van die groter partye gereeld iets van dié aard gepubliseer het. Oorspronklike ongepubliseerde programme en partystukke wat opgespoor kon word, is ook geraadpleeg, maar ongelukkig is dié soort materiaal baie skaars. Hier en daar is stukke in persoonlike argiewe opgespoor, soos byvoorbeeld iets oor die Het Volk-program in die Engelenburg-versameling. Oor die algemeen is partynotules, verslae ensovoorts egter nie bewaar nie. Dit het verlore gegaan of op plekke beland waar dit nie vir die navorser moontlik is om dit op te spoor nie. Dié materiaal, insluitende gepubliseerde stukke, was egter dikwels nie van waarde nie omdat daarin selde oor die naturellekwessie in besonderhede getree is. Tog moet dit betreur word dat partystukke nie altyd bewaar is nie, want dit is 'n groot belemmering

vir die student wat die partypolitiek in Suid-Afrika wil bestudeer.

Vir die gebrek aan oorspronklike materiaal of die min gegewens in beskikbare materiaal is ruim gekompenseer deur ander bronne. Koerante, biografieë, herinneringe en ander publikasies stel 'n mens in staat om tog 'n betreklik volledige beeld van die onderwerp op te bou. In die groot aantal publikasies wat hiervoor gebruik is, kon dikwels die kleiner besonderhede of die algemene agtergrond van bepaalde besluite, standpunte en gebeurtenisse opgespoor word om so dan 'n artikel in 'n partyprogram of 'n bepaalde besluit te verklaar en te evalueer.

'n Besondere nuttige bron van inligting, naamlik koerante, regverdig ook 'n paar opmerkings. Dit was een van die belangrikste bronne vir hierdie studie omdat die ontwikkelinge op politieke gebied deur koerante gedek word, soos dit vandag nog die geval is. Koerante wat hiervoor gebruik is, het verslae oor partykongresse, toesprake, partystigting, ensovoorts in hulle kolomme opgeneem, en wel in verstommende besonderhede. Die metode was hier om 'n bepaalde koerant deeglik na te gaan en dan, waar nodig, vergelykende gebruik van ander koerante te maak. Vir die verkryging van 'n geheel-beeld was die koerante uiteraard ook besonder waardevol en vir hierdie studie dus in alle opsigte 'n onontbeerlike bron.

Met al hierdie bronne as boustene is dan gepoog om die geskiedenis van die bepaalde tydperk en die besondere aspek wat behandel word, te rekonstrueer. Wat verder volg, is die resultaat van die werksaamheid.

---oOo---

# HOOFSTUK 2

## VERSKILLENDE BELEIDSRIGTINGS VERAL TEN OPSIGTE VAN POLITIEKE REGTE AAN NATURELLE

### I INLEIDING

Die aanraking tussen blankes en naturelle in Suid-Afrika het 'n verhoudingsprobleem laat ontstaan wat bekend geword het as die naturellekwessie. Die kontaksituasie het met die verloop van tyd talle probleme en vraagstukke opgelewer ten opsigte waarvan botsende beskouings en uitgangspunte onder die blankes na vore gekom het. Hierdie botsende benaderings het met voortgaande konstitusionele ontwikkeling mettertyd meegebring dat die verskille beslag gekry het, hoofsaaklik in afsonderlike state wat in Suid-Afrika tot stand gekom het. Dit het neergekom op die beginselverskil dat sommige state konstitusioneel die politieke assimilasie van die naturel toegelaat het, terwyl ander dit nie toegelaat het nie. Met name genoem het dit dan neergekom op assimilasie of integrasie, teenoor skeiding of segregasie, hoofsaaklik op politieke terrein.

In die Kaap en later ook in Natal het die aanraking tussen blank en naturel onder andere vanweë die bestaan van 'n bepaalde konstitusionele beginsel uitgeloop op die verlening van politieke regte aan naturelle. Hierdie konstitusionele praktyk het dus meegebring dat politieke gelykstelling tussen blank en naturel bewerkstellig is. As 'n uitgangspunt in die verhoudingsprobleem word die benadering later, toe partye ontstaan het, oorgedra, om sodoende ook 'n partypolitieke uitgangspunt te word. Hierteenoor het ander gebiede buite die Kaap

en Natal tot stand gekom en in hulle staatkundige ontwikkeling die Kaapse konstitusionele praktyk ten opsigte van die stemreg verwerp en dus geen politieke regte aan naturelle toegeken nie.

Die verhoudingsprobleem het dus vraagstukke en strydpunte opgelewer wat veral ten opsigte van die kwessie van politieke regte skerp kontraste meegebring het. Prinsipieel gesien was dit natuurlik twee botsende ideologieë wat aan die verskil oor politieke regte ten grondslag gelê het. Voor Unifikasie is die ideologiese verskil egter nie ten opsigte van een van die twee rigtings duidelik omlyn nie en bly die stryd en verskilpunt voorlopig 'n teëstelling tussen vír en téén politieke regte.

Konstitusioneel het hierdie verskille in Suid-Afrika bestaan voordat daar politieke partye was. Dit sou egter uit die aard van die saak 'n neerslag in die partypolitiek vind en 'n invloed uitoefen op die beleidsformulering van die verskillende partye wat later gevorm is. Daarom word dit as noodsaaklik beskou om in hierdie hoofstuk 'n oorsig te gee van die onderskeie state se konstitusionele bepalings ten opsigte van hoofsaaklik politieke regte van naturelle.

Hier moet rekening gehou word met die feit dat die teëstelling tussen die verskillende beleidsrigtings van politieke partye voor Unifikasie hom hoofsaaklik in die stemregkwessie gemanifesteer het. Dit was tot so 'n mate die geval dat die aspek van die naturellekwessie tydens die Nasionale Konvensie selfs as die eintlike naturellevraagstuk gesien is. Die wortel van partypolitieke stryd,en in baie opsigte die bepalende faktor van partybeleid oor die kwessie, lê in die konstitusionele bepalings opgesluit wat hierna ~~oorsigtelik~~ behan-

del word. Terselfdertyd word hier ook kortliks aangedui wat die algemene benadering of beleid in die state was wat nie politieke regte aan naturelle toegeken het nie.

## II DIE KAAPKOLONIE

Die politieke aspek van die naturellekwessie in die Kaap begin vir alle praktiese doeleindes met die verkryging van verteenwoordigende bestuur in 1853. Toe is politieke regte aan alle mans bo 21 jaar verleen, ongeag kleur of ras, onderhewig aan sekere kwalifikasies. Hierdie kwalifikasies het na wysigings, veral in 1892, die volgende behels:[1]

'n Manlike persoon bo 21 jaar kon registreer as hy

1. sy naam, adres en beroep kon neerskryf;[2]
2. beskik oor 'n inkomste van R100 per jaar of vaste eiendom besit het ter waarde van R150.[3]

Enige geregistreerde kieser kon tot die Laerhuis verkies word,[4] maar vir die Tweede Kamer moes voldoen word aan 'n eiendomskwalifi-

G.W. Eybers ;

---

1) Eybers, G.W. Select constitutional documents illustrating South African history, p.48-49. (veral artikel 8 van die Cape of Good Hope Constitution Ordinance, 3 April 1852 ).

2) Ibid., p.74. (Wet nr. 9, 1892, art. 6). Dis 'n beskawingskwalifikasie wat voor 1892 nie bestaan het nie.

3) Ibid., pp.48, 74. (Die inkomste- en besitskwalifikasie was R50. Gewysig deur wet nr. 9, 1892, art. 4(a) - (b). Die Glen Grey-wet, nr. 25 van 1894, het die besit van grond in terme van die wet nie as nakoming van die besitskwalifikasie beskou nie).

4) Ibid., p.50. (art. 47).

kasie van R4,000 of 'n kapitale besit van R8,000, bo en behalwe enige laste, en moes die kandidaat 30 jaar of ouer wees.[5]

Die verlening van stemreg aan alle persone, ongeag kleur of ras, moet egter teruggevoer word na die 18e-eeuse filantropiese beweging[6] en die begin 19e-eeuse strewe van die liberaliste in Engeland om stemreg uit te brei na steeds meer mense. Aan die Kaap self het die „Extention of Hottentot Liberties",Ordonnansie nr. 50 van 1828 [7], wat aan die Hottentotte volle reg- en burgerlike status verleen het, dit wil sê blank en nie-blank gelykgestel het, reeds 'n aanduiding gegee van wat ten opsigte van die stemreg verwag kon word. Ordonnansie 9 van 1836, wat vir die instelling van munisipale rade voorsiening gemaak het, het dan ook bepaal dat elke persoon wat 'n huis besit of huur ten waarde of ten bedrae van R20.00, op stemreg geregtig is.[8]

Saam met die bepalings van die 1852-konstitusie het die Kaap dus teen 1910 reeds oor 'n konstitusionele tradisie van byna sewentig jaar beskik vir sover politieke regte aanbetref. Wat Suid-Afrika in die algemeen betref, was dit natuurlik die oorsaak van 'n konstitusionele stryd wat aan en af gevoer is tot vandag toe.

## III NATAL

Natal is in 1843 deur Brittanje geannekseer, en dokumente onmiddellik voor anneksasie dui reeds aan wat die inwoners, sover dit stem-

5) Ibid., p.49. (art. 33).
6) Scholtz, G.D. 'n Swart Suid-Afrika? p.27.
7) Eybers, G.W., op. cit., p.26.
8) Ibid., p.78.

reg aan naturelle betref, te wagte was, want die Volksraad van Natal het met die oog op die verwagte anneksasie voorstelle gemaak vir konstitusionele regering waarin geen melding gemaak is van 'n uitsluiting van nie-blankes van die stemreg nie.[9] Trouens, geen melding word in die dokument van naturelle gemaak nie, maar die voorgestelde kwalifikasies vir die verkryging van stemreg dui daarop dat hulle bewus was van die probleem sover dit politieke regte aangaan. Die voorgestelde eiendomskwalifikasie is byvoorbeeld R300 en 'n voornemende kieser moes Engels of Hollands kon lees en skryf, terwyl 'n verteenwoordiger eiendom ter waarde van R1,000 moes besit en beide tale magtig moes wees; die veriestes was dus veel omvattender en hoër as in die Kaap.

In 1844 is die gesag van die Kaapse regering ook op die gebied van toepassing gemaak met logiese gevolge vir die naturellestemregkwessie.[10] Munisipale rade word reeds gedurende 1847 deur die Kaapse regering vir Natal ingestel,[10b] en soos die geval met soortgelyke liggame in die Kaap was, word stemreg sonder enige politieke kleurslagboom toegeken. Hiermee word die Kaapse stemregstelsel op Natal oorgedra met 'n gevolglike presedent met die oog op latere selfregering vir Natal.

Gedurende 1856 ontvang Natal verteenwoordigende bestuur en word

---

9) Ibid., p.174. (Demands for Constitutional Liberties.)

10) Ibid., p.182. (Annexation of Natal to the Cape Colony, Letters Patent, 31 Mei 1844).

10b) Ibid., p.218. (Creation of Municipal Boards, Ordonnansie nr. 5, 1847.)

stemreg dan ook toegeken aan alle manlike Britse onderdane bo 21 jaar wat vaste eiendom besit ter waarde van R100 of huur teen R20 per jaar.[11)] Ook hierin word geen melding van ras of kleur gemaak nie. In 1865 word die kieswet egter gewysig[12)], sodat alle naturelle van die kieserslys geskrap word en volgens nuwe vereistes moes aansoek doen vir registrasie. Hierdie nuwe vereistes waaraan naturelle moes voldoen om te kon registreer, is so ingewikkeld gemaak dat baie min ooit op die lys gekom het. Die eiendomskwalifikasie is in 1883 aangevul met 'n inkomstekwalifikasie van R16 per maand sodat persone sonder vaste eiendom ook nou kon registreer.[13)] Wat naturelle betref, is die bepalings in dieselfde wet verder verskerp, aangesien 'n aansoeker sy naam moes kon teken. Gevolglik was daar in 1907 byvoorbeeld slegs 6 naturellekiesers in Natal.[14)]

---

11) Ibid., p.118. (Chamber of Natal, 15 Julie 1856).

12) Ibid., p.194. (Native Franchise, nr. II, 1865).

13) Ibid., p.203. (Franchise Amendment Law, nr. 2, 1883).
'n Naturel wat stemreg wou verkry moes dus toe aan die volgende vereistes voldoen:
(i) Ten minste 12 jaar in Natal woonagtig wees;
(ii) 7 jaar vrygestel wees van naturellereg;
(iii) sy aansoek moes vergesel gaan van 'n aanbevelingsbrief, onderteken deur 3 stemgeregtigde burgers en geëndosseer deur 'n magistraat of vrederegter;
(iv) hy moes voldoen aan die reeds bestaande ouderdoms- en eiendomskwalifikasies;
(v) sy aansoek moes by die Luitenant-Goewerneur ingedien word en laasgenoemde het die reg gehad om die aansoek na goeddunke toe te staan óf te weier;
(vi) enige blanke kieser kon op hierdie stadium nog beswaar aanteken teen die plasing van so 'n naturel se naam op die kieserslys.

14) Thompson, L.M. The unification of South Africa, p.111.

Gedurende 1893 ontvang Natal verantwoordelike regering, en hierna is die stemregkwessie weer eens opgeneem, met die Indiërkiesers as oogmerk. Deur 'n wet van 1896 is manlike persone van nie-Europese oorsprong afkomstig uit state wat tot op daardie stadium nie oor verteenwoordigende instellinge beskik het nie, hulle stemreg ontneem, tensy hulle van die goewerneur-in-rade vrystelling van die bepalings van die wet ontvang het.[15] Hierdie wet het dus alle Indiërs wat nie die nodige vrystelling verkry het nie, van die kiesreg uitgesluit. In 1907 was daar slegs 150 Indiërs op die kieserslys.[16]

Bepalings ten opsigte van die kiesreg verander nie ná die toekenning van verantwoordelike bestuur in 1893 nie; trouens, die wet meld niks betreffende die kiesreg nie, maar in die instruksies aan die goewerneur word bepaal dat wette wat vir die prerogatief van die koningin gereserveer moes word, onder andere insluit „Any Bill where by persons not of European birth or descent may be subjected or made liable to any disabilities or restrictions to which persons of European birth or descent are not also subjected or made liable".[17]

---

15) Eybers, G.W., op.cit., p.215. (Franchise Amendment Act,nr.8, 1896).

16) Thompson, L.M., op. cit., p.111.

17) Eybers, G.W., op. cit., p.214.
Botha, J.H. Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika, p.129.
Botha meld hier dat koningin Victoria in die proklamasie waarin aan Natal 'n konstitusie verleen word, bepaal het dat wetlik geen onderskeid van persoon of onbevoegverklaring weens kleur, oorsprong, taal of geloof gemaak mag word nie. Die datum 1842 wat dr. Botha noem, is, as dit met konstitusie gelees word, natuurlik verkeerd. Dit is wel moontlik dat so 'n proklamasie tydens die anneksasie uitgevaardig is, maar dit het eers in 1843 plaasgevind. Die werk van Eybers vermeld ook nêrens 'n sodanige bewoorde proklamasie nie, en gevolglik kan hierdie opmerking van dr. Botha beskou word as verkeerd ten opsigte van die datum of inhoud of albei.

Natal het dus, soos die Kaap, stemreg in beginsel aan alle volwasse mans verleen, maar in die praktyk die verkryging daarvan deur nie-blankes feitlik heeltemal onmoontlik gemaak. 'n Politieke kleurslagboom word toegepas sonder om dit uitdruklik te erken; of anders gestel, die beginsel van ongedifferensieerde stemreg word erken, maar prakties word baie duidelik gepoog om dit te omseil sonder openlike verwerping daarvan. Dit is daarom geensins verbasingwekkend dat die geregistreerde kiesers in Natal in 1907 nie eers vir een persent uit nie-blankes bestaan het nie.[18)]

IV <u>TRANSVAAL</u>

Die eerste grondwet van Transvaal, die bekende Drie-en-Dertig Artikels van 1844 [19)] en die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek van 1858 en verskillende ander wette het deurgaans konsekwent politieke regte tot blanke persone beperk. Die 1858-grondwet bepaal uitdruklik: „Geen gekleurden noch bastaarden zullen toegelaten worden in onze vergaderingen,"[20)] en ook „Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk noch in Staat."[21)] Laasgenoemde artikel word in 1876 duideliker omskryf toe bepaal is: „Niemand, die niet tot de blanke bevolking van de Z.A. Republiek wordt gerekend, zal als stemgeregtig-

---

18) Thompson, L.M., op. cit., p.111. 23,480 kiesers, of 99.1% van die kieserskorps, het uit blankes bestaan.

19) Eybers, G.W., op.cit., p.350.

20) Ibid., p.368. (art. 31).

21) Ibid., p.364. (art. 9).

de burger aangetekend worden ...."[22] Hierdie standpunt is gehandhaaf in die 1896-grondwet[23] en bevestig in die Vrede van Vereeniging.[24]

Met die toekenning van selfregering in 1907 is die belofte vervat in Art. 8 van die Vredestraktaat nagekom. So is die tradisie van geen gelykstelling en geen politieke regte tot 1910 konsekwent gehandhaaf. Aan die anderkant is reeds vanaf 1856 vir gebiedskeiding voorsiening gemaak en is naturelle wat hulle in blanke gebied bevind het, in gesegregeerde woonplekke gevestig.[25] Daar is veral na 1877 daadwerklike pogings aangewend om naturellegrond en -lokasies finaal af te baken.[26] Daar is egter nie gevorder tot 'n stadium waar die negatiewe beginsel van geen gelykstelling en politieke regte kon oorgaan tot die positiewe standpunt dat sodanige regte wél in die vooruitsig gestel kon word vir naturelle in die afgebakende eie gebiede nie. Dit moet egter onthou word dat Transvaal vanaf 1877 met groot

22) Ibid., p.439. (Wet nr. 1, 1876, art. 2).

23) Ibid., p.364.

24) Vgl. hoofstuk 3 van hierdie werk.

25) Rhoodie, N.J. 'n Rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en partnership. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, p.47. Die werk is gepubliseer onder die titel: Apartheid en partnership; 'n rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en vennootskap. Vgl. Bibliografie. Skrywer het die ongepubliseerde werk gebruik.

26) Ibid., p.48.
Vergelyk 'n toespraak van pres. Kruger in 1882 waarin hy onder andere verklaar dat die naturelle op die duur die seënryke vrugte ,,.... zullen plukken van het oude stelsel der Republiek, dat aan iederen stam van betekenis eene bepaalde locatie (gebied) wordt aangewezen, onder bescherming der Regeering". Van Oordt, J.F. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.385.

probleme te kampe gehad het en dat talle versteurende insidente en twee oorloë besonder verlammend ingewerk het. Die beginsel van rassedifferensiasie is egter konsekwent gehandhaaf en is beskou as die enigste waarborg vir selfbehoud te midde van byna 'n miljoen naturelle.[27)] Betekenisvol is ook die feit dat die Transvaalse standpunt ten opsigte van die rassevraagstuk, die Britse verowering ten spyt, in sy geheel feitlik onveranderd gelaat is. Toestroming tot die stede het ná die oorlog egter geweldig toegeneem en 'n nuwe probleem in verband met die naturellevraagstuk na vore gebring. Hierdie algemene Transvaalse benadering en tradisie vind later sy neerslag in die partypolitieke ontwikkelinge vanaf 1903.

## V DIE ORANJE-VRYSTAAT[28)]

'n Situasie soos in die Kaap en Natal was ook in die Vrystaat onbekend. Die grondwet van 1854 en alle grondwette daarna het kiesreg tot blanke persone beperk net soos die geval in Transvaal was.[29)] Dit was ook die beleid van die Vrystaat om die naturelle in hulle eie gebiede te vestig, en daartoe is ook wetlik reëlings getref. Die administratiewe sy hiervan was ook verder gevorder as wat die geval in Transvaal was,[30)] maar onthou moet word dat die omvang van die

---

27) Ibid., pp.49, 50.

28) Deurgaans sal verwys word na die Vrystaat of O.V.S. hoewel die gebied van 1902 tot 1910 bekend was as die Oranjerivier-Kolonie.

29) Rhoodie, N.J., op.cit., p.47.

30) Hier word verwys na Wet nr. 3, 1866 en „De Wet over het Volk van Paulus Mapeli", 1867, waarvolgens die Witzieshoekreservaat tot stand gekom het. Vgl. Eybers, op. cit., pp. 320, 325.

vraagstuk in die Vrystaat veral ná die anneksasie van Basoetoland baie beperkter as in Transvaal was. Net soos in Transvaal, het die Vrystaat dus voor Unifikasie nog 'n beleid, gebaseer op die beginsel van segregasie, gevolg.

* * *

Samevattend kan dus gekonstateer word dat die beginsel van politieke integrasie konstitusioneel in die Kaap en Natal deurgevoer is, terwyl die grondwette van beide die Transvaal en die Vrystaat stemreg uitdruklik vir blankes gereserveer het, iets waarna Natal in die praktyk gestreef het sonder opsegging van die beginsel van stemreg vir alle volwasse manlike burgers en sonder vermelding van kleur of ras. Daar het dus in die vier gebiede duidelike verskille in die benadering tot die rassevraagstuk, veral wat betref politieke regte, voorgekom. Met dit in gedagte, moet die beleid van die politieke partye ten opsigte van die naturellekwessie nagegaan word. Hoewel die teëstelling tussen die verskillende state hoofsaaklik neergekom het op 'n standpunt vir of teen die verlening van stemreg aan naturelle is ook verwys na gebiedskeiding veral in Transvaal en die Vrystaat. Dit is nie gedoen om daarmee aan te toon dat die alternatief vir die verlening van politieke regte toe reeds 'n beleid van aparte politieke ontwikkeling was nie; so ver is nog nie prakties gevorder nie, maar dit was tog 'n beleid van skeiding wat dié rigting in beginsel bevat het. Daarom is wat dié twee state betref, ook verwys na dit wat wel positief gedoen is naas die negatiewe; die verwerping van die stemreg- of gelykstellingsbeginsel.

Hierdie oorsig het egter slegs die konstitusioneel-staatsregte-

like posisie, hoofsaaklik die omstrede kwessie van politieke regte, geskets. Dit is ook nodig om na te gaan hoe aktueel die naturelle-kwessie voor Unifikasie was en welke gebeurtenisse direk en indirek tot partypolitieke hantering daarvan bygedra het. Daarom is die agtergrond waarteen partypolitieke ontwikkelinge en beleidsontplooiing ten opsigte van die naturellekwessie gesien moet word met hierdie oorsig nog nie volledig genoeg geteken nie. Dit word in die volgende hoofstuk aan die hand van enkele belangrike gebeurtenisse gedoen.

---oOo---

# HOOFSTUK 3

## ENKELE BETEKENISVOLLE GEBEURTENISSE IN VERBAND MET DIE NATURELLEKWESSIE VOOR 1908

Na die Tweede Vryheidsoorlog en voor die Nasionale Konvensie het daar betekenisvolle staatkundige ontwikkelinge in Suid-Afrika plaasgevind, ontwikkelinge wat van die grootste betekenis vir politieke partyvorming in dié tydperk was.

Die naturellekwessie was in die onderhawige tydperk ook betrokke by die staatkundige veranderinge en het direk en indirek die beleid ten opsigte van die vraagstuk geraak. Verder is daar ook aan die naturellekwessie as sodanig aandag gegee en het optrede in verband daarmee ook 'n invloed op die partypolitiek gehad. 'n Oorsig van enkele van dié ontwikkelinge is vir die studie belangrik en moet gesien word as noodsaaklike agtergrondskennis vir 'n beter begrip van die verskillende politieke partye se hantering van die naturellekwessie.

Die aktualiteit van die vraagstuk word ook in hierdie hoofstuk op die voorgrond gebring en die enkele gebeurtenisse wat hier aandag geniet onderstreep feitlik vanself die erns waarmee die vraagstuk voor Unifikasie bejeën is.

### I DIE STAATKUNDIGE ~~EN POLITIEKE~~ SITUASIE NA 1902

Suid-Afrika het na 1902, voortvloeiende uit Britse optrede, op staatkundig-politieke gebied 'n nuwe bedeling betree. Die uitslag van die Tweede Vryheidsoorlog het, naas die Britse Kolonies, die

Kaap en Natal, ook die twee voormalige Republieke onder die Britse vlag gebring. Dit het die botsing tussen Britse imperialisme aan die een kant en Afrikanernasionalisme, soos verteenwoordig deur die Republieke aan die ander kant, voorlopig beëindig. Daarmee is dus 'n sekere mate van eenvormigheid in Suid-Afrika bewerkstellig en is die weg vir die unifikasie van Suid-Afrika gebaan.

Hierdie verandering het egter nie interkoloniale vraagstukke sonder meer laat verdwyn nie — veral nie wat die naturellevraagstuk betref nie. Die ou verskille in benadering tot die vraagstuk het bly voortbestaan. Die Kaap het 'n beleid gevolg wat radikaal verskil het van dié van die voormalige Republieke, terwyl Natal op papier die Kaapse voorbeeld nagevolg het maar in praktyk meer die noordelike standpunt verteenwoordig het.[1)]

Op partypolitieke gebied was daar aanvanklik ook nog verskille. Anders as in die Kaapkolonie waar politieke partye en groeperinge reeds 'n geruime tyd bestaan het, het die voormalige Republieke politieke groeperinge in die partypolitieke sin van die woord nie geken nie. Onmiddellik na die Vrede van Vereeniging was daar in die ou Republieke, onder kroonkoloniebestuur, geen politieke organisasies nie. In die Kaap was die Afrikaner-bond en Progressiewe Party reeds erkende politieke partye wat 'n bepaalde standpunt ten opsigte van die naturellevraagstuk daarop nagehou het, terwyl die politieke groeperinge, hoofsaaklik rondom persone en belange, in Natal betrek-

---

1) Krüger, D.W. The age of the generals, p.15.
Vergelyk ook hoofstuk 7 hieronder.

lik eensgesind oor die vraagstuk was.[31] Die feit dat geen politieke organisasies in Transvaal en die Vrystaat bestaan het nie, beteken egter nie dat daar ten opsigte van die naturellevraagstuk geen definitiewe standpunt was nie. Trouens, die beleid van geen gelykstelling in die twee gebiede was algemeen bekend en die enigste aanvaarbare beleid vir die inwoners, soos dit ook duidelik geblyk het tydens die vredesonderhandelings. Laasgenoemde is dan ook die eerste belangrike gebeurtenis wat aandag verdien, veral omdat die tradisioneel noordelike standpunt hier 'n ernstige aanslag van die Britse liberale beginsel afgeweer het.

## II DIE VREDE VAN VEREENIGING 1902

Gesien uit die oogpunt van rasseverhoudinge, en meer in besonder die naturellevraagstuk, het die vredesonderhandelings tussen partye met botsende beskouings plaasgevind. Aan die een kant die Britse Regering met die oogmerk om 'n liberale naturellepolitiek in die noordelike gebiede deur te voer,[32] en aan die ander kant die leiers van die verslane Republieke wat gestry het vir die behoud van hul tradisionele, konserwatiewe naturellebeleid gebaseer op die beginsel van skeiding.[33]

Die Britse Regering by monde van Chamberlain, Sekretaris van Ko-

31 Thompson, L.M. The unification of South Africa 1902-1910, p.41. (Vgl. ook hoofstuk 7 hieronder vir volledige besonderhede.)

32 Headlam, C., red. The Milner papers, vol. II, pp.39, 41.

33 Van Biljon, P. Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika, p.391-392.

lonies, se doel was, onder druk van die Anti-Slavery Society en die Aborigenes' Protection Society,[34] om stemreg te verleen aan „natives qualified by education, as in the Cape Colony."[35] Dit moes geskied, aldus bogenoemde twee verenigings, ongeag die standpunt van die inheemse bevolking. Milner, die Hoë Kommissaris en verteenwoordiger van die Britse Regering in Suid-Afrika, het uit ervaring besef hoe gevaarlik hierdie eis was en Chamberlain gewaarsku „against the fatal doctrine that the Imperial Government is to deal with the native question regardless of colonial sentiment."[36] Sy persoonlike standpunt op dié stadium was: „A political equality of white and black is impossible."[37] Ten spyte van Milner se waarskuwing het die voorwaardes wat in Maart 1901 aan Botha gebied is, die volgende ingesluit: „As regards the extention of the franchise to Kaffirs in the Transvaal and Orange River Colonies, it is not the intention of H.M. Government to give such franchise before representative government is granted to those Colonies, and if then given, it will be so limited as to secure the just predominance of the white race. The legal position of the couloured persons will, however, be similar to that

---

34 Headlam, C., red., op. cit., pp.306, 312.

35 Ibid., p.41.
Pyrah, G.B. Imperial policy and South Africa 1902-1910, p.91. „Chamberlain wrote Milner on 6th March, 1901 that the enfranchisement of natives qualified by education would be amongst his list of conditions of self-government for the Transvaal and Orange River Colonies".

36 Headlam, C., red., op.cit., p.311. (Milner aan Chamberlain, 6 Desember 1901.)

37 Ibid., p.314. (Brief aan Rev. James Green, Dean of Pietermaritzburg, 12 Desember 1901.)

which they hold in the Cape Colony."[9] Die vredesonderhandelings het egter op niks uitgeloop nie en die oorlog is voortgesit.

Tydens die vredesonderhandelings in Mei 1902, toe 'n dooie punt onvermydelik geblyk het, het Kitchener 'n komitee voorgestel om 'n beter formulering van die vredesdokument te verkry.[10] Milner, met Sir Richard Solomon as regsverteenwoordiger, en Smuts met Hertzog, het op hierdie komitee gedien. Die betekenisvolste herformulering (wysiging) het betrekking gehad op art. 8.[11] Die oorspronklike bewoording van art. 8 was: „The franchise will not be given to Natives until after the introduction of Self-Government." Art. 8 is toe verander en soos volg in die vredesdokument opgeneem: „The question of granting the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self-government."[12] Die verandering is aangebring omdat Smuts en Hertzog gemeen het die oorspronklike formulering kan by die toekenning van selfregering in die guns van naturellestemreg geïnterpreteer word. Die nuwe formulering is in die handskrif van Hertzog[13] op die konsepdokument.

---

9) Ibid., p.213. (Skrywer onderstreep.)

10) Ibid., p.346.

11) Vgl. p.28 hieronder. (Dit was verander na art.9 maar in die ondertekende dokument is dit weer art. 8.)

12) Godee-Molsbergen, E.C. en Visscher, J. Zuid-Afrika's Geschiedenis in beeld, p.126. Ook p.28 hieronder.
Headlam, C., red., op. cit., p.351. (Skrywer onderstreep.)

13) Kestell, J.D. en van Velden, D.E. De vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, pp. V, 117.
Hancock, W.K. Smuts, bd. 1, p.159.
Skrywer het vasgestel dat die handskrif sonder twyfel die van genl. Hertzog is. Vergelyk genl. Hertzog se oorlogsdagboek in die Hertzogversameling, Staatsargief, Pretoria, Hancock en Godee-Molsbergen dui albei verkeerdelik aan dat dit genl. Smuts se handskrif is.

Teen hierdie formulering het Chamberlain beswaar gehad, en hy het voorgestel dat dit duideliker omskryf word, dit wil sê dat stemreg met die verkryging van selfregering ingestel sal word. Hy sê: „Clause 9 seems to be worded so that we should actually have to exclude natives from the franchise in any constitution establishing a self-governing Colony."[14] Die bedoeling van die Britse regering was dus duidelik en genl. Hertzog se wysiging van die artikel dus wel gegrond. Milner se antwoord in 'n telegram aan Chamberlain was dat dit die bedoeling was, maar hy het verder bygevoeg: „I think there is much to be said for leaving the question of political rights of natives to be settled by Colonists themselves."[15] Uiteindelik is die gewysigde art. 8 tog onveranderd in die vredesdokument opgeneem.[16]

Generaals Smuts en Hertzog, albei later politieke leiers en ministers van naturellesake, het hiermee gesorg dat die tradisionele rassebeleid van die voormalige Republieke grootliks van radikale verandering gevrywaar is en in ieder geval verseker dat die beslissing in die hande van die inheemse bevolking sou bly. Die deur generaals

14) Headlam, C., red., op. cit., p.356.

15) Ibid., p.357.

16) Eybers, G.W., op. cit., p.346.
De Kiewiet, C.W. A history of South Africa: social and economic, p.143. Oor die Britse standpunt skryf hy onder andere: „Much of the hesitant and evasive conduct of British statemanship in the generation before the Boer War could be attributed to the indecision of the British Government between its obligations to the natives and its obligations to the white communities. To grant an unrestricted political liberty to the whites was to fasten social, economic and political restrictions on to the natives. To insist upon a higher place for the natives was to offend the white communities, especially Natal and the Republics, in their deepest convictions."

2.

acceptance of the position of Subjects of HIS MAJESTY KING EDWARD VII, ~~will~~ be brought back to the places where they were domiciled before the War.

4. The BURGHERS so surrendering, *or returning*, will not be deprived of their Personal Liberty, or their Property.

5. No Proceedings CIVIL or CRIMINAL will be taken against any of the BURGHERS ~~now~~ *so* surrendering *or returning* for any Acts in connection with the prosecution of the War.

6. The DUTCH Language will be taught in Public Schools in the TRANSVAAL and the ORANGE RIVER COLONY ~~when~~ *where* the Parents of the Children desire it, and will be allowed in COURTS of LAW when necessary for the better and more effectual Administration of Justice.

7. The Possession of RIFLES will be allowed *in the Transvaal and Orange River Colony* to Persons requiring them for their Protection, on taking out a license according to Law.

8. The Franchise ~~will not~~ be given to NATIVES *(in the Transvaal or O.R.C)* until after the Introduction of Self-Government.

*9 shall not be decided until after the introduction of Self Govt*

9. MILITARY ADMINISTRATION *in the TV + ORC* will be succeeded by CIVIL GOVERNMENT at the earliest possible date, and, as soon as circumstances permit Representative Institutions, leading up to Self-Government will be introduced ~~in the TRANSVAAL and ORANGE RIVER COLONY~~.

10. No Special Tax will be imposed on Landed Property *in the TV + ORC* to defray the Expenses of the War.

*9 The question regarding the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self government.*

'n Verkleinde afbeelding van bladsy twee van die konsepverdrag vir die Vrede van Vereeniging, 1902. 'n Voorbeeld van die handskrif van genl. Hertzog kan heelonder gesien word.

Staatsargief Pretoria TA 45/24

Smuts en Hertzog geformuleerde artikel het die twyfel wat opgesluit was in die oorspronklike formulering, laat verdwyn en daarmee die gaping wat Milner en Chamberlain wou laat, definitief toegemaak. Dit is ~~ook~~ opvallend dat daar tydens die onderhandelings in 1902 geen melding gemaak is van die kleurlinge se posisie nie, terwyl dit in 1901 wel deel uitgemaak van die voorwaardes. Hierdie was die Britse Regering se laaste kans om sy beleid en siening in verband met die kleurlinge en naturelle se politieke regte af te dwing, en Hancock merk tereg op: „When Kitchener, Milner and the British Government accepted the new article they threw away their country's case on what has remained from that day to this the most crucial issue of South African politics. Surrender was not all on the Boer side."[42] Vir die partypolitiek in Transvaal en die Vrystaat was dit natuurlik van besondere betekenis, want toe partye later gestig is, kon op die ou beleid en standpunt van die twee gebiede voortgebou word. In elk geval is verhinder dat die stemregkwessie ook in Transvaal en die Vrystaat die partypolitiek en die naturellekwessie verder kompliseer.

## III DIE MILNERBEWIND

Die einde van die oorlog in Suid-Afrika lui 'n nuwe tydperk in.

---

42 ~~17)~~ Hancock, W.K., op. cit., p.159. ~~ook p. 71 hieronder. Dit~~ bots nie met die Britse beleid wat vanaf die jare 1880-1886 so ver dit die Kaap betref, naturellesake in die hande van die Suid-Afrikaanse regerings gelaat het nie. Direkte bemoeiing was dus nie meer aan die orde van die dag nie en dit was dan ook 'n oorweging ten opsigte van die voormalige Republieke.

waarin rekonstruksie en heropbou in die twee nuwe kroonkolonies die taak word van Milner en sy administrasie en waarin inter-koloniale verhoudinge en probleme op 'n nuwe basis aangepak kon word. In die noorde was dit Milner se eerste en voor-die-hand-liggende taak om die goudmyne, waarvan die ekonomie so afhanklik was, aan die gang te kry.[18] Aan hierdie bedryf was die arbeidsprobleem en naturellevraagstuk onlosmaaklik gekoppel.[19] Tekort aan naturellearbeid[20] het sy pogings om die myne in volle produksie te bring gekortwiek, en hieruit vloei eventueel die invoer van Chinese arbeiders voort, 'n saak wat 'n belangrike rol in die partyvorming in Transvaal sou speel.

Die naturellevraagstuk het die Milner-administrasie se aandag uit die staanspoor opgeëis.[21] Hierdie vraagstuk het as gevolg van onvermydelike voor-oorlogse verwaarlosing veral in Transvaal,[22] na die oorlog uitgegroei tot 'n vraagstuk waarvan die omvang spoedig die besef gebring het dat 'n oplossing op Suid-Afrikaanse skaal noodsaaklik geword het. Milner het homself egter in 'n baie moeilike posisie bevind, want hy moes met druk van verskillende kante rekening hou . Hy het om praktiese redes die status quo in Transvaal

---

18) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, p.622.

19) Thompson, L.M., op.cit., p.13.
Van Biljon, P., op.cit., p.417.

20) Vgl. Spoelstra, B. Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse kolonie in 1907, p.4-8.

21) Rhoodie, N.J. en Venter, H.J. Die apartheidsgedagte, p.107.

22) Van Biljon, P., op. cit., p.391.
De Kiewiet, C.W., op.cit., p.141.

en die Vrystaat gehandhaaf, al was hy persoonlik, in teenstelling met sy vroeëre standpunt[23] die mening toegedaan dat 'n naturel wat 'n sekere beskawingspeil bereik het, toegelaat moes word om „white priviliges" te verkry, „irrespective of his colour".[24] Naas die naturelle-arbeidsvraagstuk het die plakkersprobleem die grootste onmiddellike vraagstuk geskep. Tydens die oorlog het duisende naturelleplakkers hulle op boereplase gaan vestig, en op 'n vergadering van Boereleiers te Sunnyside is gewag gemaak van hierdie ondraaglike toestand. Die Milner-administrasie word in 'n versoekskrif gevra: „..... to make it clear to the natives that no changes shall be made as compared with the treatment of natives under the Boer Government."[25] Verder word daarop gewys dat die naturelle moet besef dat die posisie op plase dieselfde is as wat dit voor die oorlog was. Die plakkersprobleem sou later in die partypolitiek herhaaldelik onder bespreking kom, maar die eerste poging ter oplossing daarvan is ná Unifikasie en wel in 1913, aangewend.

Die optrede van die Milner-bewind in verband met die naturellekwessie in die twee kroonkolonies het die inwoners baie bewus gemaak van die gevare wat hulle tradisionele beleid bedreig het. Milner was geensins die tradisionele beleid goedgesind nie en die inwoners het hom goed dopgehou vir enige afwykings wat mog voorkom. Daarmee is die eie siening opgeskerp en is ook gaandeweg besef dat georganiseerd opgetree moes word om selfregering te verkry sodat onder ande-

---

23) Sien supra p. 25.

24) Colquhoun, A.R. The Africander land, p.80.

25) The Star, 7 Januarie 1903, p.7.

re die naturellekwessie na eie oortuiging en insig aandag kon geniet.

## IV CHAMBERLAIN SE BESOEK

Aan die begin van 1903 bring Chamberlain 'n besoek aan Suid-Afrika en word 'n versoekskrif deur die Boereleiers aan hom oorhandig net na die reeds genoemde byeenkoms te Sunnyside. In die versoekskrif word sy aandag gevestig op „the grave character of the native question", veral as gevolg van die oorlog wat politieke en sosiale onrus meegebring het; en die vraagstuk is, volgens die Boere, „a matter of grave consequence for the white population of South Africa". Hulle eis verder 'n definitiewe beleid, „a firm, thoughtful and just administration of the law to make it plain to the natives that the war altered the relations between the two white races, but not between the white and coloured population of the country."[26)]

Hieruit blyk duidelik wat die toestand in Transvaal was en dat die bevolking nie net 'n oog vir die onmiddellike probleem gehad het nie, maar ook die gevare vir die toekoms besef het. Die versoekskrif illustreer die aktualiteit van die vraagstuk in dié tydperk, maar toon wat die Boere betref aan dat dit vir hulle 'n belangrike kwessie was wat nie by hulle verbygegaan het nie. Trouens, hulle het sterk daaroor gevoel en doelbewus opgetree om ten minste die benarde toestand in verband met die kwessie onder die regering se aandag te

---

26) The Star, 8 Januarie 1903, p.6. (Skrywer onderstreep.)
Scholtz, G.D. Genl. Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914.
(Scholtz skryf, p.105, dat dit die eerste politieke daad van die Transvaalse Afrikaners na die vrede was en op p.106: „Dit was die eerste verteenwoordigende vergadering van die Boere sedert die vrede.")

bring. Dit het ook 'n aanduiding gegee dat die kwessie by latere partyvorming aandag sou geniet.

## V DIE INTER-KOLONIALE TOLKONFERENSIE - 1903

Die ernstige lig waarin die naturellevraagstuk in dié tyd beskou is, word bevestig toe dit 'n bietjie later, in Maart 1903, ingesluit word in die agenda van die Suid-Afrikaanse toluniekonferensie wat te Bloemfontein gehou is en waarop al die Suid-Afrikaanse gebiede verteenwoordig was. Die konferensie, wat ook die moontlike vereniging van die verskillende gebiede in die oog gehad het, het wye belangstelling geniet, en The Star berig byvoorbeeld dat „.... business men are naturally looking forward to the results of the discussions on customs with some anxiety, and the general public are interested in native affairs ..."[27] Hoewel die sitting agter geslote deure plaasgevind het, was dit vroeg reeds duidelik dat die afgevaardigdes dit eens was dat die naturellevraagstuk dringende aandag verdien.[28] Hier het die eensgesindheid ook opgehou.[29]

Die tien resolusies wat uiteindelik in dié verband aangeneem is, het baie duidelik die ou Transvaalse standpunt verteenwoordig, byvoorbeeld „the objects to be arrived at should be his (die naturel se) industrial training and his moral and intellectual improvement."[30]

---

27) The Star, 10 Maart 1903, p.7. (Skrywer onderstreep.)

28) The Star, 17 Maart 1903, p.7.

29) Stanford, Sir Walter. Reminiscences, p.236.

30) The Star, 20 Maart 1903. p.7. (Vgl. ook Het Volk wat dieselfde gedagte in hulle program opgeneem het, p.95 hieronder.)

Uit die verdere resolusies blyk ook dat die naturellegrond en plakkersprobleem, almal sake wat deur die Boereleiers onder Chamberlain se aandag gebring is, ook ter sprake was.[31] 'n Resolusie wat van betekenis is vir latere gebeurtenisse in Transvaal, was die agtste. Hierin word die konklusie gemaak dat daar in Suid-Afrika nie voldoende naturellearbeidspotensiaal is om in die behoeftes van die myne te voorsien nie en dat „under these circumstances it is evident to the conference that the opening of new sources of labour supply is requisite in the interests of all South African states."[32] Dit was Milner se eerste stap om die weg te baan vir die invoer van Chinese arbeiders, soos The Star ook opmerk.[33] Hieruit sou die Chinese kwessie, wat 'n belangrike rol in die partyvorming in Transvaal sou speel, ontstaan; 'n skema wat volgens die Boereleiers die naturellevraagstuk verder sou bemoeilik.

Die belangrikste besluit van die konferensie was egter ongetwyfeld dat 'n Suid-Afrikaanse kommissie van naturellesake saamgestel moes word om 'n basis te skep vir 'n eenvormige naturellebeleid in Suid-Afrika. Dit was 'n stap wat die weg moes baan vir die voorge-

---

31) Vgl. The Star, 7 Januarie 1903, p.7, en 8 Januarie 1903, p.6. Ook supra p. 31.

32) The Star, 20 Maart 1903, p.7.

33) The Star, 21 Maart 1903, p.8 (hoofartikel) „The resolution was carefully guarded but this is what it amounts to in practice." Reeds op 2 Desember 1902 het die Transvaalse Kamer van Mynwese 'n resolusie ten gunste van Chinese arbeid aanvaar en op 3 Desember 1902 bedank Monneypenny, redakteur van The Star, omdat hy 'n verbete teenstander van dié beleid was. Die mynmagnate het The Star beheer en besit.

nome vereniging van die verskillende gebiede. Die voorgestelde kommissie sou saamgestel word uit twee verteenwoordigers elk van die kolonies en een elk van Suid-Rhodesië en Basoetoland. Uitvoering van die opdrag sou deur die benoeming van 'n voorsitter deur die Hoë Kommissaris geskied.[34)]

## VI DIE SUID-AFRIKAANSE NATURELLESAKEKOMMISSIE

### 1. Samestelling, opdrag en verslag

Die „South African Native Affairs Commission", onder die voorsitterskap van Sir Godfrey Lagden, het in 1903 met sy ondersoek begin en in Januarie 1905 sy finale verslag gelewer.[35)]

Die opdrag van die kommissie was betreklik wyd, maar die hoofsaak was die status van die naturel, sy ontwikkeling, die grondkwessie (wat skynbaar as die belangrikste beskou is) en die politieke regte van die naturel.[36)]

Wat die samestelling van die kommissie betref, val dit op dat, met die uitsondering van twee lede, dit heeltemal verteenwoordigend van die Engelssprekende bevolkingsdeel was.[37)] Dit was dan ook 'n beswaar dat slegs twee lede van die Afrikaanssprekende bevolkingsdeel ingesluit is; maar aan die anderkant het dit die oorwegend Engelssprekende kommissie se uiteindelike verslag des te meer bete-

---

34) The Star, 20 Maart 1903, p.7.

35) South African Native Affairs Commission, 1903-1905. Report. (Voortaan sal in die teks hierna as die verslag van die Lagden-kommissie verwys word.)

36) Ibid., deel I, bylae nr. I, p.5.

37) Ibid., p.98.

kenisvol gemaak. Die lede was meestal ervare en bekende persone op die gebied van naturellesake; „gentlemen who have been closely identified with, and in some cases partly responsible for, the existing divergent systems ....."[38]

Die Lagden-kommissie het die hele land deurreis en getuienis aangehoor waarop sy aanbevelings gebaseer sou word.[39] In sy aanbevelings en verslag wat op 30 Januarie 1905 voltooi is, het die kommissie die vernaamste sake gedek wat later in die Unie aandag sou geniet. Die aanbevelings kan daarom ten opsigte van sommige sake met reg beskou word as die fondament waarop in die toekoms gebou sou word. Veral twee sake, gebiedskeiding en politieke regte, het besondere aandag geniet, sake wat vir baie jare 'n strydpunt in die Suid-Afrikaanse politieke partywese sou bly.

Die Lagden-kommissie se uitgangspunt in sover dit gebiedskeiding aangaan, was: „that it is necessary to safeguard what is conceived to be the interests of the Europeans in this country ....."; en om dit te bewerkstellig „.... certain restrictions upon the purchase of land by natives are necessary."[40] Die Kommissie se positiewe standpunt hieromtrent was dat grond „.... set apart as locations, reserves or otherwise should be defined, delimited and re-

---

38) The Star, 24 September 1903.

39) Vir 'n bespreking van die getuienis vgl. Tatz, C.M. Shadow and substance in South Africa, p.6-11; Brookes, E.H. The history of native policy in South Africa, p.132-138 en p.283-287.

40) South African Native Affairs Commission 1903-1905. Report, par. 193, p.35.

served for the natives by legislative enactment."[41] Dit is duidelik die beginsels wat later in 1913 in die wet op naturellegrond beliggaam is.[42]

Wat politieke regte aan naturelle betref, was die Lagden-kommissie opvallend uitgesproke. Deurgaans word die Kommissie se standpunt hieroor gebaseer op die praktiese voorbeeld wat die Kaapkolonie gebied het. Die Kommissie het bewys hoe die naturellestem in 'n groot aantal Kaapse kiesafdelings van beslissende betekenis is en eventueel „... as the native voters increase numerically will enable them to out-vote the Europeans", iets wat na mening van die Kommissie „'n ondraaglike toestand" en „gevaarlike saak" is.[47] Die Kaapse naturellestemregstelsel word onverbiddelik afgekeur as synde „a situation not only immediately unsatisfactory but pregnant with future danger."[48] Die Kommissie was egter ook eensgesind dat die reg nie ontneem kon word nie en stel daarom voor dat slegs die wyse van uitoefening verander word, naamlik „seperate voting by native electors for only a fixed number of members"[49] op aparte kieserslyste vir aparte kandidate, sodat dit in geen opsig die blanke kiesreg en verteenwoordiging sal beïnvloed nie.[50] Daar word niks oor

---

41) Ibid., par. 207, p.39.

42) Die eerste belangrike wetgewing in verband met die naturellekwessie na Uniewording.

43) South African Native Affairs Commission 1903-1905. Report, par. 346, p.94.

47) Ibid., par. 441, p.95.

48) Ibid., par. 434, p.94.

49) Ibid., par. 443, p.96.

50) Ibid., par. 446, p.97.

die kwalifikasies van sodanige verteenwoordiger, blank of nie-blank, gerep nie; dit moes elke gebied blykbaar self uitmaak.[48]

Die naturelleplakkersprobleem wat, soos ons gesien het, veral in Transvaal probleme geskep het, het ook die Kommissie se aandag geniet. Die Kommissie was die mening toegedaan dat, indien die naturellegrondprobleem volgens die beginsels wat hulle neergelê het, opgelos word, die plakkersprobleem ook met welslae uit die weg geruim kan word.[49] Die euwel van onbeheerde plakkery moes beëindig word.

## 2. Implikasies en betekenis van die verslag

Die Lagden-kommissie se verslag was betekenisvol aangesien dit die eerste poging was om 'n oplossing vir die naturellevraagstuk op Suid-Afrikaanse skaal te vind. Belangrik is in die eerste plek dat die gedagte aan gebiedskeiding, soos vroeër in die noordelike gebiede nagestreef, hier 'n Suid-Afrikaanse stempel verkry het, wat dan ook in 1913 wetgewende beslag sou kry. ~~Tweedens is dit~~ Dit is betekenisvol dat die latere omstrede kwessie van stemreg aan naturelle in beginsel nie die Kommissie se goedkeuring wegdra nie, maar, om enigsins by die praktyk wat reeds bestaan het aan te pas, is as gedeeltelike oplossing aparte kieserslyste, ensovoorts voorgestel. Daar is dus wat die stemreg betref, nie tot algehele differensiasie gekom nie soos dit wel in die geval van naturellegrond was. Daar is slegs gepoog om aan die nadelige gevolge van die naturellestemreg te ontkom

48) Loc. cit.

49) Vgl. par. 181, p.32-33 van die verslag van die Lagden-kommissie vir die aanbevelings hieroor.

sonder om die bestaande reg heeltemal weg te neem, of in 'n ander kanaal te lei.

Die volgende beginsels vloei voort uit die aanbevelings van die Kommissie:

Die grondslag van naturellebeleid moet die handhawing van blanke gesag wees.[50)]

Daar kan wel op grond van ras en kleur gedifferensieer word, soos merkbaar uit die aanbevelings oor stemreg.

Aan die naturel moet die een of ander vorm van verteenwoordiging verskaf word. Die Kommissie sien dit as prakties om aan die naturel aparte verteenwoordiging in dieselfde liggame as vir blankes te gee en oorweeg skynbaar geen ander alternatief nie.

Voor Uniewording sou daar van die Lagden-kommissie se aanbevelings niks tereg kom nie. In die algemeen moet die verdeelde toestand in Suid-Afrika as die oorsaak hiervan gesien word, terwyl ook rekening gehou moet word met die feit dat alles spoedig na hierdie verslag toegespits was op onafhanklikheid in Transvaal en die Oranje-Vrystaat en die daaropvolgende aanloop tot Unifikasie.[51)]

Meer in besonder moet egter gelet word op die feit dat die Kom-

---

50) Vgl. Round Table, vol. 13, p.60. Hierdie blad se konklusie oor die verslag en openbare mening op die tydstip is „that any surrender of European supremacy would be a betrayal of the country's future."

51) De Kiewiet, C.W., op cit., p.141. De Kiewiet merk op: „For fifteen years before the Boer War, and for almost the same length of time afterwards, white society was too preoccupied with its own difficulties to pay constructive attention to the natives in their midst."

missie se bevindings in nie een van die gebiede aanvaarbaar was nie. Natal het reeds, by monde van sy verteenwoordigers op die Kommissie, telkens laat blyk dat hulle daarvan verskil.[52] Vir die Kaapse Regering was die aanbevelings oor naturellestemreg onaanvaarbaar[53] en het die aanbevelings van die verslag oor die algemeen te na aan differensiasie beweeg, terwyl dit vir die twee noordelike gebiede weer te ver daarvandaan weg beweeg het.[54] Colquhoun skryf in 1906: „..... the Transvaal and Orange River Colony will never adopt any compromise which concedes the principle that the native should take part in the Government of the country".[55] Die stemregkwessie was dus die grootste struikelblok in die weg van die aanvaarding van die Kommissie se verslag. Dieselfde kwessie het later tydens die Nasionale Konvensie die kern van die stryd oor die naturellevraagstuk gevorm, natuurlik tot nadeel van 'n goeie algemene benadering van die vraagstuk in sy geheel en omvattendheid.

Die uitwerking van die verslag was ook, wat die politieke partye betref, negatief. Geen politieke party het uitdruklik die kommissie se verslag as 'n geskikte oplossing vir die naturellekwessie aanvaar

---

52) Vgl. South African Native Affairs Commission 1903-1905, Report par. 148, 199, 210, 299, 419, 447, ensovoorts.

53) Schreiner, T.L. en Stuart, K.H.R. Separate native representation. Hulle skryf in die tyd dat: „Separate representation would create for the first time in Cape Colonial politics a distinctly white and black line and consequent racial antagonism." Hulle is ook bevrees dat groepvorming onder die naturelle uit afsonderlike verteenwoordiging sal voortvloei.

54) Brookes, E.H., op.cit., p.137.

55) Colquhoun, A.R., op. cit., p.86.

nie. In enkele gevalle is aspekte van die Kommissie se aanbevelings wel in partyprogramme opgeneem, maar sonder om af te wyk van bestaande uitgangspunte. Die kompromis-aanbevelings oor die omstrede stemregkwessie moet ook hier as die rede vir partypolitieke afsydigheid gesien word. In sy onmiddellike uitwerking het die Lagden-verslag dus nie veel meer as 'n beklemtoning van die aktualiteit van die naturellekwessie bereik nie. Dit is ongelukkig ook waar dat die kompromis-reëling in verband met naturellestemreg bygedra het tot die verharding van partystandpunte ten opsigte hiervan en dit kort voor die Nasionale Konvensie.

## VII TRANSVAAL EN DIE VRYSTAAT KRY SELFREGERING

In dieselfde jaar as wat die verslag verskyn het, verkry Transvaal sy onafhanklikheid en in 1907 ook die Oranje-Vrystaat. In beide gevalle word stemreg tot blanke mans beperk. Die enigste voorbehoud wat die Britse Regering gestel het, was dat enige wet wat beperkings gelê het wat nie ook op blankes van toepassing was nie, vir goedkeuring deur die Britse Regering gereserveer moes word; dit kom neer op dieselfde posisie as wat vanaf 1893 in Natal bestaan het.[56] Hierdie bepaling het eers met Uniewording verval.

Hiermee is die status quo, vir sover dit die Transvaalse en Vrystaatse naturellebeleid betref, prakties gehandhaaf soos dit voor die oorlog was.

---

56) Eybers, G.W., op. cit., p.212.

## VIII SAMEVATTING

Gedurende die tydperk 1902 tot ongeveer 1908 het sekere omstandighede dus die naturellevraagstuk op die voorgrond gedring en ander het dit weer op die agtergrond gehou. Daar was egter onmiskenbaar 'n algemene bewuswording van die erns van hierdie vraagstuk, veral onmiddellik na die oorlog. Die tydperk word ook gekenmerk deur duidelike strewe na 'n aanvaarbare oplossing vir die hele Suid-Afrika.

Die betekenis van die gebeurtenisse en ontwikkelinge vir die partypolitiek, was veral die feit dat die vraagstuk daardeur op die voorgrond gedring is. Dit was 'n aktuele probleem ten opsigte waarvan die partye hulle moes verantwoord. Beleidsformulering by partye sou ook met dié tendens, naamlik dat 'n Suid-Afrikaanse benadering nodig geword het, rekening moes hou. In die lig van die feit dat botsende uitganspunte reeds vir baie jare bestaan het, kon egter verwag word dat die aanvaarding van 'n bepaalde uitgangspunt vir die hele Suid-Afrika 'n strydpunt in die partypolitiek sou wees.

Wat gedurende hierdie tydperk ten opsigte van die vraagstuk gebeur het, sou ongetwyfeld ook 'n stempel afdruk op die verdere ontwikkeling daarvan, selfs gedurende die eerste jare van die Unie. Ongelukkig sou dit, wat die Nasionale Konvensie betref, negatief van aard wees omdat bestaande verskille geaksentueer en aspekte van die vraagstuk ten koste van die geheel beklemtoon is.

In hierdie fase vorm die verslag van die Lagden-Kommissie 'n hoogtepunt in die bewuswording en pogings tot oplossing van die vraagstuk, maar tegelyk was dit ook die stadium waarop die verskillende gebiede elkeen meer oortuig geraak het van die goeie hoedanighede

van hulle eie stelsels 'n bewuswording wat gelei het tot ongenaakbaarheid aan alle kante. Die feit dat 'n kompromis op die duur onmoontlik sou wees, het veral ná die Lagden-verslag op die voorgrond getree, en dit was duidelik 'n situasie waarin die een of die ander beleidsrigting (integrasie of skeiding) vroeër of later sou moes swig om sodoende tot 'n vaste en konsekwente beginsel en beleid te kom. Kompromis in die ware sin van die woord was baie duidelik op hierdie stadium reeds prakties en teoreties onmoontlik.[57)]

* * *

Tot op hierdie stadium is aandag geskenk aan enkele belangrike aspekte in verband met die naturellekwessie wat vir die naturellebeleid van die politieke partye voor Unifikasie van belang was. Hierdie aspekte is natuurlik ook van belang vir naturellebeleid selfs tot vandag toe, omdat hier in baie gevalle die fondamente vir latere beleidsrigtings en optrede gevind word.

Verder sal nou hoofsaaklik histories-chronologies en ontledend nagegaan word hoe die verskillende politieke partye in Suid-Afrika voor 1908 die naturellekwessie in hulle beleidsformulering gehanteer het, terwyl deurgaans uit die aard van die saak ook met die algemene

---

57) Colquhoun, A.R., op. cit., p.79. Hy skryf in 1906: „The spirit of compromise prevades South Africa at the present moment, but what we want in dealing with native affairs is to go to the bedrock, and introduce a policy which has an element of finality about it. No one who is conversant with South African opinion will believe that there is finality in any scheme which is not founded on certain principles on which compromise is ultimately impossible." (Skrywer onderstreep.)

geskiedenis en in besonder die politieke geskiedenis rekening gehou sal word. Sommige belangrike aspekte is reeds in die voorafgaande hoofstukke behandel en hierna sal waar nodig, terugverwys word.

---oOo---

# HOOFSTUK 4

## DIE POLITIEKE PARTYWESE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE KAAPKOLONIE TOT 1908

### I INLEIDING

Die eerste politieke partye in Suid-Afrika het in die Kaapkolonie tot stand gekom. Reeds voor die verkryging van verteenwoordigende bestuur in 1853 was dáár al politieke groepe werksaam. In die jare na 1853 tot met die stigting van die eerste politieke party teen die einde van die sewentigerjare het verskillende politieke bewegings verteenwoordigend van hoofsaaklik seksionele belange ontstaan. Daar was egter geen sprake van partyvorming vóór 1878 nie, en bewegings wat voor die datum ontstaan het, kan selfs nie sonder meer as politieke belangegroepe geklassifiseer word nie. Die eerste politieke party het eers na 1880 vorm aangeneem, hoewel selfregering, geskoei op die Britse lees, wat partyregering en politieke partye geïmpliseer het, reeds in 1872 toegeken is.[1)]

Die ontstaan van 'n politieke party, die Afrikanerbond, ná 1878, is enigsins verrassend as die omstandighede vóór 1878 in berekening gebring word. Politieke partye was tot op dié stadium onbekend aan die

---

1) Traagheid tot politieke partyvorming en gebrek aan belangstelling moet waarskynlik toegeskryf word aan die klein of beperkte kieserskorps, die relatief beperkte omvang van regeringsaktiwiteite en die uitgestrektheid en yl bevolkte gebied. Hierby moet, wat die Hollandssprekendes betref, die onverskillige houding ten opsigte van regeringsaangeleenthede voortvloeiende uit Britse optrede en die eentalige (Engels) parlement in gedagte gehou word. Vgl. Du Toit, J.D. Ds. S.J. du Toit in weg en werk, p. 148-149.

Kaap terwyl die party nou juis onder die vroeër politiek-afsydige Hollandssprekende bevolkingselement tot stand kom. Die feit dat die party reeds op 'n baie vroeë stadium buite die Kaap, in die Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek wortel geskied het, maak dit nog meer betekenisvol. Die party is ongetwyfeld as eerste politieke party van die grootste belang nie net vir die Kaap nie maar vir die hele Suid-Afrika. Dit is só omdat dit ook buite die Kaap gevestig geraak het en dus 'n invloed gehad het op latere partyvorming in die genoemde twee gebiede.

Die Kaapse politiek het ook 'n Brits-georiënteerde politieke party in die tydperk voor 1908 opgelewer. Dit is die Progressiewe Party wat net voor die einde van die 19de eeu tot stand gekom het. Saam met die Afrikanerbond vorm laasgenoemde party die belangrikste partypolitieke organisasies voor 1908. Hoe elk van die partye die naturellekwessie in hulle bestaansgeskiedenis gehanteer en benader het, kan nou nagegaan word.

## II DIE AFRIKANERBOND

### 1. Die naturellekwessie in die ontstaansperiode

Die politieke party kom tot stand nadat ds. S.J. du Toit in Junie 1879 52) 'n oproep gedoen het om „'n Afrikaner Bond" te stig „waarin al wat Afrikaner is, sig kan tuis voel en samewerk tot heil van 'n Verenigde Suid-Afrika";

> „'n Afrikaner-Bond, waarin geen nasionaliteit ons van mekaar skei nie, maar waarin almal wat Afrika erken as hulle Vaderland,

---

52) Die eerste tak is in Julie 1880 te Hopetown gestig.

same woon en werk as broeders van een huis, al is hulle van Engelse, Hollandse, Franse of Duitse afkoms ....."[3]

Hoewel ds. Du Toit in sy oproep geen melding maak van nie-blanke kiesers en hulle plek in die voorgestelde party nie, is dit uit sy oproep duidelik dat hy met hulle in hierdie verband en op hierdie stadium nie rekening gehou het nie. Die woorde „geen nasionaliteit" en „almal wat Afrika erken as hulle Vaderland" word uitdruklik gekwalifiseer met „van Engelse, Hollandse, Franse of Duitse afkoms."

In sy voorgestelde „Program van Beginselen" het ds. Du Toit hom in Februarie 1882 duidelik tot die „Europeanen, voornamelijk Hollanders en Hugenoten gerig".[4] In art. X van die program eis hy hervorming van die kiesstelsel en verhoging van die kieskwalifikasies „om de zedelose omkoperij van het belangeloos gepeupel te voorkomen." ~~Art. X word toegelig in sy bespreking en verklaring van elke artikel in die program~~[5], en hier neem hy onomwonde standpunt in téén die beginsel van naturellestemreg. Hy vra: „...... zullen wij ons maar lijdelijk laten onverstroomen door dien zwarten vloed?" en antwoord dan:

> „Ons Program wijst ten minste een middel hiertegen, zij het al niet het middel. Want de ware weg tot zelfbehoud is ook hier reiniging van de bron: de Constitutie moet of herroepen of gewijzigd (worden). Zwart en wit kunnen niet gelijk gesteld worden bij de stembus in Zuid-Afrika .... de eenige weg is dus: dat de blanken het uitsluitend kiesrecht hebben, ge-

3) ~~Du Toit, J.D., op. cit.,~~ p.~~143~~. ~~(Skrywer onderstreep.)~~

4) Ibid., p.186-189.
Hofmeyr, J.H. Het leven van J.H. Hofmeyr, p.230.

5) Du Toit, S.J. Program van beginselen van de Nationale Partij.

lijk in Vrijstaat en Transvaal."

„Maar dat zullen de Philipijnen (ondersteuners van dr. Philip se beleid en beskouing) in Engeland nooit gedoogen. En wat blijft ons dan over? Niets anders dan ‚verhooging van kiesrecht,' waardoor wij dan toch het laagste straatgepeupel en kantienvolk uitsluiten."[6] Verhoging van kiesreg was dus slegs'n poging om „het kwaad althans tijdelijk te stuiten."[7]

Oor naturellebeleid in die algemeen is sy uitgangspunt in art. XVIII dat die vraagstuk deur Suid-Afrika self opgelos moet word en dat die „verwikkelingen in onze Inboorlingkwestiën grootendeels haar ontstaan verschuldigd zijn aan een onbetaamlike inmenging van de Britse Ryksregering."[8] Suid-Afrika se beleid moet gegrond wees op „recht en gerechtigheid" omdat hy meen dat wat tot op die stadium gebeur het, onregverdig was en nie in die belang van die naturel nie, byvoorbeeld die anneksasiebeleid, die inmenging in Natal en Basoetoland ensovoorts.[9] Verder moet rekening gehou word met „de van God gestelde en in de maatschappij erkende rangen en standen,"[10] waarmee hy bedoel dat die naturelle op 'n ander vlak staan as die blanke en dienooreenkomstig anders behandel moet word, synde 'n ander klas. Differensiasie vorm dus die grondslag van die Afrikanerbond se aanvanklike benadering tot die naturellekwessie.

---

6) ~~Ibid., p.65. (Skrywer onderstreep.)~~

7) Ibid., p.66. (Skrywer onderstreep.)

8) Du Toit, J.D., op. cit., p.123-124.

9) Ibid., p.115-124.

10) Du Toit, S.J., op. cit., (Program art. XVIII.)

Die waarde en noodsaaklikheid van 'n konsekwente naturellebeleid word deur ds. Du Toit ook baie sterk beklemtoon, maar hy voorsien dat „zoolang eigenbelangzuchtige agenten de naturellen tegen elkaar afspelen of tegen de Afrikaners opsweepen, zoolang zullen zij geen vaste, bestendige naturellen-politiek hebben." Hierdie „konsekwente" beleid sou nie bereik kon word solank die naturel 'n faktor in die verkiesings van die kolonie gebly het nie.[11)]

Ds. Du Toit se Program van Beginsels is met die vereniging van die Bond en die „Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermings vereeniging" deur die toedoen van J.H. Hofmeyr op die agtergrond geskuif; maar op hierdie stadium was ds. Du Toit reeds in Transvaal en D.F. du Toit, sy broer, was toe leier van die Bond. Hy het op die verenigingskongres voorgestel dat die konstitusie, soos die van Transvaal wat reeds opgestel en aanvaar was, lidmaatskap tot blankes moes beperk.[12)] Hierdie voorstel is deur Hofmeyr, wat intussen ook lid van die Bond geword het maar tegelyk die leier en stigter van die „Boerenbescher-

---

11) Ibid., p.65. Dié aspekte van ds. Du Toit se voorgestelde beleid vir die Afrikanerbond soos verteenwoordig in sy „Program van Beginselen" geniet nie aandag in die werk van Davenport, T.R.H. The Afrikanerbond, 1880 - 1911 nie. Die argument om ds. Du Toit se „Program van Beginselen" te beskou as van minder betekenis aangesien dit nooit amptelik aanvaar is nie, mag hier die oorweging gewees het, maar dit gee tog gestalte aan die beskouing van ds. Du Toit en sy ondersteuners en hoort baie beslis tuis by die stigtingsfase, voor die amalgamasie met die Hofmeyr-groep. Slegs ds. Du Toit se vertrek na Transvaal het waarskynlik verhoed dat die program, as 'n uitgebreider verwerking van die aanvanklike program, deur die Bond aanvaar is.

12) Coetzee, J. Albert, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.125.
Prof. D.W. Krüger gee in sy werk South African parties and policies op p. IX 'n foutiewe uiteensetting van die ontstaan van die Afrikanerbond. Ds. S.J. du Toit se stigting van die Afrikanerbond en J.H. Hofmeyr se Boerebeskermingsvereniging word met mekaar verwar en dit laat die indruk dat J.H.Hofmeyr die vader van die Bond was.

mingsvereeniging" was, teengestaan.[13] Sy argument was (hy was toe reeds vanaf 1879 parlementslid) dat dit in die komende verkiesing nadelig vir die Bond kon wees en veral deur die Engelse groep uitgebuit kon word. Verder dat die kleurlinge in sommige distrikte van beslissende betekenis was en dat die Bond, met so 'n standpunt, die kleurlingstem in sy geheel kon verloor. Sy benadering tot die kleurvraagstuk blyk baie duidelik uit sy laaste gedagte, naamlik „wat het uitsluiten van gekleurden verder betref ken de spreker ettelijke blanken die hy liever uit den Bond sloot dan menigen ordentelijken kleurling."[14] Gevolglik word art. 1 van die konstitusie: „De Bond kent geene nationaliteit hoegenaamd, dan alleen die der Afrikaanders, en beschouwt als daartoe te behooren een ieder, van welke afkomst ook, die de welvaart van Zuid-Afrika beoogt."[15] Die meerderheid van die Bondslede op die kongres was nie ten gunste van hierdie artikel nie, maar het dit aanvaar enersyds om verdeeldheid te voorkom en andersyds omdat die saak nie belangrik genoeg geag is om dit deur te dryf teen die eenstemmige Boerevereniging nie.[16] Die begrip „Afrikaanders" het nou dus teoreties ook naturelle- en kleurlingkiesers ingesluit en baie ver weg

---

13) Loc. cit. Vgl. ook Du Plessis, J.H.O. Die ontstaan van politieke partye in die Kaapkolonie tot 1885, hoofstuk 16, p.9.

14) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.125.

15) Hofmeyr, J.H., op. cit., bylae (4), p.712. (Skrywer onderstreep.) Art. IV bepaal: „Als gewoon lid van de Bond mag men worden toegelaten overeenkomstig bepalingen door de verschillende Provincieën vast te stellen." Dit is so omskryf om byvoorbeeld Transvaal vry te stel van die bepaling in art. XI wat bepaal het dat elke gebied sy werksaamhede kon reël mits dit nie in stryd is met hierdie algemene konstitusie nie.

16) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.125.

gestaan van ds. Du Toit se „Hollanders en Hugenoten."

Hierdie teoretiese frontverandering moet egter nie as 'n algehele praktiese liberalisering van die Bond gesien word nie. Dit is wel waar dat die kleurling, omdat hy min of meer dieselfde taal en kultuur as die Hollandse Afrikaner gehad het, geredelik aanvaar is vir sover dit die besit van politieke regte betref, maar in die praktyk is hulle nooit tot die Bond toegelaat nie.[17] Hofmeyr het nooit aan die beginsel van gelyke politieke regte getwyfel nie, maar was wel teen die metode gekant. Sy standpunt was dat die verhoging van kieskwalifikasies op diskriminasie sou neerkom,[18] en daarom verklaar hy, in ooreenstemming met sy standpunt van 1883, dat met die naturelle gehandel moet word „zoals de graad van hun ontwikkeling vereist"[19] en dat 'n aantal stemme aan 'n kieser toegeken moes word in verhouding tot sy besit.[20] Hier het hy veral die naturel in gedagte gehad. Hy het nooit in hierdie verband direk na die kleurlinge verwys nie, miskien omdat sy eie kiesafdeling 'n groot persentasie kleurlinge ingesluit het.[21] (In 1892 het hulle sestig persent van die kieserskorps in sy kiesafdeling, Stellenbosch, uitgemaak). Hofmeyr se liberale uitkyk op hierdie vraagstuk het egter nie meegebring dat

---

17) Hofmeyr, J.H., op. cit., p.342.

18) Ibid., p.313.

19) Ibid., p.258.

20) Ibid., p.313. Vgl. ook die konsepprogram van beginsels van 1886, bylae B, p.22 van die 1886-kongresnotule. Vgl. ook Wilmot, A. The history of our own times in South Africa, vol. III, p.31.

21) Coetzee, J. Albert op. cit., p.162.

die Bond steun verkry het onder die naturelle wat veral in die Oostelike Distrikte, waar die Bond swak was, gekonsentreer was nie. Trouens, Hofmeyr as mondstuk van die Bond, kon met sy beleid nie die meer konserwatiewe benadering van sy volgelinge op die agtergrond druk nie. Op feitlik elke kongres van die Bond vanaf 1883 tot 1892 is mosies ingedien en aanvaar om die verhoging van die stemkwalifikasies te bewerkstellig,[22] en die Bond moet gesien word as die enigste organisasie aan wie die uiteindelike verhoging in 1892 te danke was. Die Bond kon ten spyte van sy sterkte nie die posisie bereik waarin hy as meerderheidsgroep alleen hierdie wetgewing sou kon deurvoer nie, wat staan nog die algehele opheffing van die gelykheidsbeginsel. Die oorwinning vir die Bond se konserwatiewes lê egter daarin dat hulle die voorstanders van die gelykheidsbeginsel in die posisie kon plaas waarin hulle hulself kon regverdig met die standpunt dat die „beginsel" nie geskend is nie, dit wil sê toe die kieskwalifikasies in 1892 verhoog is en 'n beskawingskwalifikasie bygevoeg is.

Dit moet egter hier in gedagte gehou word dat die Bond nie in 'n tydperk bestaan het waarin die naturellevraagstuk die belangrikste partypolitieke geskilpunt uitgemaak het nie. Rhodes het egter reeds in 1887 die opmerking gemaak dat „the big test question for South Africa, if we wanted to make parties in our legislature, must be the Native question. There was no other question parties could be devided on."[23] Die politiek is op dié stadium nog oorheers deur ander strydpunte waaronder ekonomiese vraagstukke, imperiale inmenging en spoorweg-, doeane-

---

22) Vgl. Kongresnotules, 1883 - 1892.

23) The State, vol. VIII, Nov. 1912, p.425.

en belastingsgeskille met ander gebiede. Verskille wat in die Bond oor die naturellevraagstuk bestaan het, is dus uit die aard van die omstandighede nie maklik op die voorgrond gedring nie. Verder was die neiging van die Engelse pers om enige konserwatiewe standpunt ten opsigte van die naturelle uit te buit,[24)] nie bevorderlik vir die vrye bespreking van die vraagstuk nie. Tog was daar onder die Bond se verteenwoordigers in die parlement altyd 'n paar wat dit gewaag het om na die beleid van die Republieke as die ideale te verwys.[25)]

2. Die Bond en naturellebeleid in die praktyk

Die verskil van mening binne die Bond en die pragmatistiese benadering van Hofmeyr as leier het by verskeie geleenthede duidelik op die voorgrond getree, onder andere toe die Bond Rhodes ondersteun het in die debat oor die Glen Grey-wet van 1894. Rhodes het die naturellevraagstuk gebruik as „the rallying point of his shattered forces". Goedkoop naturellearbeid vir die oorwegend boereondersteunde Bond, verseker deur 'n werkloosheidsbelasting, verslapping van regulasies ten opsigte van die vervreemding van naturellegrond en drank vir naturelle was van die omstrede bepalings.[26)] Die Bond het nie wal gegooi nie. (Hofmeyr was afwesig na Kanada.) Die konserwatiewe element in die Bond is verder gestreel toe Rhodes tydens die debat verklaar het: „I hold that the natives should be apart from the

---

24) Coetzee, J. Albert op. cit., p.162.
Haasbroek, D.J.P. Die ontstaan van die nie-blanke stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrika Wet in 1909, p.117.

25) Coetzee, J. Albert op. cit., p.164.
Broodryk, H.H. Kykies in die politiek, p.72.

26) Molteno, Sir. J.T. The dominion of Afrikanerdom, p.47.

white man and not mixed up with them,"[27] en ter wille van hierdie regsgesinde lede, „the worst elements" volgens Molteno,[28] het hy verder gegaan en gesê: „.... we fail utterly when we put the natives on an equality with ourselves."[29] In die lig van Hofmeyr se bekende beskawingsnorm is dit feitlik ondenkbaar dat Rhodes hierdie woorde in eersgenoemde se teenwoordigheid sou gebesig het. Dit bied egter goeie grond vir die veronderstelling dat die konserwatiewe element in die Bond redelik sterk was en dat die Bond sonder Hofmeyr waarskynlik nie so ná aan die liberale rigting sou beweeg het nie. Molteno se genoemde opmerking bied verdere steun vir hierdie bewering, en Hancock merk dan ook heeltemal tereg op: „As regards Native policy, there existed within the Bond some diversity of opinion ..."[30] Dat hierdie groep egter baie negatief in hul benadering moes gewees het, spreek uit die afwesigheid van enige positiewe voorstelle ten opsigte van die naturellevraagstuk uit die Bond se geledere, en die „blessed unconcern with doctrine" wat daar later by die Bond bestaan het.[31] Die negatiewe houding spreek egter ook uit Hofmeyr se argumente oor die Bond se vermyding van regeringsverantwoordelikheid, naamlik dat dit die verdeeldheid van die Bond sou aksentueer.[32]

---

27) Bell, F.W. The native as a political factor and the native franchise, p.8.

28) Molteno, Sir. J.T., op. cit., p.47.

29) Bell, F.W., op. cit., p.8.

30) Hancock, W.K. Smuts, Vol. I, p.52. (Skrywer onderstreep.)

31) Loc. cit.

32) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.136.
Molteno, Sir. J.T., op. cit., p.27.

3. Die Bond en die Suid-Afrikaanse Party

Na die val van Rhodes in 1896 het die Bond op parlementêre vlak deel geword van 'n breër groep, die Suid-Afrikaanse Party.[33] Hiertoe het ook nie-lede van die Bond, onder andere Merriman en Sauer, wat 'n liberale standpunt ten opsigte van naturellebeleid gehandhaaf het, behoort. Eersgenoemde het egter eers ná die Nasionale Konvensie 'n oortuigde ondersteuner van die naturellestemreg en liberale kamp geword; voor die tyd was dit eerder vir hom in 'n mindere mate as vir Hofmeyr[34] 'n „veiligheidsklep",[35] en het hy hom voor 1910 nie altyd konsekwent by die liberale standpunt gehou nie.[36] Dié parlementêre groepering het die liberale leiding van die Afrikanerbond versterk, want lede wat nou indirek ook tot die Bond behoort het, was Sauer, Merriman, Molteno en Richard Solomon, almal min of meer oortuigde ondersteuners van 'n liberale naturellebeleid en behoud van gelyke politieke regte en almal ervare en bekwame politici wat vir die Bond, wat mank gegaan het aan goed onderlegde en ervare manne, in 'n belangrike behoefte voorsien het.

Van hierdie leiers het F.S. Malan, Sauer en Merriman voor die Unie by herhaling verklaar dat hulle by die beginsel van gelyke politieke regte staan. Daarmee is die indruk gewek dat die hele Bond

---

33) Molteno, Sir. J.T., op. cit., pp.128, 140.

34) Hofmeyr, J.H., op. cit., p.690-691.

35) Thompson, L.M., op. cit., p.118.
Ross, B.K. A study of politics in the Cape Colony from January 1908 - May 1910, p.118.

36) Vgl. byvoorbeeld Neame, L.E. White man's Africa, p.34.
Anon. A question of colour. Titelpagina.

hierdie beleid steun. Dit is wel waar dat die Bond na 1892 redelik ongeërg was oor die stemregkwessie, maar F.S. Malan se verklaring: „I would not like to see the colour line in South Africa" en Merriman s'n: „I beleive the one thing we are all agreed on in this country (Kaapkolonie) is that we have adopted this course and this course I could not under any circumstances retreat from"[37] kan nie aanvaar word as verteenwoordigend van die hele Bond nie. Dit geld ook die getuienis van Merriman en Sauer (later leiers van die Suid-Afrikaanse Party) voor die Suid-Afrikaanse Naturellesakekommissie.[38] Die balans word herstel as gelet word op die standpunt van twee Bondslede op die Nasionale Konvensie, te wete H.C. van Heerden en G.H. Maasdorp, wat hulle uitgespreek het teen die beginsel van gelyke politieke regte.[39]

4. Samevatting

Daar moet dus tot die slotsom gekom word dat die Bond sedert die toetrede van Hofmeyr en sy Boerebeskermingsvereniging in die algemeen, en ten opsigte van naturellebeleid in die besonder, wegbeweeg het van die aanvanklik meer beginselvaste koers van ds. S.J. du Toit en sy ondersteuners. Hofmeyr se taktiek was byvoorbeeld om

---

37) Aangehaal in „Report of the Commission of enquiry regarding Cape Coloured population of the Union," U.G. 54. 1937., p.224.

38) Vgl. die Lagden-kommissie verslag, Vol. IV.

39) Preller, J.F. Die konvensie-dagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan, 1908 - 1909, p.55-56.
Walton, E.H. The inner history of the National Convention of South Africa, p.140-141.

ds. Du Toit se program van beginsels[40] voorlopig te laat oorstaan om eers in 1889 weer daarop terug te kom en dit toe af te water tot 'n program wat nie meer vergelykbaar met die oorspronklike was nie.

Die Bond het ook die pragmatistiese politiek van sy leier geredelik aanvaar omdat die naturellekwessie maklik deur die Progressiewe Party (aanvanklik Engelse groepe) en deur die Engelse Pers uitgebuit is. Verder omdat die Bond se eie posisie as party veral vanaf 1886 en kort voor 1908 delikaat was as gevolg van verskillende grenssetels en 'n taamlike gelykop getalsterkte ten opsigte van die opposisie in die Parlement. Hier moet ook die feit genoem word dat daar geen leier wat die S.J. du Toit-benadering kon voortsit, na vore gekom het nie; trouens 'n algemene gebrek aan 'n verteenwoordigende leierskorps by die Bond is deurgaans opvallend.

Die Bond was te midde van die delikate partypolitieke verhouding versigtig om nie kontraste te aksentueer nie. Daarom kom die Party nooit tot 'n definitiewe beginselstandpunt ten opsigte van die naturellevraagstuk nie. Die feit dat die naturelle stemreg besit het, het ook hiertoe bygedra en veroorsaak dat die vraagstuk altyd benader is met dié konstitusionele feit in gedagte. Dit het 'n objektiewe siening van die vraagstuk bemoeilik indien nie onmoontlik gemaak nie, soos dit ook geblyk het tydens die debat oor die Glen Grey-wetgewing.[41] In 'n regeringstelsel waarin die meerderheid regeer het, moes die naturellestem noodwendig kommer vir die toekoms laat

---

40) In 1887 verklaar Di Patriot nog dat daar twee partye in die Bond is, naamlik „die oorspronklike party van die boere vereeniging" en „Ons", dit wil sê die Bond. Vgl. Coetzee, J. Albert, op. cit., p.147.

41) Vergelyk Davenport, T.R.H. op. cit., p.154-155.

ontstaan het, iets wat dan ook veral tot 1892 die geval was, maar ook kort voor 1910 weer op die voorgrond begin tree het, en dit moes noodwendig 'n negatiewe benadering bevorder.

Die Bond het dus te kampe gehad met 'n vir hom onaanvaarbare konstitusionele beginsel wat nòg deur die Britse Regering nòg deur 'n groot deel van die Engelse bevolking en selfs deur sommige in sy eie geledere prysgegee sou word, en gevolglik is die enigste alternatief, verhoging van die stemkwalifikasies, noodwendig tot vervelens toe bepleit.

Aan die ander kant het die Bond maklik die samewerking van die anti-imperialiste soos Sauer, Molteno, Merriman en andere binne die nuwe Suid-Afrikaanse (parlementêre) Party aanvaar toe die politieke situasie dit nodig gemaak het, soos in 1898 toe die Bond wou verhoed dat die Progressiewes aan bewind kom. Omdat die meeste van dié here van die naturelle- en kleurlingstem afhanklik was, moes die Bond self versigtig optree om die stem van die kleurling en naturel vir hierdie „bedfellows" te behou.

In die algemeen kan ook gekonstateer word dat die naturellestemreg glad nie bevorderlik was vir die verhouding tussen Engelse en Afrikaners nie.[42] Dit tesame met die Britse-imperiale inmenging in Suid-Afrika het die Kaapse politieke partywese in twee uiterste groepe laat polariseer: pro-imperiaal teenoor anti-imperiaal, met veral die naturellekwessie en met name stemreg as mededingingsfaktor

---

42) In 1892 het Hofmeyr self in die Parlement verklaar hy hoop dat die verhoogde stemkwalifikasies die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes sal bevorder. Vgl. Coetzee, J. Albert, op. cit., p.164.

hoofsaaklik tydens verkiesings. Die Bond het dus as eerste politieke party in Suid-Afrika vanaf 1883 deur die aanwesigheid van die twee faktore geleidelik meer onder die liberaliste se invloed gekom; maar tog het die beginselvaste konserwatiewe element van voor 1883 altyd aanwesig gebly, hoewel hulle nooit daarin geslaag het om 'n uitgesproke segsman in die hoër kringe van die party na vore te bring nie. Die latere optrede van Van Heerden en Maasdorp in die Nasionale Konvensie blyk dus glad nie so inkonsekwent en uitsonderlik te wees nie: dit was inderdaad die eerste noemenswaardige standpunt op die hoogste vlak, van die oorspronklike kern van die Afrikanerbond.

Ons kan dus inderdaad reeds by die Afrikanderbond die wortels vind van politieke partye wat na Uniewording in Suid-Afrika tot stand gekom het.

## III DIE KAAPSE PROGRESSIEWE PARTY

Anders as onder die Hollandssprekende bevolkingsgroep het politieke partyvorming onder die Engelssprekendes eers betekenisvolle vorm aangeneem nadat die imperiale faktor 'n dominante rol in die Kaapse politiek begin speel het, dit wil sê met die stigting van die Progressiewe Party in 1898. Daar het dus in die tydperk 1880 tot 1894, waarin belangrike wetgewing ten opsigte van die kiesreg en naturelle oorweeg en aangeneem is, geen politieke party in die volle sin van die woord onder die Engelssprekende bevolking bestaan nie, hoewel daar daadwerklik gepoog is om dit so ver te bring.[43] Tog

43) Sien hiervoor die werk van Sank, Y.P. The origin and development of the Cape Progressive Party, 1884 - 1898.
Vgl. ook Van der Schyff, P.F. Die Unioniste-Party in die Suid-Afrikaanse politiek, 1910-21, hoofstuk 1, p.1-7.

kan daar gepraat word van 'n liberale rigting onder hierdie bevolkingsdeel, wat hoewel nie altyd georganiseerd nie, as die draers en beskermers van die naturellebelange en regte telkens na vore getree het hoofsaaklik by monde van J. Rose-Innes, Saul Solomon, Walton, en later W. P. Schreiner en in 'n mindere mate Rhodes, Jameson, Sprigg en andere.[44)]

1. Voorlopers van die Progressiewe party se naturellebeleid

In die organisasies en groeperings wat die stigting van die Progressiewe Party voorafgegaan het, het standpunte ten opsigte van kleur, ras, politieke regte en die naturellekwessie dikwels 'n prominente plek beklee. Die eerste poging na die totstandkoming van die Afrikanerbond was die South African Confederation Union van 1883 wat in die Oostelike Distrikte, waar die naturelleprobleem aktueel was, tot stand gekom het. Hier was die naturellekwessie die eerste punt op die agenda.[45)]

In 1884 volg die Empire League, sogenaamd 'n nie-politieke organisasie, met lidmaatskap oop vir almal "...... without distinction of national origin or colour ......" Dit was bedoel om Rhodes se imperiale belange te dien.[46)] Hierdie organisasie sou die basis vorm vir die latere Progressiewe Party. Reeds met die stigting is dit verwelkom as 'n teenvoeter vir die Afrikanerbond.[47)]

---

44) Vgl. Scholtz, G.D. Die bedreiging van die liberalisme, p.37-39.

45) Sank, Y.P., op. cit., p.11.

46) Ibid., bylae B. art. 9 van die Konstitusie van 1886.

47) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.194.

Hierna volg daar nog verskillende pogings, waaronder die parlementêre Progressiewe Party en die South African Political Association. Eersgenoemde verklaar in 1893 dat individuele grondbesit vir naturelle toegestaan moes word, en verder bepleit dit „..... a policy of firmness coupled with justice" ten opsigte van die naturelle.[48] Laasgenoemde organisasie het in 1895 onder die leiding van J. Rose-Innes tot stand gekom met „..... a native policy, which though firm, shall be moderate and just ....." en 'n bepaling, waarvoor Rose-Innes persoonlik verantwoordelik was, naamlik dat sterk drank nie vir naturelle beskikbaar gestel moes word nie.[49] Verder het die program, soos ook dié van die parlementêre Progressiewe Party, bepaal dat almal, ongeag kleur of ras, lid van die vereniging kon word.[50]

Die South African Political Association is deur Merriman, Sauer, Molteno en ander nie-lede van die Bond, wat almal 'n liberale opvatting ten opsigte van die naturellekwessie daarop nagehou het, met belangstelling gevolg, en hulle het selfs by geleentheid op die verhoog verskyn tydens vergaderings van die ‚Association', maar al gou aanstoot geneem aan hulle sterk „anti-Dutch"-neiging.[51] Hiermee is

---

48) Sank, Y.P., op. cit., p.65.

49) Ibid., p.94. Die artikel is waarskynlik opgeneem na aanleiding van die omstrede „drank-klousule" van die Glen Grey-wet van 1894; en ons tref dit ook hierna aan in die program van die Progressive Electoral Committee, die South African League, die Progressiewe en latere Unionisteparty en dit word eventueel opgeneem in die Suid-Afrika Wet van 1910 (Vgl. Skedule). Dit is 'n beginsel wat teruggevoer kan word na een van die hoekstene van die Britse koloniale beleid, naamlik die weerhouding van „fireworks" and „fire water" van die inboorlinge.

50) Ibid., p.101.

51. Ibid., p.102.

dit egter duidelik dat die voorlopers van die Kaapse Progressiewe Party, wat die naturellekwessie betref, 'n sterk liberale tradisie gehad het.

## 2. Die Progressiewe Party

Na die Jamesoninval vorm die imperiaalgesindes in 1896 die South African League onder A.J. Fuller, weer eens in die Oostelike Distrikte.[52) ] Hierdie beweging het uitgeloop op die stigting van die Progressiewe Party in 1898.[53)] Die League het baie vinnig gegroei en nog in 1896 'n konstitusie aanvaar wat lidmaatskap oopstel vir „all citizens of this Colony, irrespective of race, who shall not concurrently be connected with the Afrikaner Bond."[54)] Tegelyk word Rhodes se dade ook goedgekeur en kom daar met hierdie beweging „'n nuwe en onnatuurlike verdeling in die Suid-Afrikaanse partypolitiek ......"[55)] Op 'n kongres in 1897 reik die League 'n verklaring van beginsels uit waarvan die tweede oor die kwessie van gelyke regte handel, naamlik : „This League holds it to be

> an essential principle of good government that all inhabitants of any State or Colony, unconvicted of crime shall be regarded as having an inherent right to equal political and civil privileges, without regard to race, birthplace, or religious belief, subject only to such conditions of education, or ownership or occupation of property, as may be imposed by the laws of the

---

52) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.199.

53) Van der Schyff, P.F., op. cit., p.5.

54) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.201. Dit sluit dus die Merrimans, Sauers, ens., dit wil sê die anti-imperiale Engelse,uitdruklik uit.

55) Van der Schyff, P.F., op. cit., p.5.

state or Colony in which they may reside. Provided always that this shall not be held to mitigate against the right of any State or Colony to restrict the franchise in the case of Immigrants to those who are natives of countries possessing Parliamentary Institutions."[56] Hoewel hierdie verklaring van „menseregte" natuurlik 'n verwysing was na die toestand in Transvaal, het dit ook (al was dit op die stadium miskien nie so bedoel nie) die Progressiewe Party se standpunt ten opsigte van nie-blanke regte bepaal. Dr. Stanley Hartley het by hierdie geleentheid as voorsitter, verwysende na die interne kwessies van die kolonie, 'n beroep gedoen dat 'n Progressiewe Party met 'n beleid van „progressive liberalism and modern thought" gevorm moes word.[57] Dit gebeur dan ook in 1898 en Rhodes tree hiervandaan op as leier van 'n verenigde organisasie.[58]

In die verkiesing van Maart 1898 word die betekenis van bogenoemde verklaring van menseregte duidelik, as die Progressiewe Party aanvanklik „Equal rights for every white man South of the Zambezi" as slagspreuk gebruik.[59] Op 'n vergadering te Klipdam op 1 Augustus 1898 het die kleurlinge Rhodes gevra om die slagspreuk te verduidelik. Op sy vraag of hulle meen hulle is ook geregtig op gelyke regte, antwoord hulle bevestigend waarop Rhodes dan verklaar dat hy

---

56) Opgeneem by Sank, Y.P., op. cit., as bylae D. (Skrywer onderstreep.)

57) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.202. Coetzee haal die Dispatch van 24 Februarie 1897 aan.

58) Van der Schyff, P.F., op. cit., p.5.

59) Sank, Y.P., op. cit., p.206. (Skrywer onderstreep.) Dit word aan Rhodes toegeskryf.

die slagspreuk wysig na „Equal rights for every civilized man South of the Zambezi."[60) ] Hoewel Rhodes se pragmatistiese benadering hieruit duidelik blyk, was sy verklaring in wese heeltemal in ooreenstemming met die gees van die League se verklaring.[61)]

Hiermee het die progressiewe seksie, wat as ongeorganiseerde opposisie vanaf 1880 feitlik konsekwent wetgewing van die regering ten opsigte van naturelle en naturellestemreg geopponeer het, formeel sy standpunt bevestig. Die beskuldiging dat die regering die Kaapse stelsel sou vervang met dié van die Republieke,[62)] kry nou in die plek van die negatiewe opposisie-benadering 'n liberale inhoud. Rhodes en ander partygenote wat vroeër bedenkinge oor die politieke regte van die naturel gehad het, het klaarblyklik daarvan afgesien. Die nuwe bedeling word gekenmerk deur 'n politieke konstellasie van gematigde Suid-Afrikaans-nasionale teenoor die pro-Britse imperiaal-

---

60) Cape Times, 3 Augustus 1898, soos aangehaal deur Sank, Y.P., op. cit., p. 206. Dus 'n frontverandering by Rhodes. Vgl. p. 53-54 supra.

61) Die leiers van die League was deurgaans inwoners van die Oostelike Distrikte waar die organisasie ontstaan het. Verteenwoordigers van die Oostelike Distrikte het feitlik almal in 1892 die wysiging van die kieswet teengestaan. Vgl. Sank, Y.P., op. cit., p.46.

62) Haasbroek, D.J.P. Die ontstaan van die nie-blanke stemreg. Haasbroek verwys op verskillende plekke, onder andere op pp. 106, 120, 146 en 108, na die opposisie se beskuldigings dat die Afrikanerbond, Rhodes, Hofmeyr en andere die verhoging van kieskwalifikasies en selfs die afskaffing van naturellestemreg voorstaan omdat die Bond se kandidate in kiesafdelings waar die naturelle die meerderheid vorm, telkens verslaan word. Die naturellekwessie en in besonder die stemregkwessie het dus in die Kaap al, net soos later in die Unie, 'n partypolitieke speelbal geword vir gewin van die party wat die afskaffing van die regte teengestaan het.

gesinde benadering. In die omstandighede het onder andere Rhodes, ná die verhoging van die kieskwalifikasies in 1892, blykbaar kans gesien om 'n heeltemal liberale beskouing betreffende die naturellestemregkwessie daarop na te hou. Die feit dat 'n kieser na 1892 „civilized" en niks anders sou wees nie, was skynbaar genoegsame aanpassing. Die vroeëre gedagte van Rhodes dat die naturel eiesoortig en apart moes ontwikkel, was in die nuwe omstandighede in elk geval vir Rhodes en sy partygenote nie meer praktiese politiek nie.

Vanaf 1895 het die naturellekwessie in die Kaapse partypolitiek op die agtergrond geraak en tot 1908 het ander sake die politiek oorheers.[63)] Tog was daar verskillende geleenthede, veral na 1902, waar die standpunte van partye gestel kon word. Deurgaans het die Kaapse verteenwoordigers op inter-koloniale geleenthede uit een mond gepraat as die naturellekwessie ter sprake gekom het. Dat daar egter tog 'n verskil in benadering tussen die partye tot die hele kwessie was, blyk uit 'n opmerking wat in 1902 in die Kaapse Parlement gemaak is na aanleiding waarvan Molteno, hoewel nie 'n lid van die Bond nie, 'n beskuldiging verwerp het, naamlik „that the Bondsmen were leagued together to oppress the natives of this country."[64)] Dit was egter steeds die Progressiewes se beskuldiging teen die Bond.

Teen 1904 was die leierskap van die Progressiewe Party, wat in September 1904 die naam South African Unionist Party aangeneem het,[65)] in die hande van Jameson, en alhoewel hy nie 'n oortuigde ondersteu-

63) Vgl. Van Biljon, P. Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika, p.416.

64) Molteno, Sir. J.T. Further South African recollections, p.47.

65) Van der Schyff, P.F., op. cit., p.6.

ner van „equal rights for all civilized men" was nie,[66] het die werklike kragte in die party, dr. Smartt, Edgar Walton, Crewe en andere[67] baie sterk vir die beginsel gestaan.[68] Die Progressiewes was van 1904 tot 1908 aan bewind,en hulle het in dié tydperk, veral deur die toedoen van Jameson, 'n baie sterk imperialisties-kapitalistiese kleur verkry sodat die politieke skeidslyn in die Kaap in hierdie tyd ook saamgeval het met die verskille tussen Afrikaner en Engelsman, soos geaksentueer deur die Anglo-Boereoorlog. Die verskil tussen die partye ten opsigte van die naturellevraagstuk was, in die breë gesien, nie groot nie. Beide partye het byvoorbeeld die Kaapse naturellestemreg aanvaar en onderskryf; maar tog was daar by die Progressiewe Party 'n meer liberale benadering en kan met reg beweer word dat die Progressiewes ten opsigte van die vraagstuk meer links georiënteerd was as die Bond en Suid-Afrikaanse Party.[69]

### 3. Samevatting

Opsommend kan gekonstateer word dat die Progressiewe Party (Unioniste-party) deurgaans die standpunt ingeneem het, hoewel negatief, dat daar nie gediskrimineer moet word nie, terwyl die posi-

---

66) Ross, B.K., op. cit., p.118.

67) Molteno, Sir. J.T., op. cit., p.87.

68) U.G. 54 - 1937, op.cit., p.224. Vgl. Walton se sterk standpunt ten opsigte van „equal rights for all civilized men" as synde 'n „vital principle" in 1907 teenoor Jameson se kompromitterende standpunt aan die begin van 1908. Op. cit., p.224.
Van der Schyff, P.F., op. cit., p.84.

69) Dit word duidelik geïllustreer deur die reeds genoemde opmerkings van Molteno, p. 65 supra.

tiewe aspek van die liberaliste se beleid, naamlik gelykstelling, nooit op die voorgrond gedring is nie omdat hulle ook soos ander nie die konsekwensies daarvan vir sover dit die naturelle aanbetref, vir die blankes kon aanvaar nie, in elk geval nie op daardie stadium van ontwikkeling nie. Molteno gee 'n goeie samevatting van die liberaliste se benadering as hy verklaar: „In his early stage of civilization the native requires firmness with justice; in his more advanced and civilized stage the great hope and inducement held out of the equal rights, the equal treatment and sympathy of civilization."[70) As dit gesien word as die standpunt van die minder ekstremistiese element binne die kamp van die voorstanders van 'n liberale naturellepolitiek (Molteno was 'n lid van die opposisie tot die imperiale faktor op die toneel verskyn het) en dit vergelyk word met die liberale spits van die Afrikanerbond, verklaar dit waarom die Kaap in die jare kort voor Uniewording na buite die indruk kon gee dat alle partye oor hierdie vraagstuk uit een mond gepraat het.

Die Progressiewe Party het sedert sy ontstaan en in sy voorgeskiedenis konsekwent die beginsel van „equal rights for all civilized men irrespective of colour" gehandhaaf en hierin ook die ondersteuning van 'n aantal lede van die Suid-Afrikaanse Party geniet. Tog moet die ontstaan en beleid van hierdie Party uit die Oostelike Distrikte, wat vroeër baie teen die naturellestemreg gekant was maar dit later in verkiesings ten koste van die Afrikanerbond uitgebuit het, gesien word as grotendeels voortvloeiende uit die konstitusionele beginsel van gelyke politieke regte. Dit is 'n beginsel wat ook ná 1898 vir Rhodes 'n handige politieke instrument geword het om die

---

70) Molteno, Sir. J.T. The dominion of Afrikanerdom. p.49.

Afrikanerbond te beveg: dus nie soseer 'n politieke uitgangspunt, wat hulle self gekonsipieer het nie, maar 'n praktiese situasie wat hulle aanvaar en verdedig het. Die ontplooiing van 'n werklik liberale beleid met 'n positiewe, doelgerigte inhoud ontbreek nog veelal. 'n Mens kom maar telkens tot die besef dat 'n hoë mate van pragmatisme by die Party aanwesig was en geen besondere mate van idealisme en beginselgeoriënteerdheid nie.

## IV SAAMVATTENDE OORSIG OOR DIE LIBERALISTIESE NATURELLEBELEID IN DIE KAAPSE PARTYPOLITIEK

Aanvanklik, soos in 1828 en weer in 1853, is daar in die Kaap met die kleurling rekening gehou. Toe was die naturelle nog nie 'n noemenswaardige faktor in die Kaapse politiek nie. Hulle is as vreemdelinge, as 'n aparte groep, beskou wat buite of op die grense van die Kaap woon. Langsamerhand word hulle egter 'n faktor; van 'n grensprobleem word hulle later 'n probleem van interne administrasie, ontwikkel hulle van 'n Britse imperiale probleem tot 'n Kaapse en Suid-Afrikaanse probleem. In die fase waarin die kwessie oorgaan van 'n grensprobleem na 'n administratiewe probleem vir die Kaap, dit wil sê tussen 1853 en 1894, is die gebrek aan 'n konstruktiewe en konsekwente beleid sprekend. Dit is 'n fase van gedurige wisselwerking tussen twee beskouings: eerstens dat die naturelle wat feitlik vreemdelinge voor die helfte van die 19de eeu was, buite die raamwerk van die Kaapse staatsinrigting en dus buite die politiek val; tweedens dat die konstitusioneel aanvaarde beginsel van gelykstelling, wat aangeneem is toe slegs die aanvaarbare kultuurgelyksoortige kleurlinge 'n faktor was, ook op die naturel oorgedra moet word. Daarom

was daar, voordat die naturelle 'n faktor en selfs beslissende faktor in die partypolitieke stryd geword het, onder die Engelssprekendes, veral in die Oostelike Distrikte, verset teen politieke regte vir die naturelle. Toe dit egter van betekenis word in die stryd teen die Afrikanerbond, dit wil sê teen die anti-imperiale party, het die Engelse, wat ten gunste van die imperiale rigting was, die naturellestem teen die Bond gebruik. Dié Engelse word dus nou verdedigers van 'n beginsel wat vir hulle vroeër, toe die naturel aanvanklik op die politieke toneel verskyn het, nie heeltemal aanvaarbaar was nie.[71)]

Daar was in die Kaap natuurlik altyd diegene wat die situasie ook prinsipieel aanvaar en geregverdig het, maar hulle het eers lank na die helfte van die 19de eeu die grootste deel van die Engelssprekende bevolking agter hulle gekry. Aan die begin was dié persone dr. Philip, John Montagu, Stockenström en Fairbairn. Later word dit Innes, dr. Hartley, Walton, Merriman en andere; en op die stadium toe ook die Engelse verdeeld begin raak het oor die imperiale kwessie, kry ons byvoorbeeld 'n Merriman saam met die Afrikaanse ondersteuners van die beginsel, Hofmeyr, Sauer, F.S. Malan en andere in die kamp van die Afrikanerbond en wel in 'n leidende posisie. Dit is aanvaar, nie omdat die lede van die Bond heelhartig ondersteuners van hierdie beginsel was wat wel deur hulle leiers aangehang is nie, maar omdat dit toe nie in die politiek daarom gegaan het nie. Ander sake, toe belangrik, het hierdie saak 'n ondergeskikte plek laat inneem. Hieruit vloei ook voort die „laissez faire"-beleid van die Kaap ten opsigte van die naturellestemreg, maar veral ten opsigte van die hele naturellekwessie ná 1894. Die sogenaamde status quo-benadering kom

71) Haasbroek, D.P.J., op. cit., p.151-152.

hier reeds na vore.

Die grootste bydraende faktor tot die naturellestemregvraagstuk, afgesien van die beginsel van gelyke regte, was natuurlik die grondbeleid. Die beleid het van 'n aanvanklike skeiding tussen wit en swart tot 'n neutrale skeidingstrook, en daarna tot gemengde woongebied gevorder, en uiteindelik ook, deur die toedoen van Grey, die Britse en die Kaapse Regering gelei tot die lank vermyde, halfhartige aanvaarding van jurisdiksie oor die naturellestamme. Hierdie toedrag van sake loop oplaas noodwendig uit op die uitbreiding van verteenwoordiging in die Kaapse Parlement. Dit was 'n logiese konsekwensie van die beleid wat na 1877 (die Negende Kafferoorlog) gevolg is, (dit wil sê anneksasie van die Transkei, 1879 - 1886, en Pondoland in 1894). Hoewel ten opsigte van hierdie nuwe gebiede administratiewe differensiasie toegepas is, is dit nie gedoen ten opsigte van politieke regte nie; slegs die besitskwalifikasie is gewysig sodat kommunale besit nie langer as 'n beantwoording aan die vereistes aanvaar is nie. Die beginsel van gelyke regte is dus deurgevoer, maar wysiging ten opsigte van kommunale besit was by implikasie ook 'n erkenning van die beginsel van differensiasie, iets wat verder gevoer is in die Glen Grey-wet van 1894. Hiermee word daar dus iets teenstrydigs in die Kaapse naturellepolitiek ingevoer, 'n rigting wat baie jare later vollediger en meer konsekwent toegepas sou word en ook vir differensiasie op die gebied van politieke regte geldend sou wees. Dit is natuurlik ook 'n bewys dat die liberale beleid prakties nie deurgedryf is tot sy logiese konsekwensie nie.

Die volgehoue druk van die Afrikanerbond op die verhoging van

die stemregkwalifikasies en die konserwatiewe uitkyk van die grootste deel van sy lede het by die insluiting van meer naturellegebiede effektief geblyk. Rhodes en sy volgelinge was ook nie op daardie stadium vir die liberaliste se gelykheidsbeginsel te vinde nie, omdat hy van die Bond afhanklik was. Hulle is so daartoe gebring om af te wyk van die Kaapse beginsel van gelyke politieke regte, en te differensieer toe voorsiening gemaak moes word vir administratiewe en „konstitusionele" inskakeling van die geannekseerde gebiede, die luide protes van die opposisie ten spyt.

Dit was verder ook die stadium waarop die Britse Regering die naturellevraagstuk as 'n Suid-Afrikaanse probleem begin sien het en dit gelaat het in die hande van die verskillende regerings. Hierdie Britse benadering het dan ook noodwendig, al het die Britse Regering nog probeer om sy invloed te laat geld, die verloop van die Vrede van Vereeniging in 1902 ten opsigte van die naturelle en naturellestemregkwessie bepaal. Hiermee seevier die standpunt van S.J. du Toit[72] (1882), dié van pres. Kruger (1882)[73] en dié van Rhodes (teen 1890), hoewel dit vir laasgenoemde natuurlik vir sy eie ekonomiese en politieke belange van betekenis was. Samevattend kan die konklusie gemaak word dat wat die partypolitiek betref, die gelykheidsbeginsel prakties nie ver gevorder het nie. Die partye het in 'n meerdere of mindere mate die beginsel teoreties in hulle programme opgeneem en lidmaatskap vir alle rasse oopgestel maar prakties feit-

---

72) supra p.47-48.

73) Van Oordt, J.F. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.385.

lik niks gedoen om die naturel te betrek nie. Trouens, wat die partywese as sodanig betref, kan die naturel as 'n buitestander beskou word wat net tydens verkiesings deur die blanke politieke partye gebruik is in hulle onderlinge stryd, dikwels met gepaardgaande wanpraktyke. Ons het hier hoegenaamd nie te doen met die suiwer uitdifferensiëring van 'n liberale integrasiebeleid nie, en die mate waarin dit teoreties wel uitgekristalliseer het, moet aan enkele persone eerder as aan politieke partye gekoppel word. Die papier waarop die partyprogramme gedruk is, was geduldig en teoreties idealisties, maar daarby het dit gebly.

Standpunte ten gunste van die naturellestemreg, die enigste praktiese aspek van die liberale gelykstellingspolitiek, het na 1894 in toenemende mate 'n tradisie geword, 'n staatsregtelike praktyk sonder duidelike partypolitieke fundering en beleidsdiepte wat op 'n duidelik gewortelde beginsel berus het. Daarom was dit vir die Kaapse politieke partye later moeilik om hulle teenoor die res van Suid-Afrika met 'n werklik gemotiveerde en oortuigde verdediging van die Kaapse liberale tradisie te verantwoord. Die praktyk en die tradisie was daar, maar die beginsel het hulle grootliks met die lepel ingekry en nie self ontplooi nie.

Aan die ander kant het die Kaapse beleid ten opsigte van die naturellekwessie 'n tweeslagtigheid vertoon wat 'n suiwer benadering op die een of ander beginsel bemoeilik het. Terwyl enersyds min werklike vordering, behalwe ten opsigte van stemgetalle, met die implementering van die liberale uitgangspunt gemaak is, is andersyds die immer aanwesige konserwatiewe benadering belemmer. Die praktie-

se werklikheid het voorkom dat aan laasgenoemde uitgangspunt 'n behoorlike positiewe inhoud gegee kon word. Prakties is wel gedifferensieer, onder andere deur die aanvaarding van die Glen Grey-wetgewing, maar hoewel dit inderdaad 'n erkenning van die eiesoortigheid van die naturel was, is dit as 'n oorgangsmaatreël voorgehou. Dit was die metode om die nog onbeskaafde naturel voorlopig te administreer.

Onder die partypolitieke leiers aan altwee kante is die „beskawingsnorm" as spoorslag vir geleidelike integrasie op politieke gebied aanvaar. Wat die uiteindelike resultaat van die benadering sou wees, was vir hulle nie duidelik nie, maar die oortuiging het in elk geval bestaan dat dit jare lank nie 'n probleem sou wees nie. Tog is geglo dat die blanke die leisels in die hande moes hou, en 'n tydperk waarin dit nie die geval sou wees nie, is skynbaar nie voorsien nie.

Die sterkste argument, wat steeds in dié tyd vir die behoud en uitbreiding van die Kaapse stelsel aangebied is, was kort voor 1908 die geskiedenis. Die politieke leiers het, by gebrek aan beter argumente, later herhaaldelik daarop gewys dat sedert 1853 geen probleme met die stelsel ondervind is nie. Dit het goed genoeg gewerk, was die argument. Dieselfde kon egter van die aspekte van die Kaapse beleid, waar wel gedifferensieer is, gesê word; maar dit is nie gedoen nie, omdat die naturel 'n politieke faktor was.

Voor 1908 het daar dus geen suiwer beleidsrigting ten opsigte van die naturellekwessie in die Kaap uitgedifferensieer nie. Die liberale rigting was prakties sterk omdat partypolitieke leiers dit

onderskryf het, maar teoreties en prakties was die beleidsrigting nog onvolledig. Die sluimerende differensiasierigting was, deur die bestaande praktyk, van die politieke platforms afwesig, juis omdat dit in die partypolitieke stryd die partyverhoudinge kon versteur, want die naturel was immers reeds 'n faktor by die stembus. Geeneen van die twee politieke partye sou dus later, as Suid-Afrika verenig, 'n volledige en verantwoorde beleid ten opsigte van die naturellekwessie kon voorlê nie. Die Kaap self was reeds gefrustreer wat naturellebeleid betref, en die status quo-beleid wat na 1894 gevolg is, sou ál wees wat hulle kon aanbied.

---oOo---

HOOFSTUK 5

# DIE POLITIEKE PARTYE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN TRANSVAAL 1902 - 1908

Die naturellebeleid van politieke partye in Transvaal sal nagegaan word ten opsigte van partye wat ná 1902 ontstaan het. Enkele opmerkings oor die situasie vóór 1902 sal ter inleiding gemaak word, maar vir agtergrondsdoeleindes moet hoofstuk 2 en veral hoofstuk 3 hierbo daarmee saam gelees word.

Vóór 1902 was daar feitlik geen politieke partyvorming in Transvaal nie. Hierdie feit bring nie mee dat ontwikkelinge op politieke gebied vóór 1902 vir die doeleindes van die studie geïgnoreer kan word nie. Dit het egter wel die implikasie dat besondere aandag aan die geskiedenis en ontstaan van politieke partye ná 1902 gegee sal moet word, want dit is enersyds 'n nuwe verskynsel en andersyds is naturellebeleid in die kort tydperk tot 1908 heg verweef met die stigtingsgeskiedenis en ontwikkeling van politieke partye. Eerstens word dan 'n blik op die tydperk vóór 1902 gewerp.

## I DIE POSISIE VÓÓR 1902

Om die volgende redes kan met 'n paar opmerkings oor die naturellebeleid van politieke partye en groeperings voor die Tweede Vryheidsoorlog volstaan word:

Eerstens het die verskille tussen die „partye" (die sogenaamde Konserwatiewe Party wat pres. Kruger ondersteun het en die Progressiewe Party wat Piet Joubert ondersteun het, was eintlik los groepe-

ringe om persone) glad nie gegaan om naturellebeleid nie. Daar was hieroor nie botsende standpunte en politieke stryd nie. Almal het die beginsels in die grondwet ten opsigte van die saak aanvaar en mekaar gevind in die praktiese implementering daarvan.[1)]

Tweedens kan met enkele opmerkings oor die vooroorlogse groeperings volstaan word aangesien die groeperings of partyskappe ná die oorlog nie in dieselfde vorm bly voortbestaan het nie. Daar moet hier egter verwys word na enkele betekenisvolle aspekte en resultate van die vooroorlogse partye en groepe wat van waarde was vir die partye en partyvorming ná die oorlog:

(i) Dit het gedien as 'n waardevolle ervaringsbron waaruit die na-oorlogse partypolitieke bewegings kon put. Dit verklaar ook waarom, afgesien van ander omstandigheidsfaktore, politieke partye so maklik en so vinnig georganiseerd op die toneel kon verskyn na 1902.

(ii) Daar was in die Z.A.R. geen politieke partye of politieke groepe van betekenis wat uitdruklik gelyke politieke regte vir naturelle bepleit het nie. Die Transvaal National Union, die politieke organisasie van die

---

1) In die Zuid-Afrikaansche Republiek is daarna gestreef om gebiede vir die verskillende naturellestamme af te baken, maar die militêre gevaar van naturelle in gekonsolideerde gebiede, enersyds, en die behoefte aan arbeid vir die landbouers en die latere toestroming van baie naturelle na die snelgroeiende stede, andersyds, het die konsekwente implementering van dié beleid gekortwiek. Dit het teenstrydighede meegebring en later was die omstandighede vanweë die botsings met Britse imperialisme ook heeltemal ongunstig vir die toepassing van dié beleid.

uitlanders onder leiding van Charles Leonard, het wel aangedring op gelyke regte met betrekking tot stemreg vir die uitlanders, maar nie-blankes is in hierdie eis nie uitdruklik vermeld nie,[2] hoewel die eweknie van hierdie beweging in die Kaap, waaraan Leonard ook 'n aandeel gehad het, te wete die Empire League, wel die beginsel uitdruklik tot sy logiese konsekwensies gevoer het.[3] Die Transvaal National Union het egter geen geleentheid laat verbygaan om die Z.A.R. se naturellebeleid as onderdrukkend voor te stel nie.[4] Hierdie beweging hêt dan ook veel bygedra tot die opvatting dat die Z.A.R. se naturellebeleid teenoor dié van die Kaap en die Britse Regering nie anders as onderdrukking kon wees nie, omdat dit nie liberaal was nie. So is die opvatting dus versterk dat die kontras tussen Suid en Noord in Suid-Afrika ten opsigte van die naturellebeleid een van liberalisme teenoor onderdrukking was. In werklikheid het dit egter op dié beginselverskil neergekom,naamlik dat die Suide beskawingspeil as norm vir assimilering in die blanke politiek en eventueel in die gemeenskap aanvaar het (as 'n logiese uitvloeisel van die 19de-eeuse liberalistiese gelykheidsidee),

---

2) Leonard, C. Papers on the political situation in South Africa, 1885 - 1895. p.23-28 (Manifes) en p.241.

3) Sien supra p. 60.

4) Leonard, C., op.cit., pp.31, 106-108.

terwyl die Noorde die behoud van eie identiteit, aanvanklik met klem op blanke beskerming, as riglyn aanvaar het. Op dié wyse is ook die naturellestamverband en eie regeringstelsel behou en beskerm.

(iii) Dit is verder van belang om daarop te wys dat die Transvaalse konstitusie van die Afrikanerbond lidmaatskap tot blankes beperk het,[5] hoewel daar aanvanklik, met die stigting van die eerste takke in Transvaal, twyfelagtig en inkonsekwent ten opsigte van die saak opgetree is.[6] Dit is miskien goed om hier op te merk dat die Progressiewe groep in Transvaal, dit wil sê die Joubert-Botha mense, aktief met die Bond in die Transvaal gemoeid was.[7] Kmdt-genl. Joubert, as leier en oprigter, was bereid om die beginsel van die Bond in die Kaap (dit wil sê ná toetrede van die Hofmeyrgroep), naamlik om die deur wyd oop te maak en alle nasionaliteite toe te laat, te aanvaar. Die 1885-konstitusie in Transvaal (soos ds. Du Toit se oorspronklike konstitusie) het egter differensiasie as uitgangspunt aanvaar,[8] maar die 1886-konstitusie wat vir Transvaal deur die

---

5) Coetzee, J. Albert, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.125. (Die 1885-konstitusie in Transvaal: „De Bond vestigt zich onder de blanke bevolking van geheel Zuid-Afrika.")

6) Ibid., pp.223, 228.

7) Ibid., p.222. Die groep se beleid word gekarakteriseer as 'n beleid van progressiewe liberalisme.

8) Ibid., p.228.

sentrale bestuur van die Bond opgestel is, is later tog met die ope deur vir gekleurdes goedgekeur.[9) ] Teen hierdie tyd was die Bond in Transvaal egter reeds besig om onder te gaan en was daar teen 1887 nie meer veel noemenswaardig van die Bondsorganisasie in Transvaal oor nie.[10)] Die kleurkwessie was vir die Transvaalse Bondsondersteuners en vir die leiers in die besonder dus blykbaar maar 'n middelmatige saak. Stemreg beperk tot blankes het egter verhoed dat die aangeleentheid praktiese konsekwensies en betekenis verkry het. Dit is wel sô dat die standpunt ten opsigte van uitsluiting van gekleurdes onder die ondersteuners sterker was as by die leiers.[11)] Die saak het vir die Transvalers egter meer om die nasionale eenheidsaspirasies van die Bond as enigiets anders gesentreer, en hierdie aspek was vir hulle eintlik nie ter sake nie.

Die betekenisvolste bydrae van die Afrikanerbond in Transvaal was, uit die oogpunt van die politieke partywese gesien, die opvoedkundige waarde daarvan. Dit het aan die Transvalers ervaring gebied op die terrein van politieke organisasies. Opvallend dat die

---

9) Ibid., p.223-224.

10) Ibid., p.233.

11) Dit is interessant om hier op te merk dat ds. S.J. du Toit sekretaris van die Bond in Transvaal was, toe die Transvaalse Bondskonstitusie aanvaar is en dat die bewoording ooreenkom met sy oorspronklike program van 1881, naamlik 'n Bond vir <u>blankes</u> in Suid-Afrika.

latere Het Volk-beweging juis onder die leiding en uit die geledere van die vroeëre Progressiewe groep, wat gemoeid was met die Afrikanerbondorganisasie in Transvaal, te voorskyn getree het.

Transvaal se inwoners, en in elk geval al die Boere, het dus die oorlog binnegegaan met 'n diep gewortelde tradisie van geen gelykstelling en politieke regte aan nie-blankes nie, meer nog, met die oortuiging dat die naturellebevolking onder die toesig en voogdy van die blankes gestaan het en moes bly. So het hulle in 1902 na die vredestafel gegaan en daar verseker dat die ontplooiing van 'n naturellebeleid die eksklusiewe reg van 'n selfregerende bevolking sou bly.

Die naturellebeleid van die verskillende politieke partye in Transvaal na 1902 kan nou nagegaan word.

## II HET VOLK EN DIE NATURELLEKWESSIE

### 1. Die naturellekwessie in die aanloop tot die eerste kongres

In die ontstaan en geskiedenis van die Het Volk-beweging het die naturelle-, Chinese- en Indiërkwessie 'n belangrike rol gespeel. Die naturellevraagstuk in die algemeen en die arbeidsvraagstuk op die Witwatersrandse goudmyne en op boereplase in die besonder is deur die oorlog vererger, en die vraagstuk het spoedig op die voorgrond getree as een wat dringende aandag verdien het. Daar is reeds aangetoon dat met die Vrede van Vereeniging die voormalige Republieke daarin geslaag het om die verlening van politieke regte aan naturelle'n saak te maak waaroor die blanke inwoners self sou beslis.[12]

12) Sien supra p.24-29.

Hoewel hierdie bepaling in die vredesooreenkoms van groot waarde en betekenis sou wees vir latere ontwikkelinge in Suid-Afrika, het dit natuurlik niks bygedra tot die oplossing van vraagstukke wat veral deur die oorlog ontstaan het nie; dit het slegs voorkom dat die gekompliseerde toestand en probleme in verband met naturellegrondbesit, -plakkery,-arbeid, ensovoorts nie méér ingewikkeld sou word as wat dit reeds was nie.[13)]

Dat die Boereleiers egter die erns van die naturellevraagstuk na die oorlog wel deeglik besef het, blyk reeds uit 'n onderhoud met Chamberlain aan die begin van 1903.[14)] Hulle moes egter die naturellevraagstuk laat in die hande van die nuwe administrasie onder Milner, waaraan hulle geen deel gehad het of wou hê nie, omdat hulle nie mede-aanspreeklik vir Milner se foute wou wees nie. Dit het vir genls. Botha, Smuts, De la Rey en andere voordelig gelyk om nie aan die benoemde Wetgewende Raad, wat vroeg in 1903 ingestel is, deel te neem nie, sodat hulle hul hande vry kon hê om te sorg vir die belange van die volk. Hiermee is 'n opposisie buite die Wetgewende Raad dus feitlik outomaties gevorm, en dit kan met reg beskou word as die begin van die Het Volk-beweging.

Die optrede van Milner in verband met die naturellekwessie was

---

13) In 'n brief aan W.T. Stead, Januarie 1902, skryf Smuts dat die oorlog tussen Boer en Brit sal verbygaan, „But the native question will never pass away, it will become more difficult as time goes on and the day may come when the evils and horrors of this war will appear as nothing in comparison with its after effects produced on the native mind." Hancock, W.K. Smuts, bd. 1, p.149.

14) Sien supra p. 32-33.

van besondere belang veral vir die wordende Het Volk-party. Een van die eerste maatreëls van Milner en die Wetgewende Raad was die instelling van verkose plaaslike besture of munisipale instellings, en hier het die „opposisie" buite die Wetgewende Raad se effektiwiteit duidelik geblyk toe voorkom is dat aan nie-blankes stemreg in plaaslike aangeleenthede verleen is.[15] Milner se standpunt in 'n toespraak hieroor was, dat „civilization as against the rotten and indefensible ground of colour" die norm ter verkryging van stemreg moes wees.[16] Sy uitgangspunt was: „if you base the supremacy of the white man upon his civilization", hoe kan die stemreg dan aan ander, wat daarin geslaag het om dieselfde beskawingspeil te bereik,geweier word.[17] Hy voeg hom by diegene wat ten gunste is van die „extention of popular liberties." Dit, sê hy, is wat die sege van die Britse idee in die land beteken.[18]

Die verlening van stedelike stemreg, waarmee die verlening van stemreg aan nie-blankes in die Kaap in 1836 begin het, sou natuurlik neergekom het op 'n flagrante skending van die vredesverdrag. In elk geval was die blanke openbare mening, soos hy self erken het,[19] gekant hierteen, hoewel hy stedelike stemreg nie as politieke regte

---

15) Preller, G.S. Agt jaar s'n politiek, p.11. (Die opsteller van die betrokke wetgewing was Sir R. Solomon, later Botha se verteenwoordiger in Londen, en 'n oud-Kapenaar. Vgl. The Star, 22 Junie 1907).

16) Headlam, C., red. The Milner papers, bd. 2, p.467 (18 Mei 1903).

17) Ibid., p.468.

18) Ibid., p.469.

19) Loc. cit.

beskou het nie.[20] Gelukkig was die Boereleiers wat dié saak betref, vinnig om die bedreiging wat dit vir die tradisionele beleid ingehou het, raak te sien en is 'n gevaarlike presedent betyds voorkom.

'n Ander saak wat die Transvaalse Boerebevolking vroeg reeds met wantroue vervul het, was die aanduidings dat Milner die tekort aan naturellearbeid op die myne met ingevoerde Asiatiese arbeid wou verlig. Toe dit begin duidelik word dat die mynbelange, wat 'n oorheersende posisie in die Wetgewende Raad beklee het, hulle sin gaan kry, het die ontevredenheid met die Milner-administrasie 'n hoogtepunt bereik. Die publiek se aandrang dat byeenkomste gehou moes word om die Milner-administrasie se optrede op verskillende terreine te bespreek, het die Boeregeneraals van alle kante bereik, en die voorgestelde invoer van Chinese het hier die deurslag gegee. Genl. Botha kondig op 6 Junie 1903 in <u>De Volkstem</u> aan dat, in antwoord op die aandrang om 'n publieke vergadering, so 'n byeenkoms op die 2de Julie te Heidelberg gehou sal word. Aan Milner gee hy kennis van die voorgenome vergadering en wys daarop dat die vergrote Wetgewende Raad eersdaags belangrike besluite sou neem ten opsigte van arbeid vir die myne, <u>die status van die gekleurde bevolking</u>, onderwys en ander sake, almal besluite van kardinale belang sonder dat daar 'n mandaat van die volk daarvoor was. Die doel met die Heidelbergse vergadering en dié wat in ander sentrums beplan is, was om die volk se standpunt ten opsigte van aktuele vraagstukke en sake te

---

20) Ibid., p.468.

verneem.[21] Hiervan was die naturellekwessie een.

Die arbeidskwessie en die status van die gekleurde bevolking maak baie duidelik 'n belangrike deel van die voorgestelde georganiseerde protes uit, maar die Chinese invoerskema was die direkte oorsaak van die eerste openbare optrede aan die kant van die Boerebevolking.[22] Die Chinese invoerskema is deur die Boerebevolking ten nouste in verband gebring met die naturellevraagstuk, en op die vergadering te Heidelberg is die volgende argumente in 'n resolusie sprekend hiervan:

> „Zij (die vergadering) gaat van't standpunt uit dat 't grootste belang is niet alleen voor de blanken, maar ook voor de gekleurde bevolking van Zuidafrika, dat Zuidafrika als 'n blanke-mans land ontwikkeld zal worden; ...." Verder

dat „.... de toevoer van Aziaten als 'n arbeidsbevolking de gekleurde bevolking van Zuidafrika zeer zal versterken"; en ook dat genoegsame bewys dat 'n tekort aan arbeidskragte in Suid-Afrika bestaan,

---

21) Hancock, W.K., op.cit., p.194 en Hancock, W.K., red. Selections from the Smuts papers, bd. II, dok. 233, p.97. ('n Brief van Botha aan Milner wat deur Smuts opgestel is.) In diê brief aan Milner skryf Botha, 1 Junie 1903, na aanleiding van die voorgenome vergaderings: „At the time of Mr. Chamberlain's visit to this country Your Excellency requested me and General de la Rey to start no political associations among the burghers without consulting Your Excellency in the matter.

Since then an enlarged Legislative Council has been created which will have to deal shortly with important public measures without having any mandate from the people of the country;.... we therefore propose to hold some meetings....."

22) Ibid., p.194. Spoelstra B. Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende kolonie in 1907, p.16. Preller, G.S.,op. cit., p.15.

nie gelewer is nie.[23] Die kern van diê argumente is dus die naturellekwessie en die verdere komplisering daarvan deur die voorgestelde invoer van Chinese arbeiders.

Genl. Botha het in 'n brief aan 'n vriend in Engeland wat op die 22ste Julie in De Volkstem gepubliseer is, geskryf dat die Chinese die naturellemeerderheid in Suid-Afrika nog verder sou versterk met hordes van 'n geel ras uit Asië en uiteindelik Suid-Afrika „opnieuw een land alleen voor zwarten maken sal."[24]

Die reeds ingewikkelde naturelle- en kleurvraagstuk van Suid-Afrika was dus vanuit die staanspoor die groot rede waarom die Boerebevolking nie hul goedkeuring aan so 'n maatreël wou verleen nie.

Die vergadering te Heidelberg is gevolg deur verskillende ver-

---

23) Preller, G.S., op. cit., p.14.

24) Meyer, I.M. Die Chinese arbeidsvraagstuk van die Witwatersrandse goudvelde, 1903-1910, p.146.
Preller, G.S., op. cit., p.16. Egerton, H.E. British colonial policy in the XXth century, p.8. Hy verklaar: „No sane man would desire to introduce yet another element into the seething cauldron of the South African native question." En hy sê verder, dit was ekonomies geregverdig maar polities nie.

Genl. Smuts het sy standpunt in 'n memorandum vir die Arbeidskommissie van 1903 soos volg gestel: "I am not an alarmist, but I would be failing in my public duty if I did not speak plainly about the probable consequences of the importation of Chinese. As a result of the lassitude and despair bred of the war, all classes of the Transvaal population are today apathetic even on the most important public questions; but this apathy will pass away, the general population of the country will return with renewed energy to the arena of politics; and, in advocating the importation of Chinese, the leaders of the mining industry are selecting for themselves a battlefield on which they will almost certainly lie defeated in the years to come and involve in their disaster the future of the mining industry of the country." Hancock, W.K., red., op. cit., bd 2, dok. 232, p.125-133.

gaderings op die platteland.[25] 'n Vergadering te Krugersdorp op 1 Augustus 1903 het uitgeloop op 'n hewige bespreking van die hele arbeidsvraagstuk en die invoer van Chinese, maar die teenwoordiges: Boere, Engelse, mynwerkers en dorpsbewoners, het ten slotte tog ook die invoer van Chinese afgekeur.[26] Dit was 'n aanduiding dat, hoewel ietwat minder eenstemmig, die stedelike bevolking ook nie hiervoor te vinde was nie. Dit was belangrik omdat Milner nie met regverdiging nét die Boere van opposisie sou kon beskuldig nie.

Die Wetgewende Raad van Transvaal het op 28 Desember 1903, ten spyte van die protes, die invoer van Chinese goedgekeur, en op die 12de Februarie 1904 het die maatreël Britse goedkeuring verkry. 'n Vroeëre verklaring van Lyttleton in die Britse Laerhuis dat die Transvaalse publiek die skema goedkeur, het aanleiding gegee tot 'n protestelegram van Botha en 14 ander Boereleiers waarin genoemde stelling weerspreek word aangesien die bevolking geen aandeel aan die saak gehad het nie. Verder word weer eens verklaar dat die invoer van Chinese tot nadeel van blank en naturel in Suid-Afrika is.[27] Die telegram, wat na vyf dae beantwoord is, het die Boereleiers, genls. Botha, Smuts, De la Rey en andere, misken as leiers van die Boerebevolking, en Milner self het die protes bestempel as

---

25) Meyer, I.M., op. cit., p.153. (Vergadering naby Nylstroom op 17 Oktober 1903, spreker C.F. Beyers; ook 30 Desember 1903 te Lydenburg.)

26) Preller, G.S., op.cit., p.18.

27) Weidemann, N.C. Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907, p.258-259.

fortuinsoekery.[28)]

Vir die Boereleiers was dit die keerpunt in hul beleid om deur protes verandering te probeer bewerkstellig. Hulle het reeds geruime tyd besef dat die enigste oplossing die verkryging van selfregering was, en die tyd om hiervoor te argiteer het nou aangebreek. Dit was toe ook reeds duidelik dat die Konserwatiewes nie meer baie lank die regering in Brittanje sou behou nie. 'n Eie organisasie het nou nodig geword om selfregering te verhaas, maar ook om standpunte oor ander vraagstukke, onder andere die naturellekwessie, duidelik te formuleer.

Reeds op die 20ste Februarie is dit uit 'n brief van Botha aan 'n vriend in Nederland duidelik dat die Boereleiers besig was om in die stilligheid 'n politieke organisasie te beplan,[29)] en in 'n toespraak op 30 Maart voor die Krugersdorpse Landbouersvereniging kondig hy aan dat 'n organisasie gestig gaan word,[30)] 'n staatkundige party,[31)] om die bestaande en toekomstige landspolitiek te behartig. Vir dié doel het afgevaardigdes op die 24ste Mei 1904 te Pretoria vergader.

## 2. Die eerste kongres

Die naturellekwessie het, opvallend genoeg, nie 'n prominente

---

28) Engelenburg, F.V. Genl. Louis Botha, p.118.
29) Weideman, N.C., op. cit., p.263.
30) The Star, 30 Maart 1904, p.7 en 31 Maart 1904, p.8.
31) Engelenburg, F.V., op.cit., p.119.

plek in die besluite van die eerste kongres ingeneem nie.[32] Die doel was nou eerder om te organiseer en selfregering te verkry, en in die lig hiervan het hierdie saak voorlopig 'n minder belangrike plek in die politiek ingeneem. Daar is selfs verder gekyk as net na onafhanklikheid vir Transvaal, soos blyk uit Botha se bede om „alle blanken van Zuid-Afrika met eensgezindheid te bezielen, opdat, daaruit een natie geboren word."[33] Vanaf hierdie moment was konsiliasie die sleutelwoord ter bereiking van die ideaal van selfregering en 'n verenigde Suid-Afrika. Op die Kongres is besluit om voort te gaan met die protes teen die invoer van Chinese. Daar is ook gewys op die arbeidstekort op plase wat volgens die kongres deur 'n plakkerswet opgelos kon word.[34] Onder die opskrif „weerloosheid" noem Preller in sy terugblik ook die versoek om wapens aan verskeie distrikte waar daar 'n groot gekleurde bevolking aanwesig was, te voorsien. Die weerloosheid van die inwoners het groot kommer gewek.

---

32) Preller, G.S., op.cit., p.33 („O'er die ander besluite van die eerste Kongres, wat g'n grote politieke kwessies aanraak nie so's die naturelle-vraagstuk en die Asiatekwessie kan ons verder kort wees.")

33) Aangehaal deur Spoelstra, B., op. cit., p.17. (Skrywer onderstreep.) Hier het ons feitlik te doen met die ou Afrikanerbond-ideaal van ds. S.J. du Toit onder nuwe omstandighede en vanuit 'n ander basis.

34) Botha het in sy openingsrede verklaar: „Het plakken van naturellen bij duizenden op een plek is niet alleen in strijd met de belangen van omliggende boeren, maar ook in strijd met hun eigen belang, want als de pest eens in zulke plekken uitbreekt, dan zal het gruwelijke gevolgen hebben en tot welke nut dient zulk een opeenhoping?" (Het Volk. Volledige notulen van het kongres te Pretoria, gehouden op 23,24 en 25 Mei 1904, p.8.)

In die bespreking op die kongres was dit baie duidelik dat die Boerebevolking die naturellevraagstuk met kommer dopgehou het.

„De heer E.P. Meintjes zegt dat men door gans Zuid-Afrika voelt dat de tegenwoordige naturellen politiek niet deugd en dat er een verandering gemaakt moest worden."[35] Hy verwys na die pleitbesorgers vir gelykstelling en sê hy spreek nie slegs namens die Afrikaanse bevolking nie maar ook „uit naam van een groot gedeelte der oude Engelse bevolking, wanneer hy zeide dat hieraan paal en perk moest worden gesteld." Die benadering was nie slegs negatief nie, soos blyk uit die heer Douthwaite van Potchefstroom se opmerking, dat die naturel diensbaar gemaak moes word aan die samelewing en dat daar nie sprake van politieke gelykstelling kon wees nie „hoewel men naar de maatschappelike opheffing van de inboorling kon streven....."[36] Die belangrikste besluit van die kongres was om 'n organisasie te stig met takke in elke distrik en selfs in elke wyk, en daartoe 'n komitee te benoem om die nodige aanvoorwerk te doen.[37] Eers hierna sou standpunte oor vraagstukke as beleid geformuleer kon word.

Gedurende Julie 1904 het die Britse regering, in 'n poging om die agitasie om selfregering ten dele te kalmeer,[38] aangekondig dat verteenwoordigende bestuur vir Transvaal beplan word.[39] Die aan-

---

35) Het Volk, op.cit., p.18. (Vgl. ook The Star, 24 Mei 1904, p.7).

36) Loc. cit.

37) Ibid., p.19.

38) Headlam, C., red., op.cit., bd. 2, p.529.

39) Ibid., p.530.

kondiging het egter net die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat Milner beoog het.[40] Die politieke aktiwiteit onder die Boerebevolking is hierdeur slegs verder gestimuleer.

Die begrafnis van president Kruger (16 Desember 1904) wat deur die Hoofkomitee[41] behartig is, het die nasionale ontwaking gekonsolideer, en die aanduidings dat die Liberale Party binnekort die regeringsleisels in Brittanje sou oorneem, het die belofte van volle selfregering ingehou.

In die lig van die voorgestelde verlening van verteenwoordigende regering en die verwagte selfregering, het die Hoofkomitee met ywer aandag gegee aan hulle taak om 'n konstitusie vir die Boereorganisasie op te stel. Verteenwoordigende regering het verkiesings geïmpliseer, en georganiseerde optrede was dus 'n dringende saak. Die „Statuten der Vereeniging Het Volk" is op die stigtingsvergadering van die eerste twee takke op 28 Januarie 1905 te Pretoria aanvaar, waarna takke dwarsdeur Transvaal gestig is.[42] Die Statute het bestaan uit vier-en-twintig artikels waarvan art. 22 bepaal het: „Leden kunnen worden alle blanke personen die in Transvaal permanent gevestigd zijn,...."[43] Die eerste jaarkongres van Het Volk is

---

40) Ibid., p.533.

41) Die Hoofkomitee wat tydens die Pretoria-Kongres, Mei 1904, benoem is, het bestaan uit genls. Botha, De la Rey, C.F. Beyers, J.C. Smuts en S.W. Burger,asook E. Esselen en A.D.W. Wolmarans.

42) Weideman, N.C., op. cit., pp.33, 345.
Meyer, I.M., op. cit., p.302.

43) Het Volk. Program en statuten, p.16.

gedurende Julie 1905 te Pretoria gehou, en hier is die Statute goedgekeur. 'n Program van beginsels is ook intussen opgestel maar voorlopig nie bekend gemaak nie. Hoofsaak was die voorgestelde Lyttleton-konstitusie wat tydens die Kongres verwerp is, terwyl volle selfbestuur andermaal geëis is. Milner, wat intussen Suid-Afrika vir goed verlaat het, is opgevolg deur Lord Selborne. 'n Beter verhouding tussen die regering en die leiers van die Afrikaners, vloei hieruit voort en die vooruitsigte op volle selfregering verbeter aansienlik. Milner se vertrek lui in elk geval 'n nuwe era in.

Daar moet op hierdie stadium verwys word na die samewerking tussen Het Volk en die Transvaal Responsible Government Association wat in April 1905 werklikheid geword het. Die koalisie is gesmee op die gemeenskaplike ideaal van selfregering en Botha se konsiliasiebenadering. Wat die naturellevraagstuk betref, was daar skynbaar eenstemmigheid, en beide partye het die verlening van stemreg slegs aan blankes voorgestaan.[44)]

---

44) Spoelstra, B., op.cit., p.32.
Weideman, N.C., op. cit., p.461. (Vir genl. Botha was verdeeldheid onder die Engelse van die Rand 'n belangrike saak. Die gemagtigdes se samewerking het verdeeldheid tussen die Responsibles en die Progressive Association, bevorder, daarom was hy bereid om ter wille van die verdeeldheid wat sou voortvloei uit samewerking tussen Het Volk en die T.R.G.A.,hier en daar „toe te geven zonder groote beginsels te verkragten." Botha aan Leyds, 10 Junie 1905, aangehaal deur Weideman, N.C. op. cit., p.464. Dat genl. Botha oorgebuig het om samewerking met die Engelse te bewerkstellig, het ook uit 'n vroeëre verklaring geblyk toe Botha hom soos volg uitgelaat het: „Samenwerking is 't hoofddoel en om van de beiden blanke rassen een natie te maken ..... En ek kan u zeggen dat 't Hoofd Komitee zijn begenselen achter houdt, omdat zijn doel is Boer en Brit zamen te brengen .... als we beide natien te zammen wil brengen dan moeten we niet te sterk op een stuk staan." (De Volkstem, 20 Mei 1905, p.3.)

Na die eerste jaarkongres het die Hoofkomitee alles in die stryd gewerp teen die Lyttleton-konstitusie. Intussen het die Chinese op die myne by verskillende geleenthede amok gemaak en Lyttleton en die Konserwatiewe Regering in 'n moeilike situasie geplaas, daar die Liberale Party dit uitgebuit het met die oog op die naderende verkiesing. Die Balfour-regering was wankelend en het in Desember 1905 die handdoek ingegooi, waarna die Liberale Party onder Campbell-Bannerman die bewind aanvaar het.[45)] Reeds in Desember is die werwing, invoer en verskeping van meer Chinese vir die myne verbied tot na die toekenning van verantwoordelike bestuur. In Januarie 1906 wen die Liberale Party die verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid[46)] en reeds in Februarie word die Lyttleton-konstitusie herroep. Hierna vertrek genl. Smuts na Engeland en slaag hy daarin om 'n belofte van selfregering vir Transvaal te verkry. Dit sou Het Volk tot 'n volgende fase, naamlik beleidsformulering, bring.

3. <u>Die naturellekwessie in Het Volk se program van beginsels</u>

Die voorneme om aan Transvaal selfregering en 'n eie konstitusie te verleen, is op 21 Julie 1906 bekend gemaak, en hierna het die

---

45) Van Aardt, J.M.H. Die Botha-bewind in Transvaal, 1907-1910, p.87-88.

46) Cope, R.K. Comrade Bill; the life and times of W.H. Andrews, workers leaders, p.73. ("The Chinese election altered the course of South African history.") Vgl. ook Spoelstra, B., op. cit., p.39.

politieke aktiwiteit onder alle groepe toegeneem.[47] Genl. Smuts het vir Het Volk 'n program van beginsels opgestel wat op die kongres van 4 Desember 1906 aanvaar is.

Dat genl. Smuts baie tyd aan die opstel en formulering van die program bestee het, is maar al te duidelik. Hy het dit ook met ander persone, onder wie Merriman, pres. Steyn, en dr. Engelenburg bespreek. Engelenburg het op versoek van genl. Smuts die program „gewysigd, ingekort en aangevuld."[48] Onder die opskrif „Doeleinden" het twee artikels die twee hoofsake waarom dit vir Het Volk gegaan het, kort en kragtig uiteengesit. Die eerste artikel of „hoofdoel" bevat die konsiliasie-beginsel, naamlik „te streven naar rassen-verzoening", om sodoende „alle blanke inwoners van de Staat te vereniging in een grote Suid-Afrikaanse Nasie."[49] Die tweede artikel wat met die sleutelwoord „terzelfdertijd" met die vorige gelykgestel word, is deur genl. Smuts soos volg geformuleer :

> „Terzelfder tijd erkent ‚Het Volk' dat de planting van een groote blanke gezelschap als een heersend ras over de grote naturellen bevolking des lands ernstige plichten en verantwoordelikheden op de blanken werpt en ‚Het Volk' beoogt de ver(vulling) dezer plichten en verantwoordelikheden

---

47) Cana, F.R: South Africa, p.229, merk op: "In the matter of organization the Boers were far superior to their opponents".
Sir William von Hulsteyn het in die tyd vir die Boere (Het Volk) gesê hulle het 'n „natural political instinct which makes them take the fullest advantage of their political rights." The Star, 12 Januarie 1906.

48) Engelenburgversameling, bd. 2, p.2. (Brief van Engelenburg aan Smuts, 18 Oktober 1906.)

49) Het Volk, Program en statuten, p.1.

> in een geest van rechtvaardigheid, wij(s)heid en menslikheid, zo dat alle verbittering tussen blanken en gekleurden moge voorkomen worden en alle moge mede-werken in eensgezindheid voor aller gemeenskappelik belang."50)

Die woorde „heersend ras" in Smuts se oorspronklike teks het Engelenburg in sy aanvanklike wysigings weggelaat. In sy finale formulering het hy die woord „voogdij" gebruik en in die Program is dit só opgeneem :„Terselfdertijd erkent ‚Het Volk' dat de voogdij ener blanke sameleving over de naturellenbevolking ...." Die enigste verandering in die laaste gedeelte van die artikel was die vervanging van „mede-werken" met „saam-werken" en die woorde „aller gemeenschappelik belang" met „voor Zuid-Afrika's heil".

Uit die plasing van dié beginsel, dit wil sê as die belangrikste saak naas die hoofdoel „konsiliasie", het genl. Smuts en Het Volk blyke gegee van die erns en bepaalde oortuiging waarmee die Boerebevolking die naturellevraagstuk bejeën het. Die eiesoortigheid van die naturellebevolking en die plig en verantwoordelikheid van die blanke staan op die voorgrond, terwyl die verhouding tussen blank en naturel ten slotte gekoppel word aan die heil van Suid-Afrika.

Hierdie artikel en die plasing daarvan, toon dat die naturellevraagstuk 'n diepgevoelde saak was waaroor almal bekommerd en eensgesind was. Dit het gedurende en ná die oorlog in aktualiteit toegeneem en dit het tydens die beweging tot politieke herlewing en partystigting telkens op die voorgrond getree, veral by geleenthede

---

50) Engelenburgversameling bd.2, p.3. Skrywer onderstreep.

soos die Chamberlain-besoek, die Heidelbergse vergadering en die Pretoriase kongres van 1905; ook die uitlatings van genls. Botha, Smuts, Beyers en ander leiers getuig hiervan. Dit is verder 'n aanduiding dat die Britse standpunt oor die naturel en die Kaapse rigting nòg vóór die oorlog nòg daarná die Boerebevolking van die ingeslane weg kon afbring.

Na die twee doelstellings van Het Volk volg die „Beginselen", en hier word in Artikel V gepleit vir die behandeling van die naturellekwessie as 'n algemeen Suid-Afrikaanse vraagstuk „<u>en niet als een van partij-politiek</u>". Daar word ook positief standpunt ingeneem aangaande die ontwikkeling van die naturel deur gepaste opvoeding, „vooral in de richting van verhoging van hun werklust en nijverheid." In art. X geniet die beskerming van blanke arbeid en die oplossing van geskille tussen werkgewer en werknemer aandag. Die voorlaaste artikel, (art. XII) maak voorsiening vir die verbod op die invoer van Asiatiese arbeid en die terugsending van alle Asiate wie se kontrakte verstryk het.

Twee sake in verband met die naturellekwessie in hierdie tweede gedeelte van die program verdien kortliks nadere aandag, veral omdat dit van betekenis is vir latere ontwikkelinge.

Eerstens moet opgemerk word dat Het Volk die naturellevraagstuk en die oplossing daarvan as 'n Suid-Afrikaanse kwessie sien. Hierdie siening is niks nuuts nie as daaraan gedink word dat pres. Kruger reeds in 1882 in antwoord op rekwesisies vir die presidentsamp die vraagstuk so benader het [51] en uitgesien het na die dag waarop

---

51) Van Oordt, J.F. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.385.

'n oplossing vir diè Suid-Afrikaanse vraagstuk aangebied sou word. Die standpunt van Het Volk is egter volkome sprekend van die tyd, aangesien die Suid-Afrikaanse kyk op sake toe prominent was. Die Bloemfonteinse Tolkonferensie van 1903 het, met die oog op die komende federasie, die vraagstuk reeds omvattend benader,[52] en die aanstelling en die bevindings van die Lagden-kommissie getuig ook hiervan. Die ideaal, ook van Het Volk (vgl. „Programma van Maatregelen"), vir 'n verenigde Suid-Afrika, het uit die aard van die saak ook 'n Suid-Afrikaanse benadering tot diè vraagstuk noodsaaklik gemaak, te meer omdat die beleid van die verskillende gebiede nie op dieselfde lees geskoei was nie.

Tweedens is die kwalifikasie dat die naturellevraagstuk buite die partypolitiek gehou moes word, van betekenis. Vir genl. Botha en genl. Smuts se <u>konsiliasiebeleid</u> was dit belangrik om sake wat politieke verdeeldheid kon meebring, in Transvaal, en met die oog op vereniging, ook in Suid-Afrika as geheel, uit die politieke arena te hou. Dit was des te noodsaakliker aangesien 'n goeie verhouding met die Engelse en die arbeiders vir die leiers van Het Volk noodsaaklik geword het in die konsiliasiestrewe; en op diè stadium toe 'n ooreenkoms met die Responsibles reeds bestaan het, des te meer. Trouens, op die stigtingsvergaderings van Het Volk gedurende 1905 was konsiliasie die sleutelwoord in die politieke toesprake. Genl. Beyers, wat ten opsigte van die ander lede van die Hoofkomitee meer regsgesind was, het op die 20ste Oktober 1906 in 'n toespraak te Belfast, dit wil sê voor die amptelike aanvaarding van

52) Sien supra p. 33-35.

die „Program"; reeds gesê hy „hoop en vertrou dat de kafferkwessie nooit een partijkwessie sal worden" nadat hy die arbeidskwessie, Chinese kwessie, armblankevraagstuk, werkloosheid en die instroming van „koelies" bespreek het.[53] As dit so is dat dié voorgenoemde vraagstukke en die oplossing daarvan in noue verband gebring is met die naturellevraagstuk, kan dit dien as 'n verklaring van die standpunt dat die naturellevraagstuk, wat so ingeweef is in talle ander vraagstukke, liefs buite die politieke strydperk gehou moes word; maar die aanduidings is in elk geval dat dit in die eerste plek ter wille van konsiliasie gerade geag is om dit te doen.

Die feit dat die naturelle nie politieke regte besit het nie en ook nie onder die nuwe konstitusie sou verkry nie, kan ook 'n rede wees waarom die saak uit die blanke partypolitiek geweer moes word. Positief gesien kan die verklaring wees, dat aangesien Het Volk die naturelle as aparte groep benader het wat buite die blanke politieke gemeenskap die verantwoordelikheid van die hele blanke bevolking was, hulle ook nie 'n strydpunt in die blanke partypolitiek moes uitmaak nie. Slegs genl. Botha het dit by een geleentheid so gestel toe hy gevra het „laat de witman solidair wezen wat betreft de naturel".[54] Hoe dit ookal sy, hierdie standpunt was onrealisties waar 'n konsekwente naturellebeleid geformuleer en deurgevoer moes word deur 'n regering wat as partyregering uit die aanvaarde politieke stelsel, geskoei op Britse lees, aan bewind moes

---

53) Scholtz, G.D. Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, p.120.

54) De Volkstem, 11 Julie 1906, aangehaal deur Kleynhans, W.A. Politieke strominge en verantwoordelike bestuur in Transvaal, 1905-1909, p.112.

kom.[55] Dit is 'n standpunt wat beklemtoon moet word aangesien dit as uitgangspunt deurgewerk het tot die partyvorming na Uniewording en deels die oorsaak was van die „laissez Faire"-beleid in die eerste jare na Unie.

Derdens is dit opvallend uit die toesprake van leiers en uit die Program van beginsels dat gedagtes oor 'n langtermynoplossing van die naturellevraagstuk nie ernstige aandag geniet het nie. Afgesien van die standpunt dat geen gelykstelling tussen blank en nieblank bewerkstellig mag word nie, is weinig positiefs oor die toekomstige ontwikkeling van die naturelle geopper. Die leiers self was hieroor onseker. Dat hulle 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die naturelle gehad het, word erken in die begrip voogdyskap, maar wat dit prakties presies ingehou het, word nie uitgewerk nie. Hulle het wel die onmiddellike probleme raakgesien en oplossings daarvoor aangebied, maar 'n langtermynbenadering en 'n omlynde praktiese beleid vir die dringende vraagstukke kom selde voor. Eie probleme, soos byvoorbeeld 'n tekort aan naturellearbeid op plase, is onder andere toegeskryf aan plakkery en daarom moes plakker-loka-

---

55) Konsiliasie het volgens 'n artikel in <u>The National Review</u>, Mei 1905, nr. 267 onder die titel „Political Parties in the Transvaal" deur „Transvaler", nie 'n goeie uitwerking nie. Dit het die gevolg „...... that any man who ventures today on a public platform to speak the naked truth, is probably denounced by both sides as a firebrand and a promotor of racial feuds." p.463. Dit was natuurlik baie waar. Genl. C.F. Beyers het dit ervaar, en 'n mens kon verwag dat enige persoon wat daadwerklike of radikale maatreëls ter oplossing van die naturellevraagstuk voorgestel het, maklik van twee kante as 'n „firebrand" gebrandmerk sou word. Die middeweg of gematigde houding was aan die orde van die dag en enige iets wat buite die middeweg sy kop uitgesteek het, is verdag gemaak.

sies opgeruim word.[56] Ook die vraagstuk van naturelle in geskoolde arbeid in die myne en industrieë is versigtig benader, met enersyds die gevare wat dit vir blanke arbeid ingehou het en andersyds die moontlike nadelige gevolge wat 'n radikale beleid op die ekonomie kon hê, in gedagte. In arbeidskringe was daar voorstanders van die kleurslagboom wat naturelle heeltemal wou uitsluit, maar genl. Botha was nie 'n blinde voorstander van die uitsluiting van alle naturelle uit enige geskoolde arbeid nie.[57] Tog was die uitgangspunt van onder andere Botha dat as die tyd kom dat die naturellekwessie vir oplossing aangebied word, die oplossing van so 'n aard moet wees dat die naturel net so gelukkig daarmee sal wees as die blanke.[58]

Genl. Smuts, wat die groot brein agter die Het Volk-beweging was, het op hierdie stadium openlik erken dat hy nie 'n langtermyn-oplossing vir die vraagstuk gehad het nie, hoewel hy verklaar het dat dit op die duur die kardinale vraagstuk van Suid-Afrika sal wees.[59] Hy het egter onomwonde verklaar dat Het Volk nie ten gunste van gelyke regte vir naturelle was nie, hoewel hulle altyd gereed was om die naturelle regverdig en reg te behandel soos die ou inwoners van

---

56) Genl. Botha sê in sy openingsrede op die kongres te Pretoria, Mei 1904: „Het plakken van naturellen bij duizenden op een plek is niet alleen in stryd met de belangen van omliggende boeren, maar ook in stryd met hun eigen belang," ........ Het Volk Volledige Notulen van het Kongres te Pretoria gehouden op 23, 24 en 25 Mei 1904.

57) Engelenburg, F.V., op. cit., pp.288, 291.

58) The Star, 7 Julie 1906, p.11.

59) Hancock, W.K., op. cit., p.219.

die land altyd gedoen het.[60] Oor hierdie aspek van die vraagstuk was daar nooit enige twyfel by Het Volk nie. Vir die leiers, waarskynlik meer as vir die ondersteuners van Het Volk, was die naturellevraagstuk egter op daardie stadium nie die vraagstuk van onmiddellike belang nie. Die verkryging van selfregering en daarna die verkiesingstryd het naas meer onmiddellike vraagstukke al die aandag opgeëis. Vir genls. Botha en Smuts was konsiliasie 'n voorvereiste vir die oplossing van alle probleme tussen die blanke groepe, en hierdie strewe het alle ander sake oorskadu. Reeds voor die oorlog het genl. Smuts byvoorbeeld verklaar dat Suid-Afrika met twee fundamentele vraagstukke gekonfronteer word, naamlik konsolidasie tussen blankes en die beleid van die blankes ten opsigte van die ander rasse.[61] Met selfregering in sig en unifikasie 'n praktiese moontlikheid is die aandag gekonsentreer op eersgenoemde — die hoofdoel!

4. Samevatting

As die talryke probleme waarmee veral die Boerebevolking te kam-

---

60) The Star, 24 Maart 1906, p.11.

61) Hancock, W.K., op. cit., p.55. Die konsiliasiebeleid was vir genls. Botha en Smuts so belangrik dat hulle selfs met die Progressive Association se leiers onderhandel het om samewerking te bewerkstellig. Dit het gedurende Maart 1906 (The Star 5 en 7 Maart 1906, p.9) in genl. Botha se huis en later te Johannesburg plaasgevind, maar ontoegeeflikheid van beide kante het die samesprekings op niks laat uitloop nie. Hieroor skryf Botha later aan Leyds (9 Junie 1906): „.... tot mijn spyt willen de Progressieven, of liever di Hochenheimer-Cosmopolietse politieke partye geen zamewerking." (Aangehaal deur Weideman, C.N., op. cit., p.508. Vergelyk ook p.526.); De Volkstem was hieroor nie gelukkig nie en sê kompromis oor beginsels is onmoontlik. (Vgl. hoofartikel 7 Maart 1906.)

pe gehad het, in ag geneem word, is dit enigsins verbasend dat die naturellekwessie tog soveel aandag in die ontwikkelingstadium van Het Volk verkry het. Dit beklemtoon die diepgewortelde standpunt oor die vraagstuk en ook die aktualiteit daarvan in die tydperk. Deurgaans het die bevolkingsdeel hul tradisionele benadering tot die vraagstuk konsekwent verdedig. Vanaf die Vrede van Vereeniging, deur die moeilike jare daarna, het hulle voet by stuk gehou, totdat dit uiteindelik as belangrike deel van Het Volk se Program opgeneem is. So is verseker dat dit as beleidsrigting in die Suid-Afrikaanse politieke partywese verder gedra en ontplooi sou word.

Die Program van Het Volk en die uitsprake van hul leiers toon duidelik aan dat die naturellevraagstuk nie slegs negatief benader is nie. Dit was nie slegs beleidsformulering tot behoud van die blanke beskawing en toekoms nie, maar spreek ook van 'n nugtere Christelike aanvaarding van hul verantwoordelikheid as voogde van die onderontwikkelde Bantoe-bevolkingsgroepe. 'n Gefundeerde, praktiese langtermynbeleid, wat geredelik geïmplementeer kon word, sou voorlopig nie aangebied word nie: daarvoor was die tyd nog nie ryp nie en die konsilasie-politiek van die oomblik sou en het dit ook nie toegelaat nie.

Na bewindsaanvaarding moes die Het Volk-party feitlik onmiddellik aandag gee aan die vereniging van die Suid-Afrikaanse state, en die hele naturellevraagstuk en die oplossing daarvan het voorlopig bly oorstaan vir die regering van die verenigde Suid-Afrika. Gebrek aan meer volledige beleidsontplooiing oor die vraagstuk moet egter in die lig van wat later gebeur het, betreur word. Dit het

die posisie van die sterkste politieke beweging in Suid-Afrika, naas die Afrikanerbond, met die oog op unifikasie later bemoeilik. As beleid hier suiwerder uitgedifferensieer het, sou die latere besluite van die Nasionale Konvensie waarskynlik daar anders uitgesien het. Ongelukkig kon dit onder die omstandighede moeilik bereik word, enersyds omdat unifikasie voor die deur gestaan het en andersyds omdat samewerking en konsiliasie nie ruimte gebied het vir deurdrywende en konsekwente beleidsformulering en ontwikkeling nie. Botha het dit ook as geregverdig beskou om ter wille van wat vir Transvaal en Suid-Afrika op die spel was – suksesvolle selfregering en 'n verenigde Suid-Afrika – hier en daar toe te gee. Hy sê in 'n politieke belydenis: "..... als we beide natien te zamen wil brengen dan moeten we niet te sterk op een stuk staan."[62) – Dit was grootliks die rede vir die gebrek aan verdere beleidsontwikkeling wat die naturellekwessie betref. In die feit dat 'n uitgangspunt geformuleer is moet egter die waarde en betekenis van Het Volk se bydrae tot die oplossing van die naturellevraagstuk gesien word. Dit was duidelik en ondubbelsinnig gestel en het vas gestaan.

## III <u>DIE NATURELLEBELEID VAN DIE ENGELSE GROEPE EN PARTYE</u>

Daar het in Transvaal ook belangrike politieke ontwikkeling onder die Engelssprekende bevolkingsdeel plaasgevind. In teenstelling met die Afrikaanse bevolkingsdeel het die Engelse nie in een politieke party gekonsolideer nie maar verdeeld in verskillende par-

---

62) <u>De Volkstem</u>, 20 Mei 1905. Sien ook supra voetnoot 44.

tye die eerste verkiesing in Transvaal na 1902 aangedurf. Die naturellebeleid van hierdie partye sal vervolgens nagegaan word.

Hierdie partye kan gerieflik in drie groepe verdeel word hoewel daar binne sommige groepe 'n verskeidenheid partytjies, wat almal vroeër of later sou saamsmelt, bestaan het. Eerstens was daar die gematigdes wat ten gunste van selfregering was; tweedens die mynmagnate en hulle ondersteuners wat selfregering so lank moontlik wou vertraag; en derdens die arbeiders wat hoofsaaklik die belange van georganiseerde arbeid op politieke terrein wou behartig.

A. Die gematigdes: Die Transvaal Responsible Government Association en later die National Association

Die eerste groep, die „Responsibles", het reeds kort na die Vrede bedrywig geraak maar eers teen 1905 in 'n gekonsolideerde politieke party saamgetrek. Daar was verskillende partytjies of groepe onder die gematigde Engelse waarvan die White League, die Pretoria Political Association, wat later die Transvaal Political Association geword het, die Reform Club en die Transvaal Responsible Government Association (T.R.G.A.)[63] die belangrikstes was. Laasgenoemde kan beskou word as die belangrikste een aangesien die genoemde politieke partye eventueel almal in dié party opgeneem is, en gevolglik sal dit as verteenwoordigend van die gematigde rigting besondere aandag geniet.

---

63) Weideman, N.C. op.cit., p.529-530.

## 1. Die ontstaansredes vir die gematigde rigting

Omstandighede en die optrede van die Milner-bewind was grootliks verantwoordelik vir politieke bedrywighede onder die gematigde Engelse in Transvaal. Hulle aanvanklike bedrywighede in georganiseerde groepe was toegespits op die voorgestelde invoer van Chinese vir die Transvaalse myne. Hulle was teen die invoer van Chinese gekant en het hulle mettertyd as verbete teenstanders van die Milner-bewind geopenbaar.[64] Hulle het goeie bondgenote in die werkersvakbond en die Labour Union, 'n politieke beweging, gehad, en die leiers van dié werkersbeweging, F.H.P. Creswell, J.M. Quinn en Peter Whiteside het later 'n belangrike rol in die totstandkoming van die T.R.G.A. gespeel. Die anti-Chinese veldtog het onder die Engelse uitgeloop op die stigting van die White League, onder voorsitterskap van J.W. Quinn, en het met die steun van die Labour Council 'n sterk front gevorm. Nadat die Chinese invoerskema goedgekeur is, en die anti-Chinese bewegings met 'n feitlik onherroeplike situasie gekonfronteer is, het die aanvanklike terugsinking spoedig oorgegaan in 'n nuwe fase, naamlik georganiseerde optrede ter verkryging van selfregering. Gedurende November 1904 word die T.R.G.A. gestig met Edward P. Solomon saam met sy broer Harry en ook Creswell, Quinn en Wybergh van die Labour Union en verder ook Howard Pim en

---

64) Walker, E.A. Lord de Villiers and his times; South Africa, 1842-1914, p.515. (Hy skryf dat die leiers van die T.R.G.A. vyandiggesind was teen die ultra-Britse atmosfeer in die Regering). <u>The Star</u>, 25 November 1904, p.11. ('n Brief van D. Dalgety met besonderhede oor die stigting van die T.R.G.A.)

H.C. Hull aan die stuur. Hulle besluit om te agiteer vir selfregering; vandaar die naam „Responsibles". Aan beleidsake het hulle op die vroeë stadium nie besondere aandag gegee nie. Hulle was almal anti-Chinees, teen Milner, voorstanders van selfregering en in elk geval nie ten gunste van naturellestemreg nie. Harry Solomon het in dié tyd in 'n toespraak duidelik hulle standpunt oor die naturellestemreg gestel en tegelyk ook 'n toekomstige ontwikkeling wat in Transvaal werklikheid sou word, voorspel toe hy verklaar het: „If there was one matter more than another which was going to bring Briton and Boer together, it was this native question, because no man who had any respect for himself in this country would ever allow the same state of things to exist here as existed in the Cape Colony."[65] Wat naturellebeleid betref, was net die verwerping van die stemreg op hierdie stadium 'n standpunt; verder as dit het hulle toe nog nie gevorder nie.

2. Samewerking met Het Volk

Die Responsibles se standpunt oor die Chinese kwessie en die ondubbelsinnige eis om selfregering het uit die staanspoor 'n simpatieke benadering tot die T.R.G.A. van die kant van Het Volk se leiers tot gevolg gehad. Die Responsibles het ook in die openbaar verklaar dat hulle die boerebevolking vertrou in hulle konsiliasiestre-

---

65) The Star, 25 April 1904, p.8. Vgl. ook die hoofartikel p.6. Ander toesprake wat in hierdie verband van belang is, kom voor in The Star, 21 November 1904, p.10 en 25 September 1905, p.9.

we.[66] Die gevolg was dat genl. Botha se konsiliasiebeleid praktiese toepassing gekry het in 'n ooreenkoms wat in April 1905, nog vóór Het Volk se Program beskikbaar was, aangegaan is. 'n Brief oor die ooreenkoms, geskryf deur die sekretaris van die T.R.G.A., maak melding van volkome eenstemmigheid oor die inboorlingkwessie.[67] 'n Berig in De Volkstem weerspreek egter hierdie bewering en toon duidelik aan dat 'n kompromis ten opsigte van verskillende sake getref moes word, onder andere die naturellekwessie.[68] Beide partye was uitgesproke oor die verlening van stemreg slegs aan blankes, maar oor die besonderhede van 'n doelgerigte naturellebeleid was daar verskille.[69] Genl. Botha, wat gemeen het dat Het Volk nie allèèn die mas kon opkom nie, was baie gretig om samewerking te bewerkstellig. Hy het ook die moontlikheid gesien om op dié wyse die Engelse, veral aan die Rand, onderling te verdeel, en omdat dit „voor het algemeen van groote nut kan wezen" was dit geregverdig om „hier en daar toe te geven zonder groote beginsels te verkragten".[70] Hy het selfs so ver gegaan en onderneem dat die omstrede Chinese arbeidskema nog vyf jaar kon voortgaan.[71]

---

66) Phillips, L. Transvaal problems, p.202. Weideman, N.C., op. cit., p.458.

67) Spoelstra, B., op. cit., bylae C.

68) Ibid., p.32.
De Volkstem, 26 April 1905.
Weideman, N.C., op. cit., p.464.

69) Spoelstra, B., op. cit., bylae C. Vgl. ook The Star, 21 Junie 1906, p.11. (H.B. Papenfus se verduideliking van die T.R.G.A. se naturellebeleid.)

70) Brief van Botha aan dr. Leyds, 10 Junie 1905, aangehaal deur Weideman, N.C., op. cit., p.464.
Vgl. ook Phillips, L., op. cit., p.209.

71) Meyer, I.M., op. cit., p.306.

Hierdie toegeeflike houding het blykbaar sommige Het Volk-ondersteuners verontrus en kritiek by die gevoelige genl. Botha tuisgebring. Hy het egter die kriewelrigheid oor die hele aangeleentheid op die 1905-Kongres afgemaak met die woorde: „De toekoms

> van ons land kan alleen hoopvol zijn, door zamenwerking, en tot zamenwerking kan men alleen komen door kompromissen."[72]

Hy vra ook uitdruklik dat „net <u>een</u> voorstel inkomt waarin deze overeenkomst word goedgekeurd". Hy was dus klaarblyklik ander of selfs teëvoorstelle te wagte.[73]

Die standpunt dat die naturellekwessie buite die partypolitiek gehou moes word, het 'n bietjie later onder die leiers van Het Volk beleid geword, en dit is duidelik dat koalisie met die Engelse hulle bedag gemaak het op die versteuring van goeie samewerking wat die naturellekwessie op partypolitieke vlak kon meebring.[74]

Vir die tradisionele naturellebeleidsrigting van die Afrikaner, wat nog ten volle moes ontplooi, het 'n kompromis op hierdie stadium gevaar ingehou. Dié beleid is in elk geval op die wyse blootgestel aan beïnvloeding deur 'n bevolkingsgroep by wie die aanvoeling vir die vraagstuk, al was hulle teen naturellestemreg, nie gewortel was in dieselfde beginselbeskouing wat bewus of onbewus ten grondslag gelê het aan die beskouing van die Boerebevolking nie. Die T.R.G.A. het ook oud-Reform Committee-lede ingesluit wat vroeër onder andere

---

72) „<u>De Volkstem</u>" 8 Julie 1905. (Aangehaal deur Spoelstra, B., op. cit., p.32 en Weideman, N.C., op.cit., p.462.

73) Loc cit. (Skrywer onderstreep.)

74) Sien supra p. 96-98.

die Transvaalse naturellebeleid as onderdrukkend en as slawerny bestempel het. Noudat die wind anders gewaai het, het hulle ook gemaklik gedraai.

Waar die Engelse en ook die T.R.G.A.[75] na 1902 gewoonlik volstaan het met „a firm and just native policy" en 'n pleidooi vir reg en geregtigheid, het Het Volk voogdyskap oor die naturelle aanvaar en by implikasie die naturelle as groep of groepe gesien en nie in die eerste plek as indiwidue nie, wat as sodanig dan onder die patronaat van die blanke regering geregeer moes word.[76] Die konsiliasiestrewe, sonder behoud van beginsels, kon dus maklik die Boerebevolking se ontplooiende naturellebeleid vertraag of selfs van koers af dwing.

Aan die ander kant kon Het Volk in samewerking, mét behoud van beginsels, veel bydra tot begrip en selfs aanvaarding van die Afrikaner se beginsels by die Engelse partye wat die moontlikheid van samewerking gebied het. Dit het later in 'n mate wel gebeur: eerstens waarskynlik as gevolg van die Het Volk-reaksie teen genl. Botha se „kompromissen"; tweedens as gevolg van die leiers se latere samesprekings waar hierdie reaksie ter sprake moes gekom het; en

---

75) Nadat die „Transvaal Progressive Association" sy naturellebeleid verklaar het, naamlik, „To establish a firm and just Asiatic and Native policy in accordance with Transvaal ideas," het die voorsitter van die T.R.G.A., E.P. Solomon, gesê: „That is our plank, not theirs" (Phillips, L., op.cit., bylae F., p.312.)

76) Genl. Botha het later toe unifikasie in die Transvaalse parlement ter sprake was, gesê daar moet naas skeiding tussen blankes en naturelle, ook skeiding wees tussen verskillende naturellestamme en noem dan met name die onderskeie etniese groepe. Vgl. Kleynhans, W.A., op.cit., p.120.

derdens as gevolg van die verskyning van die Lagden-kommissie se verslag.

3. Die gematigdes en die naturellekwessie

Die T.R.G.A., wat as 'n drukgroep vir selfregering tot stand gekom het, is 'n bietjie later heeltemal gereorganiseer en het op 20 September 1906 saam met die Transvaal Political Association, die Reform Club en die Werkersunie, die National Association, gevorm. Hiermee het die ooreenkoms met Het Volk natuurlik verval en het so 'n uitgebreide ooreenkoms nie weer so formeel tot stand gekom nie. 'n Verkiesingsooreenkoms waarvolgens Het Volk, die National Association en die Arbeidersparty onderneem het om nie kandidate teen mekaar te stel nie en om oor en weer mekaar se kandidate te ondersteun, het net voor die eerste verkiesing tot stand gekom.[77)]

Die nuwe „National Association" het in sy Program wat deur E.P. Solomon, H.C. Hull en Wybergh opgestel is, uitgesproke standpunt ingeneem oor die Chinese en verklaar dat die skema onmiddellik beëindig moet word.[78)] Hierdie standpunt vloei voort uit die misdaadvlaag waarby die Chinese betrokke was, en Het Volk se vroeëre

---

77) Preller, G.S., op.cit., p.43. (Hy skryf kort na 1910 en is taamlik apologeties oor die samewerking, maar skryf op p.41: „Sonder samewerking van alle gematigde mense, was daar totaal niks te bereike nie.") In verband met die stigting van die National Association vgl. The Star, 27 September 1906, p.7 en p.9, ook 29 September 1906 p.10 en p.9.
Ook De Volkstem, 22 - 25 Augustus 1906.

78) Rand Daily Mail, 23 September 1906. (Program van die National Association, art. 1, en in voorgestelde wetgewende program. art. C.)
Engelenburgversameling, bd. 6 nr. 7, p.48 en bd. 2, p.47-50.

verklaring dat hy hom, wat die Chinese betref, nie meer gebonde ag aan die vroeëre ooreenkoms nie. Die invloed van die arbeiders en in die besonder van Wybergh kan duidelik bespeur word in 'n artikel wat vir die verkryging van blanke Europese arbeid vir Transvaal pleit. Hulle vra dat die sosiale en nywerheidstelsel so ingerig moet word dat blankes gelok kan word.[79)]

In art. 4 van die Program verklaar die party dat die blankes 'n plig teenoor die naturellerasse het en dat vir die ontwikkeling en beskawing van die naturelle voorsiening gemaak moet word. 'n „Just and consistant policy" word bepleit, Verder word verklaar dat die naturelle- en Indiërkwessie 'n interne aangeleentheid is en deur die Wetgewende Raad behartig moet word.[80)]

In sy voorgestelde wetgewende program blyk die invloed van die Lagden-kommissie se verslag wat intussen verskyn het, duidelik. Die party verklaar dat eiendomsreg aan naturelle beperk moet word tot gebiede wat spesifiek deur die Parlement daarvoor gereserveer moet word.[81)] Teenoor hierdie beperking vra die Party dat „means be adopted with a view to bringing the native races and coloured people into closer contact and more direct communication with the Government,"[82)] maar dui nie aan of dit geïmplementeer moet word soos die Lagden-kommissie dit voorgestel het nie.

---

79) Rand Daily Mail, 23 September 1906. (Program van die National Association, art. 1.)

80) Ibid., art.5. Vgl. ook Spoelstra, B., op.cit., p.46.

81) Ibid., Wetgewende program, art.i.

82) Ibid., Wetgewende program, art.p.

In die lig van die beskouinge van sommige lede is dit enigsins verbasend dat die Party, terwyl hy nou 'n meer uitgesproke standpunt ingeneem het, nie uitdruklik skeiding van blank en nie-blank bepleit het nie. Howard Pim het byvoorbeeld in sy getuienis voor die Lagden-kommissie verklaar: „If it is to the advantage of the white community to separate the two races, it is equally to the advantage of the Native." Hy gaan betekenisvol verder: „It will give

> him (die naturel) a chance of natural development among his own people under the legitimate competition to which these new conditions will give rise."

Dit sal volgens hom die naturel geleentheid gee om ten opsigte van sy eie mense uit te styg, en nie lei tot frustrasie soos wanneer hy onder die blankes sou styg maar besef dat hy nooit bo kan uitkom nie. So 'n frustrasie gee slegs aanleiding tot rassegevoelens, iets wat binne sy eie gemeenskap nie sal gebeur nie, want, verklaar Pim: „Race pride and race prejudice are two sides of the same coin."[83] Die gematigde Engelse kon skynbaar nie waag om die naturellebeleid tot sy logiese konsekwensie te ontplooi nie, enersyds ter wille van publieke ondersteuning en andersyds moet in gedagte gehou word dat die National Association verskillende groepe saamgetrek het en dus reeds in die lig van hierdie feit ver gevorder het met hul naturellebeleid. Hulle het hulle egter in sommige opsigte aan meer gewaag as Het Volk self.

Met die stigting van die National Association het die gematigde Engelse nou, na aanvanklike verdeeldheid en onstandvastigheid,

---

83) Memorandum voorgelê aan S.A. Native Affairs Commission. Pim het skynbaar vroeg reeds belanggestel in die vraagstuk. Vgl. ook The Star, 11 Desember 1906, p.12.

hulle politieke ideale vasgelê, en wel sô dat hulle program nader aan Het Volk gestaan het as in die vroeëre ooreenkoms. Hiermee het hulle ook weer radikaal teenoor die Progressiewes te staan gekom, wat die toenadering van die gematigdes tot die Afrikaner as „un-British" voorgestel het, en dus na 'n politieke verdeling op rassegrondslag gegryp het, dit wil sê Boer teen Brit. Die partyleiding van die National Association het egter klaarblyklik te ver van die breë Engelse publiek weg beweeg, en na die eerste verkiesing, waarin hulle ses van die nege-en-sestig setels verower en twee kabinetsposte gevul het, het die Party as organisasie van die toneel verdwyn. Die gematigdes het 'n tuiste gevind in Het Volk onder genl. Botha wat altyd „on the side of moderation" beweeg het.[84)]

Wat die naturellebeleid van die National Association in sy kortstondige bestaan betref, moet ten slotte opgemerk word dat dit die duidelikste en omvattendste beleidsuiteensetting was wat 'n Engelse politieke party nog in die onderhawige tydvak in Suid-Afrika geformuleer het. Komende van die groep wat as Suid-Afrikaans georïenteerd beskou kon word, was dit nie sonder betekenis nie, veral nie vir die Britse Regering se benadering tot die vraagstuk nie. Dit was ook vir die tradisionele Noordelike standpunt versus dié van die Suide 'n verbreding, want die „konserwatiewe" benadering tot die naturellevraagstuk kon nie meer aan die Boerebevolking alleen toegedig word nie. Die rigting waarin die National Association 'n oplossing gesoek het, sou later duideliker uitdifferensieer in die

84) Manchester Evening News, 4 Mei 1907 (Aangehaal deur Weideman, N.C., op. cit., p.554.)

Suid-Afrikaanse Arbeidersparty.

Hoewel die National Association en alles wat dit ingesluit het, konserwatief georiënteerd was, kon die party skynbaar tog nie tot die formulering en ontplooiing van 'n eie naturellebeleid kom nie. Die Lagden-kommissie se kompromis-verslag word byna opportunisties aangegryp en aanvaar vir sover dit met Transvaalse standpunte versoenbaar is. Sodoende kom dit duidelik aan die lig dat hulle nie vanuit 'n bepaalde beginsel of uitgangspunt opereer wat hulle self na eie insig ontwikkel het nie. Daarom aanvaar hulle maklik dié, na hulle mening, mees aanvaarbare konserwatiewe rigting-aanduidings van die Lagden-kommissie se verslag. Daarmee het die Party 'n karaktertrek openbaar wat tipies is van die meeste Engelse partye wat sedert die tydperk in Suid-Afrika ontstaan het, met die uitsondering van die latere Arbeidersparty. 'n Werklike bydrae tot die oplossing van die vraagstuk het die Party dus op die stadium nie gelewer nie.

B. Die Progressiewes

Verreweg die grootste gedeelte van die Engelse bevolking van die Transvaal het 'n tuiste gevind in die Transvaal Progressive Association wat in November 1904 feitlik gelyktydig met die Responsibles tot stand gekom het. In teenstelling met die Responsibles was die Progressives vurige ondersteuners van die Britse ideale en van Milner in Suid-Afrika, maar in sy diepste wese was dit 'n belangegroep wat die „aggressiewe seksie van die Kamer van Mynwese" tot stand gebring het om die belange van die Randse mynbase te

dien.[85] Die leiding van die partye was dan ook uit die staanspoor in die hande van die mynmagnate onder wie George Farrar, Percy Fitzpatrick and Abe Bailey. Onder die tagtigtal stigters was daar 'n groot aantal leiers van die voormalige Reform Committee en ook lede van Milner se Wetgewende Raad. Laasgenoemde feit het die Progressiewes vóór selfregering in 'n bevoordeelde posisie ten opsigte van die ander partye geplaas.

Die Progressive Association was, in teenstelling met die gematigde Engelse, gekant teen enige radikale verandering in Transvaal se status as kroonkolonie. Dit was die stigtingsmotief,[86] en namate dit duidelik begin word het dat verandering onvermydelik voor die deur gestaan het, het hierdie party alles in sy vermoë gedoen om te verseker dat sy belange nie skipbreuk ly nie.

1. Program

Die Party se program was daarop gemik om aan die groots moontlike deel van die Engelse bevolking 'n tuiste te bied. Na die eerste artikel in die 1904-Program, „The maintenance of the British flag," volg dan ook 'n reeks beginsels wat dit moonlik maak vir haas enige Britsgesinde om hom in die Party tuis te voel. In werklikheid was die verskil oor selfregering die enigste grondliggende onderskeid tussen die program van die Transvaal Responsible Government

85) Cope, R.K., op.cit., p.83. Spoelstra, B., op.cit., p.20.

86) The Star, 28 November 1904, p.11. (Brief van Henry Lindsay.)

Association en dié van die Progressive Association.[87]

Wat die Party se naturellebeleid in die 1904-Program betref, is die ooreenkoms met dié van die T.R.G.A. opvallend. Artikel vier en vyf van die Program bepaal agtereenvolgens: „A firm and just native and Asiatic policy in accordance with South African ideas" en „The support of every measure that tends to make the Transvaal a white man's home."[88] Wat die Party op hierdie stadium presies met „South African ideas" bedoel het, word nie verduidelik nie, maar dit het in elk geval die deur wyd oopgemaak vir 'n verskeidenheid standpunte.

Die naturellebeleid van die Progressiewes het later in die tydperk voor die eerste verkiesing in 1907, by monde van verskillende partylede en leiers duidelik aan die lig gekom. Die partyprogram wat in April 1906 hersien is met die oog op die verkiesing wat na die amptelike toekenning van selfregering sou volg, het slegs geringe wysigings bevat. In die artikel oor die naturellekwessie (art. 10) is die woorde „in accordance with South African ideas", wat reeds vroeër met „Transvaal ideas"[89] vervang is, heeltemal weggelaat en is bygevoeg dat die verkoop van sterk drank aan naturelle verbied moet word.[90] Dit is opmerklik dat hierdie laasgenoem-

---

87) Solomon, E.P., leier van die T.R.G.A. wys op dié feit in 'n toespraak op 14 Januarie 1905. Vgl. Newton A.P. Select documents relating to the unification of South Africa, bd.1, p.258.

88) Newton, A.P., op. cit., p.239-240.
The Star, 22 November 1904, p.8.

89) Phillips, L., op.cit., p.182.

90) The Star, 28 April 1906, p.9.

de bepaling ooreenstem met 'n standpunt van Rhodes en die Progressiewe Party in die Kaap.

2. Belang

In die uitlatings van leiers van die Progressiewe Party en ook van The Star wat as partymondstuk gedien het, is dit baie duidelik dat ten opsigte van die naturellekwessie die mynbelange 'n bepalende faktor was. Arbeid vir die myne het ten grondslag gelê aan beleidsverklarings deur die leiers. Die toepassing van die Plakkerswet, die aankoop van grond deur naturelle, stemreg aan naturelle en ander aspekte word egter sonder enige omskrywing alles saamgevat in die woorde „just and firm" in die partyprogram. Farrar, die leier, verklaar hom ten gunste van die Glen Grey-Wet van Rhodes, want, sê hy: „I believe in time a policy like that would settle this great labour question on which we are all dependent."[91] Hy is dus ten gunste van die opbrokkeling van die stamstelsel en die daarstelling van indiwiduele grondbesit, sodat die nie-grondbesitters noodgedwonge buite die reservate sal moet gaan werk. 'n Resolusie van Witbank se tak van die Party vra ook byvoorbeeld die streng toepassing van die Plakkerswet sodat 'n voldoende arbeidskorps beskikbaar gestel kon word.[92] Arbeid vorm ook die kern van Abe Bailey se beleid as hy verklaar: „.... the native must supply the proletariat in this country ..."[93] Net hierna verklaar Sir Percy Fitzpatrick,

91) Ibid., 25 Januarie 1907. (Skrywer onderstreep.) Ook The Star, 5 Januarie 1907, p.9-10.

92) Ibid., 19 Desember 1905, p.9.

93) Ibid., 27 Oktober 1906, p.9-10.

teen sy eie oortuiging in, te Pretoria dat die blankes bepaal het dat „the white shall be the dominant race .... fair or unfair,

> it is a condition necessary to our existence as we see it and as we mean to maintain it - the white race dominate - the black people in a subordinate position."[94]

Die Progressiewe leiers, dit wil sê die mynbase, se belange is duidelik op voordeel vir die mynbedryf gerig. Dus die versekering van genoegsame arbeid in die myne en die handhawing van die blanke voordeel, sonder die geringste oorweging vir die wel en wee van die naturelle. Die naturel moet deur sy arbeid slegs die blanke in staat stel om sy posisie te handhaaf. Trusteeskap of voogdyskap oor die naturelle en opbouing en opheffing tot eie ontwikkeling kom nêrens ter sprake nie: hulle egosentriese belangegebondenheid het daarvoor geen ruimte gelaat nie.

3. Pragmatisme

Die Progressiewe Party het in sy Program en by monde van partyleiers die standpunt ingeneem dat politieke regte tot blankes beperk moes bly.[95] Die Lagden-verslag se aanbeveling van aparte verteenwoordiging van nie-blankes word ook nie aanvaar nie.[96] Binne die Progressiewe Party was daar egter genoeg ruimte om die liberale standpunt oor die vraagstuk soos verteenwoordig deur W.M. Hosken (lid van die Wetgewende Raad) te verdra. Hy het die toekenning van politieke regte aan nie-blankes volgens die beginsel „equal

---

94) Ibid., 16 November 1906, p.9-10. Vergelyk p.119 hieronder.

95) Weideman, N.C., op.cit., p.445. (Verklaring van Farrar, 12 Mei 1905.) Ook Engelenburgversameling, bd. 6, nr.7, p.43 en bd.2, p.42-43.

96) The Star, 4 Januarie 1906, p.7. (Partyverklaring n.a.v. die verskyning van die Lagden-kommissie se verslag.)

rights for all civilized men" gepropageer[97] en is kort daarna in November 1905 as Progressiewe kandidaat in Johannesburg genomineer. Hy verklaar toe dat hy die Lagden-kommissie se aanbevelings oor naturellestemreg aanvaar,[98] en in Julie 1906 stel hy weer sy eerste uitgangspunt, naamlik dat daar geen werklike verskil tussen wit en swart is nie, net kleur.[99] The Star het ná Hosken se nominasie en sy daaropvolgende verklaring gesê: „On one question only has he seemed at times to run counter to the general wishes of his fellow-citizens, and on that he has now given satisfactory assurances to his future constituents".[100] Vir The Star, wat in sy hoofartikels telkens blyke van voorkennis oor Progressiewe beleidsaangeleenthede gegee het, was die Lagden-aanbevelings oor aparte verteenwoordiging dus ook nie heeltemal onaanvaarbaar nie. Dit blyk ook in 'n hoofartikel op 5 Januarie 1906, toe die koerant verklaar het dat die stemregkwessie moet oorstaan: „Untill such time as the Governments of South Africa agree upon a uniform native policy for the whole of the subcontinent, based more or less on the recommendations of the Native Affairs Commission, it would obviously be injudicious on the part of our political leaders to do anything which might in any way complicate the final settlement of this exceedingly intricate problem."[101] Hier het die „laissez Faire"-houding

---

97) The Star, 5 Augustus 1905, p.9. (Vergelyk sy standpunt op 'n deputasie van die Witwatersrand Free Church Council na Milner i.s.die naturellegrondkwessie. Hulle verteenwoordig die „Presbyterian", „Baptist", „Congregational" en „Wesleyan" kerke).

98) Ibid., 11 November 1905, p.9.

99) Ibid., 10 Julie 1906.

100) Ibid., 13 November 1905, p.6, hoofartikel. (Skrywer onderstreep.)

101) Ibid., 5 Januarie 1906, p.6, hoofartikel. (Skrywer onderstreep.)

duidelik begin posvat. Dit was hieruit ook duidelik dat die Progressiewe partyleiding die deur nie heeltemal vir die liberale beskouing wou sluit nie, en dit is inderdaad later deur die standpunte van Farrar en Fitzpatrick tydens die Nasionale Konvensie bevestig.[102] Toe het 'n ander oorweging, naamlik naturellesteun aan die Engelse bevolkingselement die „belang" uitgemaak. In die lig hiervan word 'n verklaring van Sir Percy Fitzpatrick voor sy kiesers in Pretoria na aanleiding van Sir Richard Solomon se belydenis van 'n „advanced opinion" oor naturellebeleid meer as net 'n impulsiewe of spottende verwysing. Hy het naamlik van die naturellevraagstuk en stemreg gesê: „It was a grave question to be considered

> on its merits and even that advanced policy, let them hear it when the time come. Let them not shut their ears to it, and tear up questions and put them under the table. Consider them even if unpleasant."[103] Solomon was persoonlik uitgesproke

ten gunste van die Kaapse stelsel.

Hierdie liberale standpunt bots natuurlik met en staan radikaal teenoor die vroeër genoemde „verdrukkings"-beleid van die mynmagnaatleiers, onder andere met Fitzpatrick se eie voorgenoemde standpunt van „the white race shall dominate." Dit is egter alles tesame die Progressiewe Party se naturellebeleid: inkonsekwent en pramatisties, gebaseer op die eise van die oomblik. William Wybergh se kommentaar dat die Progressiewes geen „guiding political princi-

---

102) Preller, J.F. Die Konvensie-dagboek van sy edelagbare Francios Stephanus Malan, 1908-1909, p.55-56.
Walton, E.H. The inner history of the National Convention of South Africa, p.140-141.

103) The Star, 20 Februarie 1907, p.10. (Skrywer onderstreep.) Vergelyk supra p.117.

ple"[104] het nie, was juis, want die bepalende beginsel was ekonomiese en rassistiese eiebelang – die belang van die mynmagnate en die belange van die Britse ekstremistiese bevolkingsdeel. Daarom kon en sou hulle, as dit Britse belange gedien het sonder om mynbelange te skaad, nie aarsel om aan die naturel stemreg te verleen nie; maar vóór 1907 het dit die meeste van die leiers gepas om die ander uiterste, dié van onderdrukking, te propageer.

Hierdie houding is treffend geïllustreer in die standpunt van die Progressiewe Party oor die Zulu-opstand in Natal. Natal se hantering van die hele aangeleentheid is deur die Bond in die Kaap, deur Het Volk-sprekers, deur die Vrystaters ensovoorts gekritiseer as lomp en ondiplomaties. Fitzpatrick buit die delikate situasie, waarin genoemde partye Natal tot besinning wil bring, uit en verklaar in Junie 1906 dat Het Volk en die Bond die kant van die Zulu's in die stryd kies.[105] Reeds vroeër gebruik die kapitalistiese pers die aangeleentheid as 'n stok om die Liberale Party in Brittanje mee te slaan. Genl. Smuts skryf hieroor aan Merriman dat die gewelddadige behandeling van die naturelle met die beleid van die mynmagnate strook, en sê verder: „There is a strong party on the Rand (among whom is our friend Woolls Sampson) who pray ardently for a kaffir war, which will mean a relieving of the great pressure at the Rand, military contracts galore, and probably the forcing of the Natives to go and work in the mines.[106] In die reeds aangehaalde toespraak van

---

104) Ibid., 23 Augustus 1906, p.7. (Skrywer onderstreep.)

105) Ibid., 4 Junie 1906, p.9.

106) Hancock, W.K., red. Selections from the Smuts papers, bd.2, p.253-254.

Abe Bailey, wat hy gelewer het toe die Zulu-onrus nog aan die gang was, vind 'n mens klanke van hierdie ekstrimistiese en onverantwoordelike standpunt. Hy sê naamlik: ".... if they did not adopt a very firm policy now before unification or before federation, they would have unification .... on lines which would be otherwise than beneficial to the white races of this country."[107] By implikasie sê hy dat die naturelle nou vóór unifikasie op hulle plek gesit moet word, want later sal dit moeiliker wees.

4. Samevatting

Die pragmatisme en opportunisme van die Progressiewe Partyleiding was nie 'n duidelike weerspieëling van die deursnee Partylid se standpunt nie. Die oorgrote meerderheid ondersteuners was ten opsigte van die naturellevraagstuk konserwatief en minder ekstrimisties. Dit is egter duidelik dat 'n prinsipieel gefundeerde en konsekwente beleid ten opsigte van die naturellevraagstuk nie van dié party verwag kon word nie. Daar is selfs, in teenstelling met die National Association, geen bewyse van 'n werklike soeke na 'n aanvaarbare beleid vir Transvaal of Suid-Afrika nie. Uit die oogpunt van die naturellevraagstuk gesien, was die bydrae wat van die Progressiewes as die grootste party ná Het Volk verwag kon word, dus nie bemoedigend nie, ook nie vir die toekoms nie. Die verantwoordelikheid en verpligting wat dit op die Afrikaner en in die besonder op Het Volk geplaas het, was groot. Dit is treffend raak-

---

107) Skrywer onderstreep.

gesien deur H.R. Abercrombie toe hy in 1906 opgemerk het dat die bevolking in 'n groot mate sal moet steun en vertrou op „the sagacity and experience of our Afrikaner friends in the treatment of this delicate matter."[108)]

C. Die Arbeiders

1. Partye

Daar het in Transvaal, aan die Witwatersrand na 1902, onder die blanke werkers 'n groot aantal politieke partye tot stand gekom, waaronder die volgende :-

Socialist Labour Party, 1902, leiers onder andere Ralph Rabb en Jock Campbell.[109)]

White Labour League, 1903, H.F.P. Creswell, Wybergh en Whiteside.[110)]

Transvaal Labour Party, 8 November 1903, leiers J.F. Back en W.W. Lorimer.[111)]

Independent Labour Party (No.1.) leier J.T. Bain.[112)]

---

108) The Star, 30 Oktober 1906, p.12. (Merriman merk in 'n brief aan Smuts in September 1905 op: „...... indeed the Englishman if left to himself is rather more prejudiced in racial questions where non-Europeans are concerned, than his Dutch cousin." — Hancock, W.K., red., op. cit., bd.2, dok. 272, p.200. )

109) Cope, R.K., op. cit., p.82.

110) Spoelstra, B., op. cit., p.7-8.
Headlam, C., red., op. cit., bd.2., p.457.

111) The Star, 24 November 1904, p.10.
Engelenburgversameling, bd. 6., nr. 7, p.44; bd.2, p.44-46.

112) Walker, J.L. en Weinbren, B. 2000 casualties, p.319.

Social Democratic Federation.[113)]

Transvaal Political Labour League, 14 September 1905, leiers P. Whiteside, H.W. Sampson en W.H. Andrews.[114)]

Independent Labour Party (No. 2) Mei 1906, leiers P. Whiteside, J.F. Back, W.W. Lorimer en H.W. Sampson.[115)]

South African Democratic League, Julie 1906, sekr. O. Leathers.[116)]

Die eerste daadwerklike poging tot konsolidasie van hierdie verskillende arbeiderspartye wat in die meeste gevalle nie veel meer as net tot stand gekom het nie, het in 1905 plaasgevind toe die Transvaal Labour Political League as gevolg van die Witwatersrandse Ambags- en Arbeidersraad (Witwatersrand Trades and Labour Council) se bemoeiing tot stand gekom het. Hierna is later 'n redelike mate van eenheid bewerkstellig toe die Independent Labour Party buite die Arbeidersraad in die plek van die League gestig is. Tog moes hierna 'n Labour Representation Committee gevorm word om botsing en oorvleuling by die benoeming van kandidate deur die arbeiderspartye te voorkom en ook onderhandelings met die Het Volk en die National Association, met wie 'n verkiesingsooreenkoms bestaan het, te voer.[117)]

---

113) Spoelstra, B., op.cit., p.32. (Geen verdere besonderhede.)

114) The Star, 15 September 1905, p.8.
Walker, J.L. en Weinbren, B., op. cit., p.528.

115) The Star, 14 Mei 1906, p.9.

116) Ibid., 30 Julie 1906, p.12.

117) Ibid., 17 Julie 1905, p.11 en 13. Desember 1906.
Worsfold, W.B. Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace in 1902, p.147. („Forgetful of their past servitude and blind to their present danger, the rank and file of the British industrial population were ready to associate themselves, now and throughout the period of Crown Colony Government, with the educated and dissatisfied Boers of the towns in an agitation for the immediate grant of selfgovernment.")

Die arbeiders het in die eerste verkiesing slegs drie kandidate verkose gekry in die nuwe Wetgewende Vergadering (4 persent), nadat hulle 22 kandidate, vyf meer as die Responsibles, gestel het en het slegs 5268 (7 - 10 persent) van die stemme getrek.[118] Ten spyte van hul geringe verteenwoordiging moet ons kennis neem van die politieke partyvorming en beleidsformulering onder die arbeiders veral omdat hulle later, nå Uniewording, tot besondere beleidsontplooiing ten opsigte van die naturellevraagstuk gekom het.

## 2. Beleid en partye uit nood gebore

Die politieke aspirasies van die na-oorlogse arbeiders-organisasies en partye het baie vroeg reeds die verkryging van selfregering voorop gestel.[119] Terwyl die vooroorlogse agitasie om politieke regte onder die leiding van die leiers van die na-oorlogse Progressiewe Party geskied het, is die na-oorlogse eise juis gemik teen die Milner-administrasie en Progressiewes-in-koukus.[120] Tot die ontwikkeling van hierdie kloof het die argumente ten gunste van Chinese arbeid en ook naturellearbeid in teenstelling met blanke ongeskoolde arbeid veel bygedra. Die Chinese kwessie was ook verantwoordelik vir baie van die bewegings onder die arbeiders, en die vakbon-

118) The Star, 28 Februarie 1907.
Van Aardt, J.M.H., op. cit., p.178.
In 1906 was daar 18,000 blanke geskoolde werkers in die myne aan die Rand (Headlam, C., red., op.cit., bd.2, p.484.)

119) Meyer, I.M., op. cit., p.299.

120) Die vooroorlogse politieke agitasie om stemreg het die Britse oogmerke in Transvaal gedien.

de was almal teen die invoer van Chinese gekant.[121)]

In hulle uitlatings het die arbeiderleiers op 'n blanke Suid-Afrika en beskerming van blanke arbeid aanspraak gemaak, en selfs algehele gebruikmaking van ongeskoolde blanke arbeid voorgestaan.[122)] Die Milner-bewind en progressiewe mynmagnate was hierteen gekant. Milner het namens die Kamer van Mynwese verklaar dat blanke ongeskoolde arbeid in die plek van naturelle-(of ingevoerde)arbeid nie aanvaar kan word nie. Hy sê dat almal streef na 'n blanke land, maar nie na 'n blanke proletariaat nie. Die redenasie was dat 'n blanke proletariaat met politieke regte 'n dominerende politieke en ekonomiese faktor kon word, maar naturelle en Chinese nie.[123)]

Spoelstra verklaar in sy meer aangehaalde werk dat bogenoemde verklaring die begin van die stryd tussen arbeid en kapitaal in Transvaal was.[124)] Die arbeiders se vrees vir naturellekompetisie op die terrein van geskoolde arbeid kom hier duidelik na vore, en die latere stryd en stakings oor die ratio tussen geskoolde (blank) en

---

121) Long, B.K. Drummond Chaplin; his life and times in Africa, p.60.

122) Spoelstra, B., op. cit., p.33.
Meyer, I.M., op. cit., p.119.
Die stigting van die „White Labour League" onder leiding van F.H.P. Cresswell in 1903 is spontaan deur die arbeiders ondersteun. Vergelyk Spoelstra, B., op. cit., p.7.

123) Headlam, C., red., op. cit., bd. 2, p.458-459. (Die arbeidsonrus onder blankes in Australië in die tyd was vir Milner se redenasie 'n ondersteunende feit.

124) Spoelstra, B., op. cit., pp.7, 33.

ongeskoolde (nie-blanke) arbeid het hier begin.[125] Die arbeiders het Milner en die mynmagnate se redenasie geïnterpreteer as 'n poging om deur die naturel die blanke se ekonomiese en politieke aspirasies te neutraliseer. Dit het die gevolg gehad dat die kloof tussen blanke en nie-blanke arbeiders vergroot is, en 'n duideliker differensiasie het ingetree. Verder was dit uit die aard van die saak nie bevorderlik vir blanke en nie-blanke verhoudinge in die algemeen en op arbeidsgebied in die myne in die besonder nie.

In die programme van die verskillende arbeiderspartye het die naturellevraagstuk byna geen aandag geniet nie. By die meeste is stemreg vir alle <u>blankes</u> bepleit, maar verder val die klem op die sosialisering van produksiebronne en verkeersmiddele, die instelling van 'n ministerie van arbeid en ander meer direkte arbeidersbelange. Die South African Democratic League is die enigste party wat in sy Program voorstel dat 'n regeringskommissie van 3 lede benoem moet word om naturellegriewe op pitso's en indaba's te verneem om sodoende as skakel tussen die naturelle en regering te dien.[126] A.S. Raitt, 'n lid van Milner se Wetgewende Raad en later van die benoemde tweede kamer en 'n vooraanstaande lid van die „arbeidersbeweging," het hierop voortgebou deur 'n naturelleparlement van verkose lede, met

---

125) Die Program van die South African Democratic League vra byvoorbeeld in art. 5 uitdruklik „legislation to confine skilled labour to white employees only." (<u>The Star</u>, 30 Julie 1906, p.12) Vgl. ook Van Heerden, F.J. Die Randse staking van 1922, p.146. Spoelstra verklaar: „Deurdat die persentasie blanke tot gekleurde werkers steeds gekrimp het, is die arbeiders tot reaksie teen die kapitaliste gedwing." (Spoelstra, B., op.cit., p.33.)

126) <u>The Star</u>, 30 Julie 1906, p.12. (Art. 9 van die program.)

die Minister van Naturellesake as voorsitter en skakel, voor te stel.[127] Dit sou die betrokke minister ongetwyfeld tussen die duiwel en die diep see land beland het. Tot beleidsontplooiing oor die naturellevraagstuk het die arbeiders in die politiek dus nie voor 1907 gekom nie. Onderlinge twiste, beklemtoning van belange, gebrek aan leierskap en die feit dat die ander politieke partye, veral Het Volk en die Responsibles, aan baie 'n tuiste gebied het, was hiervoor verantwoordelik.

'n Baie belangrike rede vir die gebrek aan 'n naturellebeleid lê opgesluit in die feit dat verskillende van die ekstremistiese sosialiste gelykstelling tussen blank en nie-blank voorgestaan het. Hulle het in die beleidsontwikkeling as 'n remskoen gedien. Die heel eerste politieke party onder die arbeiders in Transvaal, die Socialist Labour Party wat in 1902 ontstaan het, was heeltemal Marxisties georiënteerd.[128] Een van die leiers, Jock Campbell, „was the first Socialist to make propaganda among the African Workers, and spoke for unity among all wage slaves, regardless of colour."[129] Ook in die vakbonde was daar van die sosialiste wat in die openbaar hierdie gelykstellingsbeginsel verkondig het."[130] W.H. Andrews (Comrade Bill), sekretaris van die Trades Council en voorsitter van die Labour Representation Council, was ook dié sienswyse toegedaan, maar

127) Colquhoun, A.R., op.cit., p.88.

128) Cope, R.K., op.cit., p.82.

129) Ibid., p.98.

130) Ibid., p.93. (Tom Mathews, sekretaris van die Transvaal Mine Workers Association, voor die 1907-mynkommissie.)

het uit vrees vir sy pos nie daarvoor uitgekom nie. Later word hy die stigter en eerste leier van die Kommunisteparty in Suid-Afrika. Hier het ons dus ook die kiem van 'n party wat later in Suid-Afrika op die gebied van die naturellevraagstuk baie probleme sou skep, maar ook een van die redes vir verdeeldheid in arbeidsgeledere. Met die begin van konsolidasie onder arbeiderspartye is dit egter opvallend dat die meer ekstremistiese sosialistiese idees geleidelik op die agtergrond raak en selfs heeltemal verdwyn — 'n aanduiding dat dit vir die meerderheid arbeiders nie aanvaarbaar was nie.[131)]

## 3. Samevatting

Die Arbeiderspartye se gebrek aan 'n besondere naturellebeleid moet verklaar word uit hulle belangegebondenheid. Die vraagstuk geniet slegs aandag ten opsigte van hulle eie direkte belange, en 'n algemeen Transvaalse of Suid-Afrikaanse uitkyk ontbreek op hierdie stadium heeltemal. Die feit dat nie een van die arbeiderspartye belangstelling vir die naturellekwessie en die vraagstukke in verband daarmee openbaar het nie, is bewys van hulle beperkte uitkyk.

Die onderlinge stryd veral tussen vakbonde wat nie oor 'n gemeenskaplike politieke partyprogram ooreen kon kom nie, het ook die ontwikkeling van 'n eie naturellebeleid benadeel. Die Witwatersrandse Ambags- en Arbeidersraad se bemoeiing om eenheid te bewerk-

---

131) The Star, 14 Mei 1906, p.9. (Met die stigting van die Independant Labour Party, Mei 1906, is op 'n vraag verklaar dat 'n vroeëre party met dieselfde naam vir die werkers nie aanvaarbaar was nie omdat dit te sosialisties was.)

stellig was ook nie geslaagd nie, en dit is baie duidelik dat 'n gebrek aan sterk leierskap onder die arbeiders telkens die pogings tot konsolidasie gekortwiek het.

Die benadering van die Arbeiders tot die naturellevraagstuk lewer duidelike bewyse dat die grootste meerderheid ten gunste van die Het Volk-beleid of tradisionele sienswyse van die Transvaal was, en daarmee staan hierdie groep dus meer regs as die Progressiewes en selfs die Responsibles, maar met die belangemotief as die bepalende faktor. Kompetisie met die nie-blankes het veral na 1903 hoe langer hoe meer 'n groepsgees onder die blanke arbeiders laat posvat, en 'n mens kon verwag dat beleidsontplooiing oor die vraagstuk op die duur besondere aandag sou kry.

Vir die meeste arbeidersorganisasies was die naturellevraagstuk 'n faset van die arbeider se probleme. Hulle ekonomiese posisie en bestaansvooruitsigte het hulle vraagstukke en vrese na vore gebring : werkloosheid, die verhouding met die kapitaliste, werksomstandighede, sosialisme, die Chinese en die naturelle was op hierdie stadium almal min of meer ewe belangrike sake in arbeiderskringe. Die naturelle het wel baie duidelik 'n bedreiging vir die blanke werker ingehou, veral vir die toenemende getal ongeskooldes, maar dit was tot ongeveer 1907 nie vir die arbeider 'n politieke, kulturele of sosiale bedreiging nie, slegs 'n bevolkingsgroep in wie hulle 'n toenemende bedreiging vir hulle werk as bestaansbron gesien het, veral toe die kleurling en later die naturellearbeid begin het om die terrein van halfgeskoolde arbeid binne te dring. Daarom was daar uit vrees vir hierdie geleidelike erosie van blanke arbeid 'n sterk

beweging in die rigting van die gebruik van slegs blanke arbeid. Op hierdie stadium in die ontwikkeling van georganiseerde arbeid, politieke groeperinge en partye uit die geledere van die arbeiders kan 'n mens dus nie 'n nasionale beleid of benadering verwag nie. Hulle het nog te veel teen hulle onmiddellike omstandighede vasgekyk en nog nie begin soek na die oorsprong van die bedreiging van blanke arbeid nie, nog nie politiek bewus geraak in so 'n mate dat hulle van bo af sou poog om die saak te beredder nie.

Rekening moet ook gehou word met die feit dat ander politieke partye, veral Het Volk, doelstellings aangeneem het wat baie arbeiders getrek het, veral Afrikaners aan die Rand wat op daardie stadium nog nie in die vakbonde betrek was nie. Art. VII van die Het Volk-program stel blanke arbeid op die myne as 'n oogmerk in die vooruitsig, terwyl art. X oor die beskerming van industriële blanke arbeid handel. Politiekbewuste arbeiders, veral Afrikaners, het dus aanvanklik hiér 'n tuiste gevind; maar hulle het later deur omstandighede vervreemd van die eie geraak, ook deur die toedoen van sommige Boereleiers, en toe hulle gewig by georganiseerde arbeid en later by die Arbeidersparty ingegooi. Tot op dié stadium, dit wil sê 1908, het geen betekenisvolle beleid uit arbeidergeledere na vore gekom nie. Dit lei egter geen twyfel nie, en latere ontwikkelinge bevestig dit, dat ons hier met 'n ontwikkelende politieke party te doen gehad het, wat deur die omstandighede van sy ondersteuners en die naturellebedreiging van blanke arbeid die potensiaal van 'n besondere beleid ten opsigte van die vraagstuk besit het. Later, toe op nasionale skaal georganiseer en skakeling met arbeidersbewe-

gings in ander sentrums buite Transvaal bewerkstellig is, het hulle die probleem in sy omvattendheid begryp en toe tot besondere beleidsformulering gekom.

## IV SAMEVATTING

Dat Transvaal in die tydperk 1902-1908 fenomenale ontwikkelinge op politieke gebied ondergaan het, is baie duidelik. 'n Groot aantal politieke partye, 'n verskynsel wat voor 1902 in dié gebied onbekend was, het ontstaan, en die naturellekwessie het op enkele uitsonderings na in die beleidsformulering van elk van die partye voorgekom. Dit was sonder twyfel 'n baie aktuele vraagstuk waaraan geen party kon ontkom nie. Tog kom 'n mens tot die besef dat politieke partye in Transvaal hulle moeilik aan 'n oplossing en beleidsformulering gewaag het. 'n Beleidstandpunt oor die kwessie was in dié tyd 'n onvermydelike eis vir enige politieke party, maar die eis is nie altyd met 'n duidelike beleid beantwoord nie. Oor die algemeen was al die partye onderskrywers van die tradisionele Transvaalse beleid van geen gelykstelling nie. 'n Behoorlike inhoud aan hierdie uitgangspunt ontbreek egter nog veelal, en daar was by sommige partye die neiging om die kwessie met ietwat vae en soms ontwykende algemeenhede af te maak.

Die redes vir dié benadering is nie moeilik om te vind nie. Die antwoord lê egter nie in die eerste plek opgesluit in die feit dat dit 'n omstrede kwessie was nie, maar in die politieke klimaat wat in Transvaal geheers het. Almal was min of meer bereid om in die rigting van die tradisionele Transvaalse beleid 'n oplossing te

soek. Die aanvoeling van die partye vir die vraagstuk en die onderlinge verhouding tussen die partye was egter onseker te midde van die algemene bevolkings-, politieke en ekonomiese toestand in Transvaal. Het Volk wou byvoorbeeld nie deurtas tot 'n daadwerklike praktiese oplossing nie omdat dit moontlik sy algemene uitgangspunt van konsiliasie kon laat misluk.

Die tyd en omstandighede daarvoor was nog nie ryp nie. Tog was 'n duidelike, maar nie dikwels gestelde, positiewe beleid ten opsigte van die naturellevraagstuk by sommige leiers en lede van die party aanwesig. Die benadering was oor die algemeen positief en verantwoordelik, maar omdat dit nie 'n saak vir politieke bespreking gemaak is nie, het praktiese beleidsontwikkeling nie eintlik plaasgevind nie.

Die Responsibles was bereid om die algemene benadering van Het Volk te onderskryf maar hulle was aanvanklik versigtig vir besonderhede. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die feit dat die party baie lede bevat het wat nie te vinde sou wees vir die algemene aanvaarding en praktiese toepassing van die Het Volk-beleid nie; andersyds het die Responsibles nie die diepgewortelde aanvoeling van die vraagstuk gehad wat by die Het Volk-ondersteuners bestaan het nie. Hulle was aanvanklik versigtig en onseker en later tog oorgretig om die skynbaar meer onpartydige en middelmatige beleidsaanbevelings van die Lagden-kommissie te aanvaar. Dit sou ten minste die verwyt dat hulle die Boere en Het Volk se beleid sonder meer aanvaar het, voorkom. Die Party is, wat die Transvaalse benadering tot die naturellevraagstuk betref, dus slegs 'n ondersteunende

en geen beleidsontwikkelende rigting nie. 'n Gefundeerde en positiewe bydrae tot die oplossing van die naturellekwessie kon hulle nie lewer nie al het dié Engelse party in sy program veel meer aandag aan aspekte van die vraagstuk gegee as enige ander party onder dié bevolkingsgroep in Suid-Afrika.

Die verskillende Arbeiderspartytjies val in 'n groot mate buite die algemene politieke patroon in Transvaal. Hulle was almal primêr ingestel op die belange van 'n bepaalde seksie wat betrokke was by en beleidsoogmerke gehad het ten opsigte van slegs die belange van die blanke mynwerkersgroep. Tog was daar aanduidings dat hierdie rigting, wat voor 1908 toenemend gekonfronteer is met 'n groeiende naturellearbeidersbedreiging, hulle op die duur duideliker oor die vraagstuk sou uitlaat. Gebrek aan konsolidasie en eensgesindheid voor 1908 bring egter mee dat weinig ten opsigte van die naturellebeleid by hulle na vore gekom het.

Die Progressiewe Party was, vanweë sy negatiewe houding ten opsigte van selfregering, sy Britse en ekonomiese belangegebondenheid, van konstruktiewe beleidsformulering weerhou. Die Party laat deurgaans die indruk dat sy beleidsformulering vir enige wind van verandering aanpasbaar moes wees. Die naturellekwessie was vir die Party, wat sterk ekonomiese belange verteenwoordig het, te nou verweef met die naturellearbeidersbehoeftes van die goudmyne; en enige beleid wat vir dié behoefte bevorderlik was, sou hier waarskynlik steun kon verwag. Die teenoorgestelde is hier natuurlik ook waar en waarskynlik in 'n sekere mate.

Dit is baie duidelik dat 'n groot aantal omstandigheidsfaktore

beleidsformulering oor die naturellekwessie in Transvaal gedemp het. Naderende unifikasie-samesprekings, konsiliasie tussen die voormalige botsende blanke bevolkingsgroepe, interne politieke ontwikkelinge, die talle komplikasies wat die vraagstuk in Transvaal bevat het en die nie-partypolitieke uitgangspunt van die regerende Het Volk-party het alles bygedra tot die afwesigheid van meer volledige beleidsontplooiing. Tog moet ten slotte opgemerk word dat daar geen betekenisvolle aanduidings bestaan het om enige afwyking van die tradisionele Transvaalse uitgangspunt en beleid te verwag nie. Beginselstandpunte was om die verskillende genoemde redes, maar veral as gevolg van die konsiliasiebeleid van Het Volk,nie so prominent soos byvoorbeeld in die Vrystaat nie; maar as dit op stuk van sake sou gekom het, sou al die partye, met die uitsondering van die Progressiewe Party, 'n voorspelbare standpunt ten opsigte van byvoorbeeld die Kaapse naturellestemregbeginsel ingeneem het. Sterk ondersteuning van 'n positiewe segregasiebeleid kon van die grootste deel van die partyondersteuners in Transvaal verwag word; die regte politieke leiding en klimaat het egter ontbreek, en dít was 'n belangrike belemmering vir duideliker beleidsontwikkeling in dié tydperk.

---oOo---

HOOFSTUK 6

# POLITIEKE PARTYE EN DIE NATURELLEKWESSIE IN DIE VRYSTAAT.*)

Die benadering tot die naturellevraagstuk in die Oranje-Vrystaat het in hoofsaak met dié in die Zuid-Afrikaansche Republiek ooreengestem, hoewel twee sake die politieke aktualiteit van die vraagstuk in die Vrystaat minder dringend gemaak het. Die Vrystaat het naamlik oor 'n veel kleiner naturellebevolking beskik[1] en verder ook nie te kampe gehad met die probléme wat in Transvaal met die goudmynbedryf se groot naturellearbeidsbehoefte gepaard gegaan het nie. Die vraagstuk was dus in die Vrystaat, veral na die beëindiging van die Basoetokwessie, minder gekompliseerd. Dieselfde beskouing ten opsigte van die naturellekwessie as wat in Transvaal gehuldig is, kon en het gevolglik hier prakties en tot 'n mate teoreties verder ontwikkel.

## I DIE POSISIE VÓÓR 1902

Politieke partye en groeperinge, gerig op die staatkundige organisasie van die Vrystaat self, het nie voor die oorlog bestaan nie[2]:

---

*) Deurgaans word verwys na die Vrystaat, Oranje-Vrystaat of O.V.S., hoewel die gebied van 1902-10 as die Oranjerivier-Kolonie bekend gestaan het.

---

1) The Star, 24 Junie 1906, p.9. (Volgens J.G.Fraser was daar teen 1906 'n naturellebevolking van ± 244,000 en 'n blanke bevolking van 140,000. Fraser, J.G. Episodes in my life. Vergelyk ook Thompson, L.M. The unification of South Africa, p.486, bylae A I.)

2) Coetzee, P.H. Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, p.27. Jacobs, D.S. Abraham Fischer in sy tydperk, 1850 - 1913, p.209.

die bevolking se politieke organisasie en verskille was beliggaam in die republikeinse staatsinstelling wat ruimte daarvoor op 'n besondere en doeltreffende wyse gebied het deur middel van die gewone verteenwoordiging en die memoriestelsel. Binne hierdie „organisasie" was daar geen beginselverskille en stryd oor die plek en regte van die naturel in die staat nie. Die stigting van die Afrikanerbond in die Vrystaat ná 1880 en die kwessie van naturellelidmaatskap van die organisasie[3] kan egter as 'n weerspreking van die voorafgaande gesien word. Die Bond het hier wel 'n heel besondere plek beklee maar kwalifiseer eintlik nie as 'n politieke party in die volle sin van die woord nie, omdat dit nie op die staatsinrigting as sodanig gerig was nie. Tog moet die Bond se bestaan in die Vrystaat hier aandag geniet want die kwessie van naturellelidmaatskap vereis nadere ondersoek.

## 1. Die Afrikanerbond in die Vrystaat

Soos in Transvaal het die Afrikanerbond van ds. S.J. du Toit ook vanaf 1880 in die Vrystaat inslag gevind. Die Vrystaatse ondersteuners het ds. Du Toit en die Bond in die Kaap se hoofbeginsel soos volg vir hulleself aanvaar: „De Bond kent geen nationaliteit hoegenaamd dan slechts die der Afrikaners ....", dit is „allen van welke afkomst ook, die onder de bepalingen van deze Constitusie het heil en welvaart van Afrika beloven te behartigen." Die doelstelling was die aankweek van 'n nuwe „Zuid-Afrikaanse Nationaliteit" om so-

---

3) Coetzee, J. Albert, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.212-213. Coetzee verklaar nie die omstrede situasie wat daar oor naturellelidmaatskap van die Bond in die Vrystaat bestaan het nie.

doende „eene natie" tot stand te bring.[4] Toe die Bond te Bloemfontein met bogenoemde konstitusie geloods is, is daar voorgestel dat art. 1 met „blanke Afrikaners" gekwalifiseer moet word, maar dit word na 'n teëvoorstel verwerp, en die konstitusie is net so gelaat – dus skynbaar 'n uitdruklike besluit om nie-blankes nie uit te sluit nie.[5]

Die verklaring vir dié skynbaar paradoksale toestand kan met die volgende twee argumente gegee word: Eerstens het die Bond in die Vrystaat geen beleidsoogmerke en politieke ideale gehad wat op die Vrystaat se republikeinse staatsinrigting en bestuur gerig was nie, en dit was dus nie in die ware sin van die woord 'n politieke party nie. Die Bond in die O.V.S. het wel indirek met regeringsbeleid te make gehad vir sover dit die houding oor nouere samewerking met sy buurstate (veral Transvaal) geraak het, want die Bond se ideaal was ten slotte 'n verenigde Suid-Afrika; maar selfs ten opsigte hiervan was sy invloed meer indirek as direk. Kritiek teen die Bond in sekere kringe in die O.V.S. het egter nie uitgebly nie.

President Brand, wat 'n kolonialer uit die Kaap was, het ná al die spanning wat daar tot 1881 in Suid-Afrika geheers het, afsydig gestaan teenoor die opbruisende Afrikanernasionalisme wat in die Afrikanderbond tot uitdrukking gekom en wat met baie Vrystaters se

---

4) Loc.cit.

5) Loc. cit. (Die stigtingsvergadering was op 16 Mei 1881. Toe word ook as slagspreuk „Afrika voor de Afrikaners" aanvaar.)

strewe na hegter bande met Transvaal saamgeval het.[6] Hy was gesteld op goeie verhoudinge met die Kaap en die Britse regering en was die Bond nie goedgesind nie. Ook die gematigde Engelse was nie te vinde vir die Bond se ideale nie.[7]

Die deelname van die Vrystaatse hoofregter, F.W. Reitz, aan die Bond se aktiwiteite, ook in die Kaap, het aan Sir Hercules Robinson, Goewerneur van die Kaap en Britse Hoë Kommissaris, vrymoedigheid gegee om 'n brief aan pres. Brand te skryf waarin hy Reitz se deelname aan die saak as in stryd met Britse belange sien. Hy wou ook weet of Reitz dit met Brand se mede-wete en toestemming doen.[8] Brand se opmerking was, aldus J.G. Fraser, dat Reitz hom (Brand) blootstel as 'n medepligtige in die saak[9] wat ten slotte om die propagering van 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag gedraai het. President Brand het toe op 'n vergadering te Smithfield in 1881 die Bond skerp aangeval en bestempel as 'n imperium in imperio.[10] Dit het in 'n mate 'n demper op die Bondsaktiwiteite in die O.V.S. geplaas, maar F.W. Reitz in elk geval nie afgeskrik nie. Hieruit blyk een saak dus duidelik, naamlik dat die spil waarom alles in die Vrystaatse

---

6) Jacobs, D.S., op. cit., p.250-252.
Scholtz, G.D., President Johannes Henricus Brand, 1823-1888, p.243-246.

7) Fraser, J.G., op. cit., p.78.

8) Ibid., p.78.
Scholtz, G.D. President Johannes Henricus Brand, p.245.

9) Fraser, J.G., op. cit., p.78.

10) Ibid., p. 80-82.
Scholtz, G.D., President Johannes Henricus Brand, p.244.
Hofmeyr, J.H. Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr, p.223.
(Pres. Brand het nie verduidelik of hy die Bond as 'n bedreiging vir die Vrystaatse of Brits-Suid-Afrikaanse imperium gesien het nie. Hy was egter duidelik bevrees dat die Bond die orde in Suid-Afrika kon versteur.)

Bond gedraai het, 'n verenigde, Afrikaans-georiënteerde Suid-Afrika was.

Dat die Afrikaans-nasionale die alpha en omega vir die noordelike ondersteuners van die Bond was, blyk ook uit die feit dat belangstelling in Transvaal en ná 1885 ook in die Vrystaat afgekoel het[11)] nadat Hofmeyr en sy ondersteuners feitlik die Bond (in elk geval die leiding) oorgeneem het. Met die samesmelting (Boerebeskermingsvereniging en Bond) in 1883 was F.W. Reitz die man wat tevergeefs vir die behoud van die Afrikaans-nasionale strewe van die Bond geveg het.[12)] Hofmeyr wou die beginsel afwater en het ook daarin geslaag. Hy het later dan ook openlik vereniging onder Britse vlag – in teenstelling met eie vlag – gepropageer.[13)] So het die entoesiasme van die noordelike aanhangers namate Hofmeyr se strewe duideliker geword het, begin kwyn, en later het verdere lidmaatskap vir hulle selfs ondergrawing van hulle eie staatsfondamente beteken. Dit gaan vir die Vrystaters dus om die Suid-Afrikaans-nasionale oogmerke van die Bond en op daardie stadium niks anders nie, ook nie die beginsel van naturelledeelname aan die blanke politiek nie.

Die tweede argument is dat dit vir die Vrystaters nie nodig was om uitdruklik te bepaal dat die Bond se hoofbeginsel slegs die blankes geld nie; die tradisionele standpunt hieroor was immers vanselfsprekend. Die Kaapse Afrikanerbond van ds. Du Toit, waar naturelle

---

11) Coetzee, J. Albert, op. cit., p.219 (O.V.S.) p.232 (Z.A.R.).

12) Ibid., p.127-128.
Hofmeyr, J.H., op. cit., p.221.

13) Coetzee, J. Albert, op.cit., p.152-153, ook. p.109.

wêl 'n faktor in die politiek was en politieke regte besit het, het uitdruklik standpunt ingeneem téén naturelledeelname deur hom spesifiek tot die blankes te rig en naturelle uitdruklik uit te sluit,[14] iets wat vir die O.V.S. nie nodig was nie.

Die ondersteuning van die Bond in die O.V.S. moet ons dus primêr sien as spontane inskakeling by die golf van Afrikaner-nasionalisme se staatkundige eenheidsideaal (versus die Brits-imperiale ideaal soos verteenwoordig deur Carnarvon) wat gevolg het na die aanloop tot en uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog.[15] Die Vrystaatse tradisionele beleid ten opsigte van die naturelle en die eensgesindheid van die bevolking daaroor was dus ongeskonde toe die oorlog in 1899 uitgebreek het, al het die Bond se geskiedenis in die Vrystaat op die oog af die skyn gegee dat dit nie so is nie.

2. Na die oorlog

Die Vrystaatse bevolking moes na die oorlog en die gevolglike verlies van die republikeinse staat waarin hulle politieke aktiwiteite beliggaam was, hul politieke aspirasies in 'n politieke party organiseer. Die oorlog het egter die groot mate van homogeniteit in politieke aangeleenthede, waarvoor die model-Republiek bekend was, versteur. Na die oorlog het 'n deel van die klein en voormalig gematigde Engelse bevolking van die groot groep afgeskei en die Constitutional Party gevorm, terwyl pogings tot die vorming van 'n ar-

14) Sien supra p. 47.

15) Du Toit, J.D. Ds. S.J. du Toit in weg en werk, p.156.
Hofmeyr, J.H., op. cit., p.22.

beidersparty ook aangewend is. Die grootste deel van die bevolking skaar hulle egter by die Orangia-Unie. Met hierdie differensiasie vertoon die naoorlogse partyvorming in die Vrystaat dus 'n groot ooreenkoms met ander omliggende state.

## II DIE ORANGIA-UNIE EN DIE NATURELLEVRAAGSTUK

Politieke ontwaking onder die bevolking van dié kolonie het begin as gevolg van die optrede van die Milner-administrasie. Teleurstelling oor die kompensasie-beloftes, die ondergrawing van die volkseie in die onderwys en die miskenning van die Afrikaanse taal op verskeie openbare terreine was die hoofredes. Hierdie ontevredenheid lei eventueel tot 'n openbare vergadering te Brandfort gedurende September 1904, en daar word besluit om 'n volkskongres gedurende Desember te hou. Hierna volg 'n tweede kongres gedurende Julie 1905, waar besluit word om 'n organisasie te stig. Genls. Hertzog en De Wet, adv. A. Fischer, adv. C. Botha, dr. A.E.W. Ramsbottom en mnre. C.H. Wessels en J. Brebner stel 'n konstitusie op, en tydens die derde kongres, op 3 en 4 Mei 1906, word dit aanvaar en kom „De Volksvereeniging Orangia", in die volksmond Orangia-Unie, formeel tot stand.[16] Oor die naturellevraagstuk is daar in die aanloop tot

---

16) Vir verdere besonderhede word verwys na: Marais, A.H. Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1912.
(Genl. Hertzog het tydens die stigtingsvergadering verklaar: „Ek pleit vir samewerking, vir vergewing, verskoning; dog dit alles nooit ten koste van die selfrespek van die volk nie - dan liewer geen samewerking nie as dat die selfrespek van die volk verlore gaan. Nooit sal ek 'n pleidooi lewer wat die volkskarakter van die Afrikaner sal laat verlore gaan nie." Marais, A.H., op.cit., p.64-65.)
Vgl. ook Coetzee, J.Albert, op. cit., p.28 en
Jacobs, D.S., op. cit., p.337.

die stigting nie in besonderhede getree nie; in elk geval was die doel nie om te kom tot beleidsformulering oor dié vraagstuk nie. Die uitgangspunt was egter "....dat het niet wenschelijk is dat

deze kwestie op eenigerlei wijze van buiten Zuid-Afrika word aangevoerd (verwysende na Britse inmenging) of dat eenige oplossing daarvan worde beproefd, alvorens Verantwoordelijke Regering in deze Kolonie en in Transvaal is vast-, en in werking gesteld, en blijft het kongres derhalwe berusten by de bepaling dienaangaande in het Vereeniging Tractaat vervat."[17] Die leiers

van die Unie het egter by verskillende geleenthede hulle standpunt oor dié vraagstuk gestel en die rigting aangedui waarin die oplossing gesoek moes word. Dit gaan egter primêr om die onderstreping van die erns en dringendheid van die vraagstuk waarvoor Suid-Afrika, volgens die sprekers, self 'n oplossing moes vind.

Reeds in 1903 het genl. Hertzog, wat mede-verantwoordelik was vir die reeds genoemde bepaling in die vredesdokument, verklaar dat segregasie Suid-Afrika se enigste oplossing vir die vraagstuk is en dat die beleid so gou moontlik ontplooi en geïmplementeer moet word.[18] Hy en ander leiers van die Orangia-Unie het dan ook die vraagstuk gesien as 'n nasionale vraagstuk en 'n belangrike rede vir nouere vereniging tussen die verskillende Suid-Afrikaanse state.[19] Hulle

---

17) Orangia Unie. Beginselen (art. XI).
Vgl. ook Orangia Unie. Verrichtingen van het derde jaarlijksch congres der Orangia Unie te Bloemfontein gehouden op 16, 17 en 18 Maart 1908. Vgl. ook Marais, A.H., op.cit., p.228-234, bylae F.

18) Hertzog, J.B.M. Brief aan Bell, F.W., 9 Mei 1911, in Bell, F.W. Open letter to members of the Legislature of the Union of South Africa, p.3-4.

19) Marais, A.H., op. cit., p.140.

het egter telkens beklemtoon dat hulle wou sien dat daar slegs na rype beraad tot die formulering van 'n eenvormige beleid gekom moet word.[20] Abraham Fischer, leier van die Orangia-Unie, het die naturellevraagstuk by verskillende geleenthede bestempel as 'n nasionale vraagstuk wat die voortbestaan van alle blankes in Suid-Afrika raak. Hy het hom rondborstig uitgespreek ten gunste van die behoud van Suid-Afrika as 'n witmansland, maar hy sê die naturelle moet eerlik en regverdig behandel word. Wat vir die blankes „een lewens kwestie" was, is ook vir die inboorlinge van belang, selfs van meer belang as vir die blankes, want hy gun hulle ook 'n eie bestaansreg en vooruitgang.[21] Dit is 'n beskouing wat dus heeltemal ooreenstem met die standpunt van Botha en Smuts in Transvaal.

Die stemregvraagstuk het kort voor die verlening van selfregering aan die Oranjerivier-Kolonie 'n klein opskudding veroorsaak. Gedurende Maart 1906 het I.A. Molteno uit Londen aan genl. Hertzog voorgestel dat die aanvaarding van die Kaapse stemregstelsel sake baie sou vergemaklik met die oog op selfregering.[22] Dit was egter 'n totaal onaanneemlike voorstel en sou nie eers oorweeg word nie. Kort hierna het Lord Milner, teen sy beterwete, in Brittanje verklaar dat die woord „native" in die vredesdokument nie kleurlinge insluit nie en dat dit gevolglik troubreuk sou wees indien kleurlinge nie on-

---

20) Jacobs, D.S., op. cit., pp. 340, 361.
Neame, L.E. Genl. Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924, p.77.

21) Jacobs, D.S., op. cit., pp. 340, 342, 361.

22) Van den Heever, C.M. Genl. J.B.M. Hertzog, p.215.

der die nuwe konstitusie stemreg kry nie.[23] 'n Deputasie is hieroor na die Luitenant-Goewerneur in Bloemfontein gestuur, en hier is deur adv. Fischer verklaar dat hulle geen afwyking van die tradisionele posisie sal duld nie.[24] Hulle beskou dit as onregverdig en 'n aanleiding tot onrus indien die kleurlinge uitgesonder en bevoorreg word bo die naturelle. Verder dat die term „kleurlingen" wat algemeen in die Vrystaat vir alle gekleurdes gebruik is, ook deur „native" ingesluit word.[25] Die reaksie op die uitspraak van Milner dui aan dat die Vrystaters hieroor 'n baie vaste standpunt gehad het, en die aangeleentheid het ook net daar geëindig. Selfregering is in November 1907 toegeken en die Orangia-Unie se standpunt, naamlik stemreg slegs aan blankes, is daarin beliggaam.

Die naturellekwessie is in die konstitusie vir die Britse kroon gereserveer, aangesien wetgewing ten opsigte van naturelle koninklike goedkeuring moes kry. Dit was vir die Orangia-Unie vanuit die staanspoor 'n steen des aanstoots. In politieke toesprake voor Unifikasie word daar herhaaldelik geprotesteer teen Britse inmenging in die huishoudelike vraagstuk; dit is gesien as 'n stok in die wiel van eie Suid-Afrikaanse beleidsontplooiing. Hulle was oortuig dat die

---

23) The Star, 16 Julie 1906, p.8.

24) Die Vrystaters was vurig teen die Kaapse naturellestemreg gekant. Vergelyk The State, vol. I, Februarie 1909, p.199-200; ook Van den Heever, C.M., op. cit., p.215.

25) The Star, 23 Julie 1906, p.9. (In toesprake soos gerapporteer in koerante word dikwels die woord „kleurlinge" (coloured population ) gebruik wanneer nie-blankes, dit wil sê alle gekleurdes, bedoel word of ook slegs na die naturelle verwys word.)

vraagstuk deur niemand anders as die volk self opgelos kon word nie.[26)]

Die Orangia-Unie en sy leiers was tot geen kompromis bereid nie en het ook sitting in Milner se Wetgewende Raad geweier, want „hulle het al duidelik genoeg gesien wat sy naturellebeleid is."[27)] So is die status quo wat die vraagstuk betref, gehandhaaf in afwagting van selfregering en daarna van unifikasie.

Die volgende sake staan dus by die Orangia-Unie se benadering tot die vraagstuk voorop:

(i) Die vraagstuk moet in beginsel onaangeroerd bly totdat selfregering toegeken is — aldus hulle wyer interpretasie van die 1902-vredesbepaling.

(ii) Die uitgangspunt in die ontplooiing van 'n algemene beleid is die behoud van Suid-Afrika as 'n „witmansland", maar in dieselfde asem ook die bevordering en erkenning van die naturel se vooruitgang en bestaansreg.

(iii) Segregasie word as die oplossing gesien, hoewel nie hieroor uitgewei is nie.

(iv) Dit is 'n nasionale vraagstuk waarvoor Suid-Afrika self sonder inmenging van buite 'n oplossing moet vind.

---

26) Jacobs, D.S., op. cit., p.340. (Program van Beginselen, art. XI).
Marais, A.H., op. cit., p.141.
(Die saak was tot met Unifikasie 'n doring in hulle vlees, dit het hulle eer gekrenk dat Brittanje hulle in die saak nie vertrou nie.)

27) Van den Heever, C.M., op. cit., p.185.

## III DIE CONSTITUTIONAL PARTY

Dié party het in die Vrystaat tot stand gekom nadat samewerking tussen Boereleiers en „gematigde" Engelse oor 'n nuwe grondwet gedurende April 1906 skipbreuk gely het as gevolg van die Engelse se standpunt dat die tyd vir volle selfregering nog nie ryp was nie. Voor die skeuring het die verteenwoordigers binne die sogenaamde Burgemeesterskommissie ten opsigte van die naturellevraagstuk die uitgangspunt aanvaar dat dit alleen 'n onderwerp van bespreking of wetgewing kon uitmaak nadat selfregering toegeken is.[28)] Dit het dus toe verhoed dat die presiese houding van die gematigde Engelse oor hierdie saak aan die lig kom.

Nadat die Orangia-Unie-ondersteuners, onder wie adv. Fischer, Gill en andere, hulle onttrek het, het die groep wat oorgebly het, die begin van die Constitutional Party wat teen die einde van 1906 gevorm is, uitgemaak. Opvallend is die feit dat die argumente en beginsels van hierdie groep met dié van die Progressiewe Party in Transvaal ooreengestem het.

In die Party se Program wat op 1 Junie 1907 gepubliseer is, word bepleit „that the Native should be treated with justice and fairness." Ook dat naturelle onder die beheer van die plaaslike regering moet wees.[29)] Die Program bevat verder 'n aantal vae beginsels en in elk geval niks wat aandui welke beleid ons van die Party kon verwag nie. Met stemreg beperk tot blankes en die geykte

---

28) Marais, A.H., op. cit., p.54.

29) The Star, 2 Junie 1907, p.7.

„just and fair" - benadering, sou 'n mens die Party se naturellebeleid feitlik by enige ander party in die Transvaal of die Vrystaat kon inskakel. Sy bestaansrede en -reg sentreer rondom die Britse ideaal in Suid-Afrika, wat na hulle mening deur die Liberale Party in Brittanje gesaboteer is en wat hulle nou self moet beredder ter wille van die „British minority" se regte teenoor die „rassistiese" Afrikaners. Hier is dus 'n sprekende ooreenkoms met die Progressiewes in Transvaal; maar dit geld dan ook die benadering tot die naturellevraagstuk.

As daar op die partyleier se getuienis voor die Lagden-kommissie gelet word, word dit duidelik dat die deur hier ook nie toe is vir die assimilasiebeginsel nie. J.G. Fraser het voor genoemde kommissie laat deurskemer dat hy teen die naturellestemreg is omdat die tyd nie toe ryp was om aan die naturel die voorreg te gee nie. Dit sou,volgens hom, minstens nog 'n generasie duur voor dit kon gebeur, omdat die naturelle nog nie genoegsaam opgevoed was nie.[30] Hy is wel te vinde vir politieke regte vir naturelle as hulle deur blankes verteenwoordig word.[31] Die partyleiding,om wie die party sou staan of val,het dus nie soos die Orangia-Unie rassedifferensiasie prinsipieel vir die huidige en die toekoms aanvaar nie. Vir Fraser het slegs omstandigheidsfaktore dit op daardie oomblik onmoontlik gemaak.

Daar is dus inderdaad 'n grondliggende verskil tussen die Orangia-Unie en die Constitutional Party se benadering tot die vraagstuk,

---

30) South African Native Affairs Commission, 1903 - 1905. Minutes of evidence, Vol. IV, p.277.

31) Ibid., p.278.

en die teëstelling is in die gedagte van „justice and fairness" beliggaam. Die woorde impliseer egter ook die teenstrydighede binne die Constitutional Party. Dit kom aan die lig as 'n liberale gematigdheid, 'n goedige humanisme en 'n inherente teenstrydigheid in die progressiewes se „justice and fairness" as J.G. Fraser, leier van die Opposisie, met die bespreking van die konsepgrondwet van die Unie hom so uitdruk: „With regard to the question of Native Franschise I deprecated the warmth with which the mover had discussed it, thinking it prudent („fairness") not to ignore the rights („justice") of those who qualified themselves to obtain it, and that it was wise to leave the matter to the Central Parliament."[32)]

Die naturellebeleid van die Constitutional Party het dus klaarblyklik nie die helder klank wat ons wel by die Orangia-Unie aantref nie. Die twee partye verskil dan ook, as 'n mens dieper kyk, uit die wortel van mekaar. Die een is uit die volk, dit wil sê uit Afrikaners en gedeeltelik ook uit gematigde Engelse gebore, om in 'n bepaalde behoefte van land en volk te voorsien; die ander is in 'n sitkamer, onder die leiding van 'n paar ekstrimistiese (voor 1902 ook gematigde) Engelse, gebore om belange te bevorder wat vreemd gestaan het teenoor die eie bodem en daarom ook ten opsigte van die naturellevraagstuk anders georiënteerd was. Die beleid spruit nie hier uit 'n diepgewortelde tradisionele aanvoeling nie, maar uit die kontemporêre, die feite van die oomblik; en daarom kon dit nie anders as pragmatisties wees nie.

---

32) Fraser, J.G., op. cit., p.351. Die woorde in hakies is nie deel van die sin soos dit in die aangehaalde werk voorkom nie maar is deur die skrywer hiervan ingevoeg.

## IV SAMEVATTING

Op die oog af het beleidsformulering oor die naturellekwessie in die Vrystaat nie eintlik veel van dié van politieke partye in Transvaal verskil nie. As dieper gekyk word en rekening gehou word met die feit dat 'n positiewe segregasiebeleid later in 'n nog sterker mate uit die Vrystaat, soos dit beliggaam was in die Hertzog-beleid, te voorskyn getree het, begin 'n mens soek na die rede waarom dit die geval was.

Die eerste en voor-die-hand-liggende rede lê opgesluit in die konsiliasiebeginsel. In Transvaal is ter wille van samewerking met 'n groter Engelse bevolking nie sterk klem op beginsels gelê nie. In die Vrystaat was dit anders. Die Orangia-Unie was vanuit die staanspoor nie bereid om te kompromitteer nie en sou nie met prysgawe of skending van beginsels samewerking soek nie. Daarom kon die tradisionele benadering tot die naturellekwessie nie alleen sonder vrees voorgestaan word nie, maar selfs 'n meer positiewe inhoud verkry. Die Vrystaatse nugtere en ongekompromitteerde toepassing van die tweetaligheidsbeginsel in die onderwys is ook 'n illustrasie hiervan.

Die feit dat die Engelse bevolkingselement klein en oorwegend gematigd was, moet ook as 'n belangrike rede vir suiwerder en sterker standpunte in die Vrystaat beskou word. Die pragmatisme van die Constitutional Party was ook meer gerig op assosiasie met sy eweknieë buite die Vrystaat as op die Orangia-Unie-ondersteuners as sodanig. Die Constitutional Party was verder te klein aan omvang en invloed om dit vir die Orangia-Unie nodig te maak om samewerking met toegewings te soek. By die Engelse Party het dit ook te veel gegaan om

die behoud en bevordering van die Britse karakter en belange in Suid-Afrika en daarom was beleidsformulering ten opsigte van die naturellekwessie van minder belang.

'n Verdere rede vir groter helderheid en duideliker perspektief oor die naturellekwessie in die Vrystaat, meer bepaald by die Orangia-Unie, is die feit dat hulle nie met 'n oorweldigende naturellevraagstuk te doen gehad het nie. Die vraagstuk het hier ook nie soveel komplikasies as elders gehad nie. Hulle kon dus daarom makliker 'n weg vind met hulle eie naturellevraagstuk en as gevolg hiervan met groter perspektief en sterker aanvoeling die Suid-Afrikaanse omvang van die vraagstuk raaksien en aandurf. Dat die Suid-Afrikaanse omvattendheid van die vraagstuk en die noodsaaklikheid van 'n algemene en eenvormige beleid hier sterker aangevoel is as in enige ander gebied, is dus te begrype. Hulle het ten dele van buite na die vraagstuk gekyk.

Dit mag miskien voorkom of te veel waarde geheg word aan die feit dat genl. Hertzog se latere beleid uit Vrystaatse bodem voortgekom het. Daar is egter genoegsame rede en bewyse om aan te neem dat die beleid nie slegs genl. Hertzog se konsepsie was nie. Alles dui daarop, en C.M. Tatz sê dan ook, dat die latere Hertzog-naturellebeleid uit sy Oranje Vrystaat-agtergrond voortgevloei het.[33] J.M. van Reenen, 'n Vrystaatse Afrikaner, het voor die Lagden-kommissie verklaar dat hy teen naturellestemreg beswaar het, nie op grond van kleur nie, maar

---

33) Tatz, C.M. Shadow and substance in South Africa, p.14.

in beginsel.[34] Die kwessie was vir die Orangia-Unie nie 'n middelmatige saak nie, maar 'n saak van beginsel waaroor nie 'n kompromis aangegaan kon word nie. Dit was 'n „lewens kwestie" vir die blanke sowel as die naturel, en daarom is die beleid wat by die Orangia-Unie oor die aangeleentheid ontwikkel het, van besondere belang.[35]

---oOo---

34) South African Native Affairs Commission, 1903-1905. Report, par. 795 en 798, p.343.

35) Die reeds genoemde brief van genl. Hertzog aan F.W. Bell moet hier as van besondere belang beskou word. Hierin gee Hertzog te kenne dat hy segregasie sedert 1903 as die enigste oplossing sien. Hertzog aan Bell, 9 Mei 1911, in Bell, F.W. Open letter to members of the Legislature of the Union of South Africa, p.3-4.

# HOOFSTUK 7

# NATAL EN DIE NATURELLEVRAAGSTUK

## I NATAL SE POSISIE IN SUID-AFRIKA

Natal beklee in vergelyking met die ander Suid-Afrikaanse state in die onderhawige tydperk in meer as een opsig 'n unieke posisie. Wat die partypolitiek en die naturellevraagstuk in die besonder betref, verskil Natal wesentlik van al die ander gebiede. Vanweë sy ligging, bevolkingsamestelling, geskiedenis en plek in die tussenstaatlike verhoudinge is dié staat ook van besondere betekenis vir die Suid-Afrikaanse naturellevraagstuk voor Unifikasie.

Natal het in 1893 'n selfregerende gebied geword, en daarmee het die kolonie se kleurvraagstuk, vir sover die grondwet dit toegelaat het, sy eie terrein van optrede geword. Volle selfregering het dan ook die stryd oor die vraagstuk tussen die benoemde uitvoerende gesag en die verkose verteenwoordigers vóór 1893 beëindig en die eie regering in staat gestel om self 'n beleid ten opsigte van die gekleurde bevolkingsdeel te ontplooi. Die Indiërvraagstuk aanvanklik en die naturellevraagstuk veral na 1902 het dan ook die gebied se aandag voor unifikasie baie besig gehou.[1)]

Die Natalse bevolkingsamestelling spreek vir die student van die

1) Brookes, E.H. en Webb, C.de B. A history of Natal, p.255. Thompson, L.M. The unification of South Africa, p.41-42. Die Indiërvraagstuk val natuurlik buite die terrein van dié studie en met die opmerking dat dit saam met die naturellekwessie 'n omvattende kleurvraagstuk geskep het, word hier volstaan.

naturellevraagstuk boekdele. Die hoofsaaklik Britse blanke bevolking het in 1904 ongeveer 97,000, die kleinste in Suid-Afrika(nege persent)getel, teenoor die na verhouding, grootste nie-blanke bevolking van nagenoeg 1,000,000, waarvan 904,000 naturelle was - dus 'n verhouding van byna een tot elf, en Pyrah merk dus tereg op dat Natal „a small, isolated, white community set in a coloured sea" was.[2) ] Natal het dus, as getalle die maatstaf was, die grootste naturellevraagstuk gehad. Ons kan verwag dat hierdie feit van beslissende betekenis in die Natalse naturellebeleid sou wees.

## II GEEN POLITIEKE PARTYE

Natal verskil wesentlik van die ander gebiede in Suid-Afrika op partypolitieke gebied. Politieke partye van betekenis, ook wat naturellebeleid betref, het feitlik nie bestaan nie en die oorheersend Britse bevolking wat die regering beheer het, het in groepe hoofsaaklik rondom persone verdeel.[3)] Die basis van die wisselende verdeling veral tussen 1902 - 10 was landboubelange, met die stedelike handelslui as wisselende ondersteuningsgroep.[4)]

Die ervaring voor 1893 was klaarblyklik genoeg om 'n hoë mate van eensgesindheid oor dié vraagstukke by die Natallers aan te kweek

---

2) Pyrah, G.B. Imperial policy and South Africa p.89-90.

3) The Star, 9 Augustus 1906, p.6, skryf in 'n hoofartikel: „Except in the case of Durban, the members appear to be elected on personal rather than on political grounds ...." Krüger, D.W. Parties and policies in South Africa, p.XI.

4) Vergelyk Thompson, L.M., op.cit., p.41.

omdat 'n permanente uitvoerende gesag 'n onaanvaarbare naturelle- en Indiërbeleid gevolg het – aldus die volksverteenwoordigers.[5] Die gebrek aan partye vloei dus ten dele uit die konstitusionele stryd tot 1893 voort. 'n Parlementslid het dit by geleentheid só gestel: „We have strictly speaking no parties and we divide up on personalities and not on questions of principle".[6] Die bevolking was wat die naturellevraagstuk betref, sonder twyfel baie eensgesind. Daar was egter wel twee botsende „principles" in Natal aanwesig, die een dié van die konstitusie en die ander dié wat deur die bevolking gehuldig is.

Die blanke bevolkingsamestelling verklaar waarskynlik ook die eensgesindheid en gevolglike gebrek aan partye. Die klein Afrikaanse bevolking in Noord-Natal, van wie baie se oë op Transvaal gerig was, het in Natal nie so 'n groot deel van die bevolking uitgemaak dat daar byvoorbeeld sprake was van 'n betekenisvolle partyverdeling op rassegrondslag nie. Die solidariteit onder die Britse bevolking ter wille van die behoud van die kolonie se Britse karakter was ook opvallend.

Die gebrek aan die saambindende uitwerking van die partypolitiek en die noodwendige beleidsformulering en standpuntstelling wat daar-

---

5) Brookes, E.H. en Webb, C. de B., op. cit., p.255.

6) Hyslop, T. aan Steyn, M.T., 23 Februarie 1910, aangehaal deur Thompson, L.M., op.cit., p.41. (Skrywer onderstreep.)
The Round Table, Vol.I, p.87, bevat die volgende: „Indeed there were no regular party lines at all, since the underrepresentation of the towns did not allow them to constitute a party on the lines of town against country. The Natal Parliament was divided, into groups, formed mainly on personal lines, and without much cohesion. The Ministry last in office represented chiefly the farming interest."

mee gepaard gaan, veroorsaak dat Natal se naturellebeleid nie anders as deur amptelike en ander uitsprake van regeringsleiers vasgestel kan word nie. Die hoë mate van eensgesindheid in Natal oor die vraagstuk vergemaklik egter die taak. Die verhelderende invloed van partypolitieke beleidsformulering voel 'n mens egter tog as 'n leemte aan.

Vooraf moet egter volledigheidshalwe verwys word na drie politieke partye wat wel op die een of ander stadium tussen 1902 en 1908 in Natal bestaan het. Partye wat min of meer op die patroon van die Transvaal in Natal probeer opgang maak het, was naamlik die Progressive Party, Arbeidersparty en De Natalse Boere Kongres (later Volksvereeniging),[7)] maar hulle het nooit 'n rol van enige betekenis gespeel nie. Van die drie het slegs die Arbeiders op partypolitieke basis verteenwoordiging geniet vanaf 1906.[8)] Die Volksvereeniging, wat beperk was tot Noord-Natal, het eers in Mei 1910 uit die Natalse Boere Kongres (Het Kongres) wat in 1906 herleef het, ontstaan. Dié Party se beleid, ook ten opsigte van die naturellekwessie, was in die meeste opsigte sinoniem met dié van Het Volk in Transvaal.[9)] Die uitgangspunt wat die naturellevraagstuk betref, was dat vóór die uitslag van die unifikasiebeweging niks gedoen moet word nie, „aange-

---

7) Coetzee, P.H. Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, p.28, vermeld slegs die Progressive Party en Volksvereeniging.
Thompson, L.M., op. cit., p.41.
Jansen, E.G. Die Natalse Boere Kongres, 1906-1911.
Brookes, E.H. en Webb, C.de B., op. cit., p.254-255.

8) Gedurende 1906 was daar vier Arbeiderverteenwoordigers in die Natalse Parlement. (Thompson, L.M., op. cit., p.41.)

9) Vir 'n volledige oorsig vergelyk Jansen, E.G., op. cit.

zien dat deze een zaak is van algemeen belang door geheel Zuid-Afrika.[10]

## III STEMREG

Daar moet in gedagte gehou word dat, wat die stemregkwessie betref, Natal in beginsel dieselfde posisie as die Kaap beklee het.[11] Dit was 'n beginsel wat Natal deur die Britse Regering opgelê is hoewel dit teësinnig aanvaar is. Natal het egter daarin geslaag om sonder direkte uitskakeling van die beginsel tog die nie-blankestemreg vir alle praktiese doeleindes te elimineer. Die beginsel was dus dieselfde as in die Kaap; maar die praktyk het Natal, in teenstelling met die Kaap, losgemaak van die praktiese politieke implikasies van 'n nie-blanke kieserskorps as bepalende faktor in die blanke politiek.

Die Britse liberale gelykstellingspolitiek het 'n onmiskenbare stempel op Natal se benadering tot die naturellevraagstuk afgedruk. Die klein blanke bevolking het 'n groot bedreiging vir hulle bestaan in hierdie beginsel gesien, en tot 1896 is die hele kleurvraagstuk van Natal vanuit dié hoek besien.[12] Alles is in die stryd gewerp om die konstitusionele versperrings teen die nie-blanke stemreg op te rig sonder om die beginsel, wat deur koninklike prerogatief be-

---

10) Ibid., p.10. (Op 'n vergadering te Pietermaritzburg 1908). Tydens die eerste kongres van Het Kongres (17 Maart 1906) het die voorsitter, A.J.van Schalkwyk, na die naturellekwessie verwys as „die naturelle-politiek wat soos 'n swart wolk oor die land hang."Ibid.p.11.

11) Sien supra p. 13 - 17.

12) Gedurende die laaste jare voor 1896 was dit veral die Indiërstemreg wat aandag opgeëis het. Daar was in 1904 reeds 100,918 Asiate en 6,686 kleurlinge in Natal.

skerm is, direk aan te tas.[13] Die stemregkwessie het die Natallers se aandag grootliks op die politieke aspek van die vraagstuk laat konsentreer natuurlik ten koste van 'n algemene en omvattende naturellebeleid. Konsentrasie op die belange van die blankes het ook nie ruimte vir begrip van en aanvoeling vir die naturellebevolking se behoeftes en frustrasies gelaat nie. Die departement van naturelleadministrasie het na 1893 ook min amptelike aandag geniet en hoewel wrywing en spanning tussen die departement en die naturelle kommer gewek het, is niks gedoen om probleme uit te stryk nie. Wetgewing waarby naturelle betrokke was, het ook nie uit goeie kennis en aanvoeling voortgevloei nie en dit dra ook by tot spanning wat later op openlike botsing uitgeloop het.[14] Hierdie botsing geniet verderaan in die hoofstuk aandag. Hiermee word slegs die feit onderstreep dat die stemregkwessie mede verantwoordelik was vir 'n ongebalanseerde beleidsbenadering, hoofsaaklik omdat die blankes 'n bedreiging van hulle bestaan daarin gesien het. Selfs toe die naturelle

---

13) In 1903 het slegs 3 naturelle se name in die kieserslys voorgekom. (South African Native Affairs Commission 1903-1905, op. cit., vol.III. Vgl. ook Thompson, L.M., op.cit., p.110-111).

14) Brookes, E.H. The history of Native policy in South Africa, p.75-77, noem verskillende redes waarom ondoeltreffendheid Natal se wetgewing ten opsigte van die naturelle gekenmerk het. Op p.76 sê hy byvoorbeeld dat die regering „was not sufficiently in touch with Native opinion". Brookes dui nie aan wat die invloed van die stemregkwessie op naturellebeleid in die algemeen was nie, ook nie tot welke mate die blankes in hulle optrede hierdeur beïnvloed was nie. In 'n persoonlike standpunt oor die stemregkwessie in Natal sê hy egter (p.60): „If we do not believe in giving natives the vote, let us say so; and say why". Dit was natuurlik die kern van Natal se probleem want hulle het nie in die stemreg geglo nie, maar hulle kon dit konstitusioneel gesproke nie sê nie; die koninklike prerogatief het in die weg gestaan.

prakties uit die politiek geweer is, het die konstitusionele beginsel bly voortbestaan enersyds as 'n las op baie Natallers se gewete en andersyds ten koste van positiewe, konstruktiewe beleidsontplooiing in die algemeen aanvaarde differensiasierigting.

## IV NATURELLEBELEID

Die standpunt van Natal en sy bevolking oor die naturellevraagstuk in die onderhawige tydperk kan nou nagegaan word. Die benadering van die Regering kom duidelik aan die lig in die uitwisseling van gedagtes oor die vraagstuk tussen Milner en die Regering van Natal gedurende 1901. Natal se aanbevelings was, en ek haal betreklik volledig aan: „For a long while the natives cannot be given political rights. The grant of such rights would have the effect of alienating the sympathy of English and Dutch alike, and would materially prejudice the good government of the new colonies and be provocative of racial bitterness. In the meantime the natives should be taught habits of steady industry."

„Officers appointed over the natives should be acquisited with their language and customs."

„The assumption in England that colonists are unjust and brutal to the natives has worked great harm, and both Dutch and English have suffered from its influence."

„A Native policy out of sympathy with colonial views is likely, owing to the past history of South Africa, to arouse so strong a feeling that even the just rights of natives would be disregarded. It is essential, in the interest of the natives themselves, generally, that the Home Government should work in accord with colonial sentiments as a whole, and the great influence of a colonial minister in sympathy with colonists will secure far more reforms than will any attempt to over-rule local

feeling."[14]

Hieruit blyk dus wat Natal uit sy eie ervaring geleer het en hoe die Britse gelykstellingsbeginsel hulle gefrustreer het; ook dat 'n oplossing van die vraagstuk deur Suid-Afrika self gevind moes word. Britse inmenging sou net die blankes teen die naturel prejudiseer, soos in Natal gebeur het. Die getuienis wat Natallers voor die Lagden-kommissie afgelê het, bring egter die Natalse standpunt nog duideliker na vore.[15] Die meeste getuies het gepleit vir die behoud van die stam- en kapteinstelsel, 'n stelsel wat sedert die dae van Shepstone in Zululand tradisie geword het. Gesagsuitoefening moes onder dié stelsel met blanke toesig gepaard gaan. Die meeste getuies was ook van mening dat die naturelle genoeg grond gehad het maar dit ondoeltreffend benut het. Dit blyk ook duidelik dat die stelsel waarvolgens naturellegrond in die Naturelletrust se beheer geplaas word, aangepas moes word, aangesien dit sou verseker dat die grond vir die naturelle se gebruik gereserveer word.

Oor die stemregvraagstuk is die eensgesindheid van die getuies opvallend. F.R. Moor, later eerste minister van Natal, se antwoord op 'n vraag hieroor is tiperend.

Vraag: „You have not the slightest word to say in favour of the extention of political rights to the Natives?"
Antwoord: „Absolutely none."[16]

---

14) Aangehaal deur Worsfold, W.B. Lord Milner's work in Africa. p.549-550. Skrywer onderstreep.

15) South African Native Affairs Commission,1903-1905. Band IIIvan die verslag bevat die getuienis wat in Natal afgeneem is.

16) Ibid., p.214.

Sommige getuies het gemeen dat daar 'n vorm van verteenwoordiging deur die magistrate bestaan het en dat dit genoegsaam was. Enkele getuies het nie beswaar gehad teen 'n paar genomineerde blanke verteenwoordigers vir die naturelle in die Parlement nie. 'n Boer uit Noord-Natal se standpunt is dat „if we are going to make this a white man's country, we must not give them the franchise."[17] Moor, wat bekend was vir 'n ietwat ekstremistiese standpunt oor naturelleaangeleenthede, slaan asof in 'n onbewaakte oomblik die spyker profeties op die kop as hy verklaar: „I do not see why the two races should not fulfil their destinies separately, assisting each other, but not mixing up the native methods of government with ours."[18] Dit is dus duidelik dat Natal 'n standpunt oor die naturellevraagstuk ingeneem het wat geen ondersteuning aan die liberale rigting, binne of buite Suid-Afrika, verskaf het nie. Inteendeel, die Natalse benadering tot die naturellevraagstuk was in vergelyking met die Het Volk- en Orangia-Unie – uitgangspunt selfs regs georiënteer. Hier is daar, oor die algemeen gesien, feitlik geen sprake van voogdyskap, ontwikkeling volgens eie patroon of die belydenis van 'n roeping ten opsigte van die groot onontwikkelde naturellebevolking nie; die klem val hier in die woorde van Moor op „the constant dominance of the white races,"[19] 'n uitspraak wat sonder twyfel die Natalse uitgangspunt karakteriseer.

---

17) Ibid., p.323.

18) Ibid., p.230.

19) Customs Union Conference, Bloemfontein, 1903, Minutes, p.7.

V <u>OPSTANDE 1906 - 7</u>

Ten slotte moet verwys word na die naturelleopstande in Natal vanaf 1906. Oor die opstande self is daar al baie geskryf; hier sal net die uitwerking daarvan op die politiek in die algemeen aangestip word. Die hele episode het reaksies ver buite Natal se grense tot gevolg gehad, en kritiek oor die hantering van die situasies het vanuit die Kaap, Transvaal en die Vrystaat gekom by monde van John X. Merriman, genls. Botha, Smuts en van president Steyn.[20] Die algemene gevoel was dat Natal onoordeelkundig opgetree het om die Liberale Party in Engeland te tart.[21] Natal se hele naturellebe-

20) Vergelyk Steyn,M.T.: President Steyn aan die woord, p.144-145. Hancock, W.K. Smuts, bd, p.244. Hancock, W.K., red., Selections from the Smuts papers, bd.2, dok.301 en 303. Smuts sê in 'n brief aan Merriman (3 April 1906, dok.294) dat die moeilikheid met die naturelle in Natal twee sake bewys:
„The danger of leaving large questions affecting the future of all South Africa to be dealt with by a small Colony like Natal where there is neither the largeness of vision nor the wholesome check of a strong opposition and influencial leaders."
„.... the demoralization which has set in in South Africa since the war, evidenced by the brutal forcing of servile labour on the Transvaal and now the off-hand way Martial Law is applied after the murder of one policeman ..."

21) The Star, 24 Februarie 1906, p.8, skryf onder „Notes and Comments" op 'n stadium toe die toestand nog nie die ernstige fase bereik het nie maar krygswet reeds afgekondig was (9 Februarie) dat: „Sooner or later ... Natal will be compelled to teach her native subjects a severe lesson."
Smuts skryf in verband met die Engelse pers se opmerkings aan Merriman: „Of course the capitalist press applauds the melodramatic attitude of the Natal Government simply because any stick is good enough for the Liberal Government and the brutal treatment of the Kaffirs is in keeping with the inner policy of the mining magnates. I do not think that the magnates are behind the Natal Government in this case, no Native recruiting for the mines is allowed in Zululand. But there is a strong party on the Rand (among whom is our friend Woolls Sampson) who pray ardently for a Kaffir war, which will mean a relieving of the great pressure at the Rand,military contracts galore, and probably the forcing of the Natives to go and work in the mines. We shall have to watch this new spirit ..." Hancock, W.K., red.op.cit., bd.2, dok. 294, p.253-254. Smuts aan Merriman, 3 April 1906.

leid en -benadering was gevolglik na dié tyd verdag en 'n aangeleentheid waarvan die res van Suid-Afrika homself probeer distansieer het, ook om te ontkom aan die fel kritiek vanuit Engeland. Die hele opstand het egter die dringendheid van 'n eenvorminge naturellebeleid en daardeur die noodsaaklikheid van unifikasie onderstreep. Die mening is selfs gehuldig dat selfregering in die geval van Natal toegeken is te midde van toestande wat verhoed het dat so 'n verantwoordelikheid werklikheid word.[22] 'n Verenigde Suid-Afrika sou die swaar las op die skouers van 'n groter eenheid plaas, 'n eenheid wat dit ook gemakliker sou kon dra as die klein bedreigde Natalse blanke bevolking.

## VI SAMEVATTING

Samevattend kan dus, sonder vrees vir teëspraak, afgelei word dat Natal in sy benadering tot die naturellevraagstuk by die noordelike standpunt inpas, eerder as by die suide. Die standpunt oor stemreg, die beleid om die stamstelsel te behou, die besef dat 'n nasionale oplossing nagestreef behoort te word en die ietwat reaksionêre Natalse benadering sou deur die meer verantwoordelike siening van sy noordelike bure getemper kon word, en Natal sou in elk geval, wat die toekoms betref, minder konstitusionele probleme oplewer as die suide.

Die geskiedenis van Natal se naturellevraagstuk en veral die siening van sy bevolking was in baie opsigte 'n duidelik waarneembare verskuiwing weg van assimilasie en gelykstelling, al was dit hoof-

22) Egerton, H.E., op. cit., p.11.

saaklik konstitusioneel, terug na die tradisioneel-Afrikaanse standpunt van differensiasie. Laasgenoemde was egter nie in staat om behoorlik te ontwikkel nie omdat 'n teenstrydige beginsel in die konstitusie aanwesig was. Dit het hulle perspektief en insig belemmer, en selfs ekstrimistiese en ongebalanseerde benaderings na vore gebring.

Laastens moet opgemerk word dat die 1906-1907-episodes die Natalse naturellebeleid 'n vlieg in die salf besorg het. Dit was genoegsame rede vir alle buitestaanders om Natal se beleid in sy geheel verdag te maak en die positiewe aspekte daarvan op die agtergrond te laat verdwyn. Standpunte wat hulle later oor die kwessie gestel het, is maklik afgemaak deur te verwys na die rebellie as 'n illustrasie van wat hulle beskouinge tot gevolg gehad het. Desnieteenstaande het hulle konsekwent die gelykstellingsbeginsel verwerp en differensiasie as uitgangspunt onderskryf.

---oOo---

# HOOFSTUK 8

## SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING

In die voorafgaande hoofstukke het die soeklig op 'n verskeidenheid politieke partye in vier afsonderlike state en hul benadering en beleid ten opsigte van die naturellekwessie geval. Konklusies en samevattings is deurgaans ten opsigte van elke party en staat gemaak; hier sal nou gepoog word om die geheel te oorsien. Die belangrike vraagstukke en strydpunte sal uitgelig word en die aandag toegespits word op die vernaamste onderskeibare beleidsrigtings wat vóór Unifikasie uit die verskeidenheid partye na vore gekom het.

Voordat die kernaspekte van die vraagstuk nadere aandag kry, moet die behandelde tydperk en die erns van die naturellevraagstuk in die periode samevattend in oënskou geneem word. Die vernaamste en sprekendste eienskap van die tydperk is die feit dat Suid-Afrika staatkundig nog verbrokkeld was, terwyl 'n gemeenskaplike naturellevraagstuk steeds dringender op die voorgrond getree het. Dit was egter nie die enigste aktuele saak wat die aandag opgeëis het nie, want groot veranderinge, gebeurtenisse en ontwikkelinge van ingrypende aard het snelopeenvolgend plaasgevind. Veral ná 1902 is die tempo van veranderinge en ontwikkeling verstommend, en enkele voorbeelde is genoeg om die besef te bring dat die naturellekwessie nie voortdurend besondere aandag kon geniet het nie. Die stryd vir en die toekenning van selfregering aan Transvaal en die Vrystaat 'n paar jaar na 'n uitputtende oorlog staan op staatkundige gebied sterk op die voorgrond. Verder het ernstige ekonomiese vraagstukke in Trans-

vaal en die Kaap dringende en volgehoue aandag geverg. Ander sake soos die rebellie in Natal, 'n Chinese kwessie, arbeidsvraagstukke, interkoloniale probleme oor spoorweg- en doeane-aangeleenthede, verkiesings, ensovoorts het in 'n kort tydperk hoë eise aan alle betrokkenes gestel. Groot bedrywighede op politieke terrein het hieruit voortgevloei en 'n veelheid sake het die politieke partye se aandag vasgevang. Geen wonder dus dat die tydperk soveel aandag in die geskiedskrywing geniet het nie. Te midde van die bedrywige en snel ontwikkelende situasie in Suid-Afrika het die naturellevraagstuk aan prominensie toegeneem en terselfdertyd het 'n veelheid van politieke partye tot stand gekom. Hier moet in gedagte gehou word dat die partypolitiek in dié tydperk 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse staatkundige lewe geword het. Dié verskynsel het besonder vinnig posgevat maar dit moes feitlik van niks af begin om aan die funksies van die partywese, veral dié van beleidsformulering, te voldoen.

Dié groot verhoudingsprobleem blank-naturel het vóór Unifikasie baie vinnig aan aktualiteit toegeneem; dit spreek uit die talle geleenthede waarby die saak betrokke was. In die voorafgaande hoofstukke, veral hoofstuk drie, is hierdie feit aangetoon. In die algemeen het die naturellekwessie na 1902 met verskerpte appél deurgedring as 'n brandende vraagstuk wat aandag verdien het. Die oorlog self, die ontwrigtende toestand daarna en die daaropvolgende versnelde tempo van ontwikkeling het dié vraagstuk meer gekompliseerd na vore laat kom as wat ooit te vore die geval was. Onmiddellik na die oorlog het onrus onder die naturelle sorg gebaar, terwyl 'n

nypende arbeidstekort op die Witwatersrandse goudvelde en op boereplase geheers het. Plakkersprobleme, veral in Transvaal, 'n rebellie in Natal, ensovoorts, het die besef van die erns van die saak laat posvat. Hoewel die vraagstuk nog nie so omvangryk was soos vandag die geval is nie — die meeste naturelle het toe nog in hulle eie gebiede gewoon — is dit duidelik dat die verhoudingsprobleem blank-naturel toe reeds verwikkel begin raak het in die ekonomiese, nywerheids-, arbeids- en administratiewe groei van Suid-Afrika.

Die feit dat verskillende beleidsrigtings aanwesig was vóór die ontstaan van partye, moet ook hier beklemtoon word. Dit het egter die taak van politieke partye geword om dié rigtings tot beleid te formuleer en te verantwoord. Aan hierdie primêre funksie van die partywese het enkele partye goed voldoen en 'n belangrike bydrae tot die duideliker uitkristallisering van beleidsrigtings gelewer.

Dit is opmerklik dat twee aspekte van naturellebeleid by politieke partye onderskei kon word. Eerstens standpunte en beleidsvoorstelle ten opsigte van bepaalde problematiese fasette van die vraagstuk en tweedens algemene uitgangspunte of benaderinge tot die verhoudingsprobleem in sy geheel. Dit val in die studie op dat veral eersgenoemde nie die besondere aandag van partye geniet het nie, 'n feit wat toegeskryf moet word aan die tydsomstandighede wat baie opgelewer het om die aandag van politieke partye in beslag te neem. Rekening moet ook gehou word met die feit dat die behandelde tydperk die ontstaans- en wordingsjare van die Suid-Afrikaanse partypolitiek dek. Die aandag was daarom ook hoofsaaklik gerig op die algemene, die geheel, en nog nie op die besonderhede van groot

vraagstukke en ontwikkelinge nie. Die jong ontwikkelende partye is deur groot uitdagings gekonfronteer wat in baie gevalle hoë eise gestel het. Die feit dat die naturellekwessie oor die algemeen tog aandag geniet het, is verbasend, as al die gebeurtenisse wat die tydperk opgelewer het, in ag geneem word.

## I KERNASPEKTE VAN DIE NATURELLEKWESSIE

Die vernaamste of kernaspekte van die naturellekwessie wat voor Unifikasie duidelik na vore gekom het, was die stemregkwessie, die plakkersprobleem waarmee naturellegronde en grondbesit saamgehang het, naturellearbeid as sodanig en die bedreiging wat dit weer vir blanke arbeid ingehou het en laastens die eerste tekens van 'n stedelike naturellevraagstuk. Politieke partye het hulle in die behandelde tydperk nie ten opsigte van al hierdie aspekte van die probleem verantwoord nie, maar dit was tog die brandendste sake in verband met die kwessie wat beleid en oplossing vereis het.

In die studie het dit duidelik geblyk dat stemreg of politieke regte aan naturelle al dan nie, die mees kontensieuse vraagstuk en strydpunt was. Ten opsigte hiervan het feitlik elke party hom uitgespreek. Hierdie aspek van die probleem het egter meer ingehou as bloot die aanvaarding of verwerping van 'n praktyk wat hoofsaaklik in die Kaap bestaan het. In sy diepste wese het hieraan twee botsende uitgangspunte ten grondslag gelê, naamlik integrasie of segregasie. Twee partye, die Suid-Afrikaanse Party en die Progressiewe Party, beide in die Kaapkolonie, het politieke regte aan naturelle as 'n beleidspunt opgeneem, terwyl feitlik alle politieke

partye in die res van Suid-Afrika stemreg aan naturelle uitdruklik teëgestaan het, hoewel laasgenoemde standpunt nie altyd duidelik gemotiveer is nie. Slegs Het Volk, die Orangia-Unie en tot 'n mate die National Association het die andersoortigheid van die naturel en sy gevolglike ontwikkeling volgens eie patroon teenoor die stemregbeginsel gestel. Die alternatief vir politieke integrasie was duidelik skeiding of segregasie, en dit was prakties die situasie selfs voor politieke partye op die toneel verskyn het. Wat presies die volledige ontplooiing van die twee rigtings vir die verhoudingsprobleem ingehou het, was nie altyd duidelik nie. Later word egter in meer besonderhede op dié twee aspekte, wat bepaalde beleidsrigtings verteenwoordig, ingegaan — hier word dit net as 'n vraagstuk en strydpunt uitgelig, 'n saak waaroor die debat vandag nog voortduur.

Die plakkersvraagstuk en grondbesit deur naturelle was veral in Transvaal se partypolitiek aktueel, hoewel dit nie vraagstukke was wat slegs tot Transvaal beperk was nie. Dit was egter veral in laasgenoemde gebied waar die ontwrigtende gevolge van die oorlog genoemde vraagstuk ernstige afmetings laat aanneem het. Hierdie aspek van die naturellekwessie het verskillende fasette gehad, en politieke partye het dit vanuit verskillende, selfs teenstrydige hoeke, benader. Plakkery op kroongronde was onwettig, maar die wet kon weens die omvang van die plakkery nie toegepas word nie. Dit bring 'n ongeorganiseerde opeenhoping van naturelle mee wat vir Het Volk om verskillende redes 'n ongesonde toestand was. Terselfdertyd is die plakkersvraagstuk en die naturellearbeidstekort in verband

met mekaar gebring, en hier het beide Het Volk en die Progressiewe Party in Transvaal opruiming as 'n moontlike oplossing van die arbeidstekort gesien. Die oogmerk was dus nie om die naturelle terug na hulle eie gebiede te kry nie, maar slegs om bepaalde belange, dié van die landbou en die goudmyne, te dien.

Naturellegrond was 'n algemene vraagstuk met twee aspekte, naamlik die beskikbaarheid en reservering van grond vir naturelle in naturellegebiede en grondaankope deur hulle in blanke gebied. Eersgenoemde het in al die state vraagstukke opgelewer en na Unifikasie besondere aandag geniet. Vóór Unifikasie het politieke partye egter nog nie die saak baie sterk op die voorgrond gebring nie. 'n Strydpunt wat egter geleidelik na vore gekom het, was of die naturelle in hulle eie gebiede grond kommunaal, soos tradisioneel die gebruik was, of individueel moes besit. Die Progressiewe partye in Transvaal en die Kaap en die Suid-Afrikaanse Party het laasgenoemde voorgestaan en in die Kaap is al prakties op dié weg gegaan. Hierteenoor het Het Volk en die Orangia-Unie, uitgaande van die standpunt dat die stamstelsel behoue moes bly, die tradisionele stelsel van grondbesit in naturellegebiede voorgestaan. Die saak het vóór Unifikasie egter nie besondere aandag in die partypolitiek geniet nie, maar was tog as 'n deurlopende vraagstuk en strydpunt toe reeds aanwesig.

Grondaankope deur naturelle in blanke gebied het veral in Transvaal kommer veroorsaak, en Het Volk het herhaaldelik sy afkeuring daaroor uitgespreek. Die behoefte aan 'n bepaling dat naturelle nie buite hulle eie gebiede kon grond koop nie en dat blankes ander-

syds weer nie grond van naturelle mag koop nie, was duidelik. In Transvaal het dit voor 1902 reeds wetlike aandag geniet en was die probleem wat daarná ontstaan het, hoofsaaklik 'n gevolg van skuiwergate in bestaande wetgewing wat spoedig aandag geniet het en later ná Unifikasie deur die omvattende wetgewing van 1913 oor naturellegrond algemene beslag gekry het. Voor 1908 was die grondkwessie egter nie so aktueel soos die gekompliseerde arbeidsvraagstuk aan die Witwatersrand nie.

Die bedreiging wat naturellearbeid vir blanke halfgeskoolde en geskoolde arbeid ingehou het, was veral in Transvaal 'n brandende vraagstuk wat geleidelik aan aktualiteit toegeneem het. Hier het die verskillende arbeiderspartytjies baie duidelik van hulle laat hoor, terwyl Het Volk beslis die beskerming van blanke arbeid voorgestaan het. Die bedreiging is in die eerste plek gesien as 'n gevaar vir die blanke arbeiders se werkgeleentheid, maar blanke voortbestaan in die algemeen en die strewe om Suid-Afrika 'n witmansland te maak, lê ook hieraan ten grondslag. Bewegings ten gunste van algehele blanke arbeid op die myne het onder die arbeiders ontstaan, maar die mynbase was hiervoor nie te vinde nie en die Progressiewe Party het dit as onprakties bestempel. Dit was egter 'n strydpunt in die partypolitiek wat nie sondermeer op die agtergrond geskuif kon word nie en dit het baie jare lank 'n aktuele vraagstuk gebly wat 'n onderwerp vir wetgewing, stakings en onderhandelinge met mynbase geword het, selfs tot vandag toe. Die neerlegging en die praktiese toepassing van regulasies om werkreservering te bewerkstellig, is vandag nog problematies, en konsekwentheid was hier nog nooit aan 'n vaste beginsel meetbaar nie.

Dit is die belangrikste aspekte van die naturellekwessie wat in die behandelde tydperk op die voorgrond getree het. Die feit dat hier maar na enkele van die groot aantal politieke partye verwys is lewer bewys dat besondere aandag nie aan hierdie vraagstukke gegee is nie. Partyleiers het wel die probleme raak gesien en daarna verwys in toesprake, maar beleid is in die meeste gevalle nie hieroor geformuleer nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die tydsomstandighede en in die feit dat sommige van die vraagstukke omvattend en ingewikkeld van aard was en 'n voor-die-handliggende-oplossing nie altyd en geredelik gevind kon word nie.

## II POLITIEKE PARTYE EN DIE NATURELLEKWESSIE : BELEIDSRIGTINGS

Tot hiertoe het aspekte van die naturellevraagstuk en die partypolitiek samevattend aandag geniet, maar die groot betekenis en waarde van partypolitieke beleidsformulering ten opsigte van die kwessie in die behandelde tydperk lê nie hierin opgesluit nie. Die problematiese aspekte was nie altyd die primêre oogmerk van politieke partye nie, omdat 'n algemene uitgangspunt of benadering eers gevind moes word en beleid ten opsigte van besondere aspekte dan daaruit kon voortvloei. Hier moet ook in gedagte gehou word dat die tydperk handel oor die wordings- en vormingsjare in die Suid-Afrikaanse partypolitiek. 'n Tydperk waarin partye in die meeste gevalle vir die eerste keer beleid oor sekere vraagstukke geformuleer het. In die feit dat die meeste partye minstens 'n uitgangspunt of benadering tot die naturellekwessie daarop nagehou het, lê die betekenis van die partypolitieke hantering van die vraagstuk. Met die oog

op wat later gebeur het, naamlik die unifikasie van Suid-Afrika en die debat wat hieraan voorafgegaan het, was die formulering van standpunte véél belangriker as die ontplooiing van beleid ten opsigte van probleemaspekte daarvan. 'n Rigtingkeuse moes kort na 1908 gemaak word en standpunt teenoor standpunt gestel word om uitsluitsel oor toekomstige beleid te verkry; die feit dat partye voor 1908 uitgangspunte gekies en geformuleer het, sou dan van die allergrootste betekenis wees.

Dit moet hier beklemtoon word dat beleidsrigtings bestaan het voor politieke partye tot stand gekom het. Beleidsrigtings wat in verskillende state beslag gekry het, maar nooit teoreties as beleid en uitgangspunt in die tradisie van die partywese geformuleer is nie. Dit was die taak van die nuut ontstane politieke partye om dit te doen; en hulle het dit gedoen, nie deur standpunt in te neem ten opsigte van verskillende aspekte van die probleem nie, maar meesal deur die geheel raak te sien en 'n uitgangspunt te kies wat as norm vir verdere beleidsontplooiing kon dien. Dit was ongelukkig nie altyd die geval nie, maar in die enkele gevalle waar dit gebeur het, was dit van groot, selfs deurslaggewende betekenis vir die toekoms. Waar beleid geformuleer is, is dan ook beantwoord aan een van die primêre funksies van die partywese.

Voordat die verskillende beleidsrigtings nadere aandag geniet, is dit nodig om daarop te wys dat by die behandeling van die verskillende afsonderlike partye telkens aangetoon is dat verskillende faktore die beleid of die gebrek daaraan bepaal het. Belangegebondenheid, gebrek aan eensgesind, diepgevoelde kommer, besef van die erns

en omvang van die vraagstuk, die samestelling en ontstaansgeskiedenis van partye, was almal bepalende faktore, en dit moet in gedagte gehou word wanneer die verskillende beleidsrigtings in Suid-Afrika saamgevat en geëvalueer word.

In die behandelde tydperk kan hoofsaaklik drie rigtings uit die veelheid van politieke partye se beleid onderskei word, naamlik die liberale of gelykstellingsbeleid, die gematigde rigting wat pragmaties en soms opportunisties 'n duidelike keuse vermy het, en laastens die rigting wat teenoor die liberale gelykstellingsbeginsel 'n konserwatiewe beleid van skeiding tussen blank en naturel onderskryf het. Vervolgens sal kortliks 'n samevattende oorsig van beleidsrigtings en partye wat dit ondersteun het, gegee word. Waar tweeslagtigheid voorgekom het, is dit natuurlik soms nodig om een bepaalde party by meer as een beleidsrigting ter sprake te bring.

Die liberale gelykstellingsbeleid van die Progressiewe Party, die Suid-Afrikaanse Party en die Afrikanerbond geniet eerste aandag. Al drie die partye het die Kaapse konstitusionele praktyk van stemreg, ongeag ras of kleur, aan almal wat aan 'n bepaalde beskawingskwalifikasie voldoen het, onderskryf. Die liberale benadering van hierdie partye vloei dan ook direk uit hierdie stemregbeginsel voort. Dit was 'n aanvaarding van politieke integrasie tussen blank en naturel met slegs 'n beskawingsvereiste as norm vir assimilasie. Die beleid het nie aan die Kaap self, uit 'n bepaalde beginselbeskouing ontwikkel nie, maar is van buite ingebring en het bestaan voordat politieke partye tot stand gekom het. In hierdie feit lê baie opgesluit wat die ontwikkeling en ontplooiing van die

beleid bepaal het.

In die volle sin van die woord het algehele gelykstelling of integrasie aan die beginsel van gelyke politieke regte ten grondslag gelê. Die Kaapse politieke partye het egter slegs die één aspek van die beginsel, politieke gelykstelling en by name die stemreg, onderskryf en nie die hele beleid wat deur die gelykstellingsbeginsel geïmpliseer is, ontplooi nie. Hulle het dus slegs die konstitusionele beginsel aanvaar en nie die beginsel wat daaraan ten grondslag gelê het volledig as beleidsuitgangspunt tot die vraagstuk in sy geheel, ontwikkel nie. Trouens, die gebrek aan teoretiese verantwoording, selfs van die stemregbeginsel as sodanig, is by al die partye opvallend. Daarom het die liberale gelykstellingsbeginsel nooit by een van die politieke partye duidelik uitgedifferensieer nie. Nóg die Progressiewe Party nóg die Suid-Afrikaanse Party was in staat om die prakties aanvaarde situasie in die Kaap duidelik te verantwoord of dit in die praktyk tot sy logiese konsekwensies deur te voer nie. Daar het selfs nie een figuur na vore gekom wat die beleidsrigting prinsipieel probeer verantwoord het of 'n praktiese ontleding van die hele liberalistiese benadering, beleidsimplementering en eventuele resultate kon gee nie.

Die betrokke partye het die stemregbeginsel per se herhaaldelik verdedig, maar dan op grond van die feit dat dit tradisie geword het en dat dit goed gewerk het. Hulle kon, omdat dit nie uit oortuiging gebore was nie maar van buite ingevoer was, nie die beginsel teoreties motiveer en verdedig nie. Later het selfs die praktiese argumente begin wankel toe die Lagden-kommissie wanpraktyke in ver-

band met die stemregstelsel blootgelê het en dit as 'n ongesonde en sorgwekkende stelsel bestempel het. Op grond daarvan is aparte verteenwoordiging en kieserslyste vir Suid-Afrika deur die kommissie aanbeveel. Dit was in die lig van wat later gebeur het, die skrif aan die muur vir hierdie beleid van die Kaapse politieke partye.

As die beleidsrigting duideliker uitgekristalliseer het as wat wel die geval was, sou dit later toe die saak 'n strydpunt met die oog op unifikasie geword het, veel meer probleme opgelewer het as wat die geval was. Die beleidsrigting het egter nie alleen onvolledig en onverantwoord uitgedifferensieer nie, maar teenstrydige wetgewing, gegrond op botsende beginsels is selfs aangeneem. Die stelsel wat byvoorbeeld in die Transkei ontwikkel het, is geregverdig as 'n oorgangsfase wat die naturelle tot beskawing en uiteindelike politieke assimilasie sou lei; maar dit was in werklikheid, bewus of onbewus, gebaseer op die differensiasiebeginsel en het prakties ook daarop neergekom. Hierdie teenstrydigheid het in 'n groot mate die liberalistiese uitgangspunt geneutraliseer, en hierby sou die noordelike uitgangspunt later aansluit en dit verder uitbou ten koste van die liberalistiese gelykstellingsbeleid wat geleidelik op die agtergrond geraak het.

Die feit moet egter hier onder oë gesien word dat die liberale beleid ondersteuning van twee van die grootste politieke partye geniet het en sterk verdedig is. Die partye het selfs die uitbreiding van die stemregstelsel na die res van Suid-Afrika voorgestaan, en hulle sou in 'n konfrontasie met die noordelike beleid van geen

gelykstelling en stemreg nie swig of kompromitteer nie; hulle sou sonder twyfel daarby staan of val.

Die tweede rigting in die partypolitiek vóór 1908 word hoofsaaklik verteenwoordig deur die Engelse politieke partye buite die Kaap, hoewel die Progressiewe Party in die Kaap hier nie heeltemal uitgesluit kan word nie. Die rigting kan met geen beter woord as „pragmatisme" beskryf word nie. Die Progressiewe Party in Transvaal, die sterkste party na Het Volk, die Constitutional Party in die Vrystaat, ten dele die Kaapse Progressiewe Party en 'n sluimerende beweging in Natal het hulle nie onomwonde op 'n bepaalde standpunt ten opsigte van die naturellekwessie gestel nie. Hierdie partye het enersyds nie 'n diepgewortelde aanvoeling vir die vraagstuk gehad nie en het dit andersyds om opportunistiese redes nie gerade geag om voor 1908 'n baie definitiewe standpunt oor die vraagstuk in te neem nie. Dit was vir hulle 'n middelmatige saak wat benader is vanuit verskillende, hoofsaaklik belange-georiënteerde hoeke. Nie een van die partye het 'n aanduiding gegee dat hulle prinsipieel, met byvoorbeeld die voortbestaan van die blanke en die toekoms van die naturel in gedagte, oor die vraagstuk gedink het nie.

Van hierdie partye was daar dus, met die oog op die toekoms, nie veel ten opsigte van naturellebeleidsformulering te wagte nie. Hulle is deur die omstandighede van die oomblik, deur belange-gebondenheid en opportunistiese geleenthede beïnvloed en sou hulle maklik van rigting kon verander.

Die afwagtende benadering van dié partye het 'n betreklik wye invloed gehad. Politieke partye wat wel 'n definitiewe standpunt

gehad het, is hierdeur beïnvloed. Het Volk het byvoorbeeld om wrywing en stryd tot die minimum te beperk, omstrede kwessies of beleidsstandpunte oor vraagstukke wat reaksie by ander partye kon uitlok, probeer vermy. Die houding van dié partye was, kortom, verantwoordelik vir 'n „laissez faire"-benadering, wat saam met die algemene neiging tot status quo-handhawing vóór en ná 1908 duideliker beleidsontwikkeling by ander partye voorkom het. Met die oog op unifikasie was hulle 'n onsekere faktor waarmee veral Het Volk en die Orangia-Unie rekening sou moes hou. Dit sou ook deurwerk tot die eerste jare na Unifikasie en die duideliker uitkristallisering van veral die tradisionele benadering tot die vraagstuk in Suid-Afrika kortwiek.

Die derde beleidsrigting wat onderskei kan word, het die uitgangspunt dat skeiding tussen blankes en naturelle gehandhaaf moes word, aanvaar. Dié beleidsrigting het teenoor die liberale Kaapse benadering gestaan en die naturelle as andersoortige groep nie in die blanke politiek betrek nie, maar geglo dat hulle op grond van hulle eiesoortigheid afsonderlik behandel moes word. Dié beleidsrigting, ook bekend as die tradisionele rigting, was ook aanwesig voor politieke partye ontstaan het en is gebaseer op die uitgangspunt van geen gelykstelling in kerk of staat nie, wat die oorheersende rigting in die voormalige Boererepublieke was.

Verskillende politieke partye het in die behandelde tydperk hulle beleid vanuit dié benadering geformuleer. Reeds die eerste politieke party in Suid-Afrika, die Afrikanerbond, het dié rigting as grondslag aanvaar, maar slegs tot 1881, waarna die Bond 'n ander koers ingeslaan het. In Transvaal bou Het Volk, die National Asso-

ciation en verskillende van die opkomende arbeiderspartytjies op dië grondslag en in die Vrystaat vorm dit die basis van die Orangia-Unie se beleid. In Natal, waar geen noemenswaardige partypolitieke ontwikkeling plaasgevind het nie, geniet die rigting ook sterk algemene ondersteuning.

Die konserwatiewe beleid van geen gelykstelling het in die tydperk voor Unifikasie deur die beleidsformulering van veral Het Volk en die Orangia-Unie duideliker uitgekristalliseer as wat ooit tevore die geval was. Die Orangia-Unie het uit sy geledere selfs die naam segregasie vir dië rigting na vore gebring, en 'n gebalanseerde beleid was besig om by die party beslag te kry. Die beste formulering het ongetwyfeld by Het Volk voorgekom, en dit is werklik 'n noemenswaardige artikel in hul Program.

Die beleid van veral die Orangia-Unie en Het Volk, maar in 'n mate ook van die National Association en die arbeiderspartytjies het differensiasie tussen blankes en naturelle as uitgangspunt aanvaar. By eersgenoemde partye, veral Het Volk, het die beginsel van voogdyskap voorop gestaan. By die behandeling van beide hierdie partye het dit sterk op die voorgrond gekom dat skeiding tussen blank en naturel nië 'n vreesbeleid was nie. Dit was die eerlike en opregte oortuiging van die partye dat dit vir beide rassegroepe die beste oplossing was. Die diep gewortelde oortuiging waarmee die beleid ondersteun en gestel is, was natuurlik met die oog op die toekoms baie belangrik. Dit kon met oortuiging verdedig en verantwoord word teenoor ander beleidsrigtings.

In teenstelling met die liberale beleidsrigting het die beleid

van Het Volk en die Orangia-Unie uitgegaan van die standpunt dat die naturel andersoortig is, eie tradisies het wat nie sondermeer omvergewerp moes word nie en dat die ontwikkeling van die naturelle natuurlik en volgens eie tradisies en gewoontes bevorder moes word. Hier word nie begrippe uit die hede gebruik nie : dit was almal sake wat in die tydperk vóór Unifikasie by die Orangia-Unie en Het Volk in programme of toesprake aandag geniet het en met dieselfde taal omskryf is. Uit Het Volk-geledere het genl. Botha byvoorbeeld duidelik etniese groepering van naturelle bepleit en, soos in die Vrystaat reeds prakties gedoen is, aangetoon dat daar vir elke naturellestam 'n eie gebied moes wees, anders kom daar chaos.

Die differensiasierigting of die segregasiebeleid, soos genl. Hertzog dit genoem het, het ongetwyfeld die duidelikste uitgekristalliseer in die behandelde tydperk. Die beleid van Het Volk en die Orangia-Unie, die toesprake van hul leiers en die oortuiging onder die ondersteuners, getuig daarvan. Die beleidsrigting het egter nog nie volledig ontplooi in dié sin dat die positiewe sy daarvan duidelik na vore gekom en omlyn is nie. Dit sou egter baie jare lank nie gebeur nie, en oor die aspek is selfs nog tot vandag toe nie klaar gedebatteer nie. Die partye wat voor 1908 die beleidsrigting ondersteun en ontwikkel het, was sonder twyfel besig om 'n deeglike fondament te lê en 'n tradisionele uitgangspunt tot konkrete beleid en standpunt te formuleer. Daarop kon later met vrug voortgebou word.

Uit die drie rigtings wat tot hiertoe behandel is, spreek dit duidelik dat minstens twee daarvan botsing en stryd op politieke ge-

bied in Suid-Afrika voorspel het. Die liberale en konserwatiewe rigtings moes onvermydelik bots; in Suid-Afrika sou daar op die duur nie ruimte vir albei wees nie. Vóór 1908 het stryd oor die naturellevraagstuk egter nog nie 'n prominente plek in die partypolitiek ingeneem nie: daarvoor was die partyverdeling te arbitrêr op die verskille tussen Afrikaners en Engelse, Britse en Suid-Afrikaanse belange gebaseer. Die verskille tussen partye en die uiteenlopende beleidsrigtings het egter reeds voor 1908 bestaan en op die voorgrond begin tree; dié vraagstuk sou ongetwyfeld 'n rol in toekomstige partyverdeling speel.

Hierdie studie eindig op 'n punt toe Suid-Afrika voor 'n kruispad te staan gekom het en wel met Unifikasie. Wat die naturellekwessie betref, sou die verskillende politieke partye toe standpunt teenoor standpunt moes stel. Uitgangspunte het tot voor Unifikasie by verskillende politieke partye aandag geniet, maar die toets sou wees of 'n bepaalde standpunt of rigting sterk genoeg, verantwoord, omlyn, oortuigend en onomstootlik na vore sou kom om algemene instemming vir één konsekwente beleid te bewerkstellig. Dit was nie moontlik nie, maar die betekenis en waarde van die partypolitieke beleidsformulering in die tydperk wat hierdie studie gedek het, lê daarin dat die stryd om rigting nie daar opgehou het nie, maar dat op die fondamente van vóór 1908 voortgebou is totdat beleid met die jare duideliker uitgedifferensieer het en konsekwente rigting op die duur met die vraagstuk in Suid-Afrika gevolg kon word.

---o0o---

# BIBLIOGRAFIE

Die bibliografie is ongeklassifiseerd in alfabetiese volgorde saamgestel. Dit is gedoen ter wille van die gebruikswaarde wat dit vir die leser het en omdat die bronnemateriaal oorheersend gelyksoortig van aard is. Besonderhede is so volledig as wat die geskrifte self toegelaat het, weergegee.


ABERCROMBIE, J.P. Africa's peril; the colour problem. Londen,Marschall, 1938.

AFRIKANERBOND. (Notulen van de) 1ste-26ste provinciale bestuursvergadering, 1883 - 1910. Paarl, Du Toit, 1883 - 1910. 26 bde.

ANON. The government of South Africa. Kaapstad, 1908. 2 dle.

ANON. A question of colour; a study of South Africa. Londen, Blackwood, 1906.

ARMSTRONG, H.C. Grey steel : J.C. Smuts; a study in arrogance. Londen, Barker, 1937.

BARLOW, A.G. Almost in confidence. Kaapstad, Juta, 1952.

BARNES, L. Caliban in Africa; an impression of colour-madness. Londen, Gollancz, 1930.

BELL, Fred W. The native as a political factor and the native franchise. Johannesburg, Adlington, 1908.

———— , The black vote; South Africa's greatest problem. Comments on Lord Selborne's address. Johannesburg, Adlington, 1909.

———— , The South African native problem; a suggested solution, Johannesburg, C.N.A., 1909.

———— , Open letter to members of the Legislature of the Union of S.A. in connection with the native franchise. Johannesburg, Esson, 1936.

BERNSTEIN, Edgar. The legacy of General Smuts. Johannesburg, Eagle Press, 1950.

BLACKWELL, Leslie. African occasions; reminiscences of thirty years of bar, bench,and politics in South Africa. Londen, National Book Ass., 1938.

BOTHA, J.H. Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika. Amsterdam, Paris, 1928.

BROOKES, Edgar. H. The history of native policy in South Africa from 1830 to the present day. Kaapstad, Nasionale Pers, 1924.

———— , The political future of South Africa. Pretoria, Van Schaik, 1927.

BROOKES, E.H. en WEBB, C.de B. A history of Natal. Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1965.

BROTHERS, O.F. The first Transvaal parliament. Johannesburg, Transvaal Leader, 1907.

BUELL, R.L. The native problem in Africa. bd. 1. New York, Macmillan, 1928.

BUXTON, Sydney Charles Buxton, 1st Earl   General Botha. Londen, Murray, 1924.

CALPIN, G.H.   There are no South Africans. Londen, Nelson, 1941.

CANA, Frank, R.   South Africa; from the Great Trek to the Union. Londen, Chapman & Hall, 1909.

CHAMBERLAIN, J.   Speeches. Ed. by Charles W. Boyd. bd.2. Londen, Constable, 1914.

CLOETE, Bettie.   Die lewe van senator F.S. Malan, president van die Senaat. Johannesburg, A.P.B., 1946.

COETZEE, J. Albert.   Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie. Johannesburg, Voortrekkerpers, voorw. 1941.

COETZEE, P.H.   Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910; 'n histories-staatsfilosofiese studie. Ongepubliseerde verhandeling, U.O.V.S., 1952.

COLQUHOUN, A.R.   The Africander land. Londen, Murray, 1906.

COLQUHOUN, Young.   White, ----- black or yellow? The native question without sentiment. Johannesburg, Rudford, Adlington, 1929.

COLVIN, Ian.   The life of Jameson. Londen, Arnold, 1922. 2 dle.

COPE, R.K.   Comrade Bill; the life and times of W.H. Andrews, worker's leader. Kaapstad. Stewart, 1943.

CRAFFORD, F.S. Jan Smuts. Londen, Allen & Unwin, 1945.

CRESSWELL, Margaret. An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell. Kaapstad, Balkema, 1956.

CROCKER, H.J. The South African race problem; the solution of segregation. Johannesburg, 1909.

DAVENPORT, T.R.H. The Afrikanerbond; the history of a South African political party, 1880 - 1911. Kaapstad, Oxford Univ. Press, 1966.

DAVIS, A. The native problem in South Africa. Londen, Chapman & Hall, 1903.

DAWSON, W.H. South Africa : people, places and problems. Londen, Longmans, Green, 1925.

DE KIEWIET, C.W. A history of South Africa, social and economic. Londen, Oxford Univ. Press, 1942.

DREW, Dewdrey. The native question, a practicable policy. Johannesburg, Transvaal Leader, 1909.

DU PLESSIS, J.H.O. Die ontstaan van politieke partye in die Kaapkolonie tot 1885. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1939.

DU TOIT, J.D. Ds. S.J. du Toit in weg en werk. Paarl, Paarl Drukpers, 1917.

DU TOIT, S.J. Program van beginselen van de Nationale Partij, opgesteld, verklaard, en toegelicht door Ds. S.J. du Toit. Kaap de Goede Hoop, Du Toit, 1882.

DVORIN, Eugene, P. Racial separation in South Africa. Chicago, University of Chigago Press, 1952.

EGERTON, Hugh Edward. British colonial policy in the XX th century. Londen, Methuen, 1922.

ENGELENBURG, F.V. Genl. Louis Botha. Pretoria, Van Schaik, 1928.

————, Versamelde dokumente, Band 2 en 6. Ongepubliseerde dokumente in die staatsargief, Pretoria.

EVANS, I.L. Native policy in Southern Africa. Cambridge, University Press, 1934.

EVANS, M.S. Black and white in South East Africa; a study in sociology. 2nd ed. Londen, Longmans, Green, 1916.

————, The native problem in Natal. Durban, 1906.

EYBERS, G.W. Select constitutional documents illustrating South African history, 1795 - 1910; 2nd impr. Londen, Routledge, 1918.

FRASER, J.G. Episodes in my life. Kaapstad, Juta, 1922.

FREEMANTLE, H.E.S. The new nation; a survey of the condition and prospects of South Africa. Londen, Bell, 1909.

GIBSON, J.Y. The evolution of South African native policy. Pietermaritzburg, Davis, 1919.

GITSHAM, E. en TREMBATH, J.F. A first account of labour organisation in South Africa. Durban, Commercial Printing, 1926.

GODÉE-MOLSBERGEN, E.C.en VISSCHER, J. Zuid-Afrika's geschiedenis in beeld. Amsterdam, van Looy, 1913.

GOODFELLOW, D.M. A modern economic history of South Africa. Londen, Routledge, 1931.

GOODMAN, J.M. Die nasionale boek. Redakteurs : H. Reitz en H. Oost. Johannesburg, Commercial Drukkery, 1931.

HAASBROEK, D.J.P. Die ontstaan van die nie-blanke stemreg. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957.

HAGGAR, C.H. Organised labour as a political factor. The State, Jun. 1910, p.933 - 945.

HANCOCK, W.K. Smuts, V.1: The sanquine years, 1870 - 1919. Londen, Cambridge University Press, 1962.

HANCOCK, W.K., red. Selections from the Smuts papers. Cambridge, University Press, 1966. 4 bde.

HARRIS, John H. General Botha's native land policy. s. pl., s.j. (Reprinted from the Journal of the African society, 1916.)

HEADLAM, C., red. The Milner papers. Londen, Cassell, 1933. 2 bde.

HET VOLK. Program en statuten. Pretoria, 1907.

HET VOLK. Volledige notulen van het kongres te Pretoria, gehouden op 23, 24 en 25 Mei 1904. Pretoria, Volkstem Drukkery, 1904.

HOFMEYR, J.H. Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr. Kaapstad, Van der Sandt de Villiers, 1913.

IWAN-MÜLLER, E.B. Lord Milner and South Africa. Londen, Heinemann, 1902.

JACOBS, D.S. Abraham Fischer en sy tydperk ; 1850 - 1913. Ongepubliseerde proefskrif, U.O.V.S., 1960.

JANSEN, E.G. Die Natalse Boere-kongres 1906-1911. Pietermaritsburg, s.j.

JEPPE, C. The kaleidoscopic Transvaal. Kaapstad,Juta, 1906.

JOURNAL of the parliaments of the Empire, bd.1-6., 1920 - 1925.

KESTELL, J.D. en VAN VELDEN, D.E. De vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika. Amsterdam, De Bussy, 1909.

KIDD, D. Kafir socialism and the dawn of individualism; an introduction to the study of the native problem. Londen, Adam& C., Black, 1908.

KIERNAN, R.H. General Smuts. Londen, Harrap, 1943.

KLEYNHANS, W.A. Politieke strominge en verantwoordelike bestuur in Transvaal 1905 - 1909. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952.

KRIEK, D.J. Die bydrae van Transvalers tot die staatsvorm van die Unie. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958.

KRÜGER, D.W. The age of the generals; a short political history of the Union of South Africa, 1910 - 1948. Johannesburg, Dagbreek, 1958.

———— , South African parties and policies, 1910 - 1960 ; a select source book. Kaapstad, Human en Rosseau, 1960.

KRUGER, S.J.P. President Kruger aan die woord. Vertaal en van aantt. voorsien deur J.S. du Plessis. Met inl. van Prof. D.W. Krüger. Bloemfontein, Sacum, 1952.

LAGDEN-KOMMISSIE. - Sien South African Native Affairs Commission.

LAURENCE, Sir Percival. The life of John Xavier Merriman. Londen, Constable, 1930.

LEKHELA, S.M.M. An historical survey of native land settlement in South Africa from 1902 to the passing of the Natives' Trust and Land Act of 1936. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1955.

LEONARD, C. Papers on the political situation in South Africa, 1885 - 1895. Londen, Humphreys, 1903.

LEVI, N. Jan Smuts, being a character sketch of Gen. the hon. J.C. Smuts, K.C., N.L.A., Minister of Defence, Union of South Africa. Londen, Longmans, Green, 1917.

LEYDS, W.J. Het insluiten van de Boere-Republieken. Amsterdam, De Lange, 1914.

LININGTON, P.A., Samest. A summary of the reports of certain pre-union commissions on native affairs. s.pl., 1924.

LONG, B.K. Drummond Chaplin; his life and times in Africa. Londen, Oxford Univ. Press, 1941.

McCRACKEN, J.L. The Cape Parliament, 1854 - 1910. Oxford, Clarendon Press, 1967.

MacCRONE, I.D. Race attitudes in South Africa. Londen, Oxford Univ. Press, 1937.

MACMILLAN, W.M. Bantu, Boer and Briton; the making of the S.A. Native problem. Londen, Faber & Gwyer, 1929.

———, Complex South Afria. Londen, Faber & Faber, 1930.

MANSERGH, N. South Africa, 1906 - 1961; the price of magnanimity. Londen, Allen & Unwin, 1962.

MARAIS, A.H. Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902 - 1912. Ongepubliseerde verhandeling U.O.V.S., 1966.

MARAIS, J.S. The fall of Kruger's republic. Oxford, Clarendon Press, 1961.

MARKHAM, V.R. The South African scence. Londen, Smith, Elder, 1913.

———, The new era in South Africa, with an examination of the Chinese labour question. Londen, Smith, Elder, 1905.

MARQUARD, Leo. The people and policies of South Africa. Londen, Oxford Univ. Press, 1952.

MEYER, I.M. Die Chinese arbeidsvraagstuk van die Witwatersrandse goudvelde, 1903 - 1910. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1946.

MILLIN, Sarah Gertrude. The people of South Africa. Londen, Constable, 1951.

MOLTENO, <u>Sir</u> J.T. The dominion of Afrikanerdom; recollections pleasant and otherwise. Londen, Mathuen, 1923.

________ , Further South African recollections. Londen, Methuen, 1926.

The NATIONAL REVIEW, Mei 1905, nr. 207.

NAUDé, J.D. Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913 - 1914. Ongepubliseerde verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1964.

NEAME, L.E. The history of apartheid; the story of the colour war in South Africa. Londen, Pall Mall Press, 1962.

________ , White man's Africa; the problem of a white nation in a black continent. Londen, Stewart, 1952.

________ , General Hertzog; Prime Minister of the Union of South Africa since 1924. Londen, Hurst & Blackett, s.j.

NEWTON, A.P. A hundred years of the British Empire. Londen, Derckworth, 1942.

________ , Select documents relating to the Unification of S.A. Londen, Longmans, Green, 1924. 2 dle.

NIELSEN, Peter. The black man's place in South Africa. Kaapstad, Juta, 1922.

ORANGIA UNIE. Verrichtingen van het derde jaarlijksch congres der Orangia Unie te Bloemfontein gehouden op 16, 17 en 18 Maart 1908. Ook : vierde en spesiale kongres 4 Maart 1909, 12, 13 en 14 Mei 1909, vyfde 6, 7 Oktober 1910. Bloemfontein, De Vriend, 1908.

PAKENHAM, <u>Baroness</u> E.H.P. Jameson's raid. Londen, Weidenfeld and Nicolson, 1960.

PHILLIPS, L. Some reminiscences. Londen, Hutchinson, s.j.

————, Transvaal problems; some notes on current politics. Londen, Murray, 1905.

PIROW, Oswald. James Barry Munnik Hertzog. Kaapstad, Timmins, 1958.

PLAATJE, S.T. Native life in South Africa before and since the European war and the Boer Rebellion. Londen, King, 1916.

PRELLER, G.S. Agt jaar s'n politiek; skoon geskiedenis van die Suidafr. Nasionale Partij, 1902 - 1910. Pretoria,Volkstem Drikkerij, 1910.

PRELLER, J.F. Die Konvensie-dagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan, 1908 - 1909. Kaapstad, Van Riebeeck-Vereniging, 1951.

PYRAH, G.B. Imperial policy and South Africa, 1902 - 1910. Londen, Oxford Univ. Press, 1955.

The RAND daily mail. (Enkele uitgawes in die periode 1902 - 1910).

RHOODIE, N.J. 'n Rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en partnership, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit Pretoria, 1965.

RHOODIE, N.J. EN VENTER, H.J. Die apartheidsgedagte; 'n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad, H.A.U.M., 1959.

ROSS, B.K. A study of politics in the Cape Colony from January 1908 - May 1910. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1950.

The ROUND Table, bd. 1 - 3; 1910 - 1913.

ROUX, Edward. Time longer than rope; a history of the black man's struggle for freedom in South Africa. Londen, Gollancz, 1948.

SAMUELSON, R.C.A. The white man's burden. Pietermaritzburg, 1906.

—————, Native question. Pietermaritzburg, 1906.

SANK, Y.P. The origin and development of the Cape Progressive Party, 1884 - 1898. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1955.

SCHOLTZ, G.D. President Johannes Henricus Brand, 1823 - 1888. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1957.

—————, Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

—————, 'n Swart Suid-Afrika? Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1964.

———— , Die bedreiging van die liberalisme. Johannesburg, Voortrekkerpers, voorw. 1965.

———— , Die konstitusie en staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat, 1834 - 1902. Amsterdam, Swets en Zeitlinger, 1936.

SCHREINER, Olive. Gloser Union; a letter on the South African Union and the principles of government. Londen, Fifield, 1909.

SCHREINER, T.L. Segregation. s.pl., s.j.

SCHREINER, T.L. en STUART, K.H.R. Seperate Native representation. s. p.l., s.j.

SOUTH AFRICAN NATIVE AFFAIRS COMMISSION, 1903 - 1905. Minutes and evidence. Kaapstad, 1905.

SPENDER, Harold. General Botha; the career and the man. Londen, Constable, 1916.

SPILLER, G., red. Papers on inter-racial problems. Londen, King, 1911.

SPOELSTRA, B. Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse Kolonie in 1907. Ongepubliseerde verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1950.

STANFORD, Sir Walter E.M. The reminiscences bd. II: 1885 - 1929. Kaapstad, Van Riebeeck Society, 1962. (Van Riebeeck-Vereniging. Publikasie nr. 43.)

The STAR, 1902 - 1910.

The STATE, 1909 - 1922.

STEVENS, E.J.C. White and black; an inquiry into South Africa's greatest problem. Londen, Simpkin, 1914.

STEYN, M.T. President Steyn aan die woord; openbare geskrifte en toesparke van Marthinus Theunis Steyn. Vertaal, byeengebring en van aantt. voorsien deur J.J. Oberholzer en M.C.E. van Schoor. Bloemfontein, Sacum, voorw. 1953.

STUBBS, Ernest. Tightening coils; an essay on segregation. Pretoria, Hollingtons, 1925.

TATZ, C.M. Shadow and substance in South Africa; a study in land and franchise policies affecting Africans, 1910 - 1960. Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1962.

THOMPSON, L.M. The Unification of South Africa, 1902 - 1910 Oxford, Clarendon Press, 1960.

TRANSVAAL PROGRESSIVE FEDERATION. Draft constitution and rules. Johannesburg, Transvaal Leader, 1907.

U.G. 54 - 1937 sien Unie van S.-A.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Commission of Inquiry Regarding Cape Coloured Population of the Union. Report. Pretoria, Government Printer, 1937. (U.G. 54 - 1937).

VAN AARDT, J.H.M. Die Botha-bewind in Transvaal, 1907 - 1910. Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1958.

VAN BILJON, P. Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika; 'n historiese ontwikkeling van grensbeleid en beleid van grondtoekenning aan die naturel in Suid-Afrika. Kaapstad, Juta, voorw. 1947.

VAN DEN HEEVER, C.M. Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, A.P.B., 1943.

VAN DER MERWE, N.J. Marthinus Theunis Steyn; 'n lewensbeskrywing. Kaapstad, Nationale Pers, 1921. 2 dle.

VAN DER SCHYFF, P.F. Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek, 1910 - 1921. Ongepubliseerde verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1964.

VAN DER WALT, A.J.H., e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika; 2e verb. dr. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1955. 2 bde.

VAN DER WALT, C. S. J. du Toit in die diens van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1882 - 1890. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944.

VAN HEERDEN, F.J. Die Randse staking van 1922. Ongepubliseerde verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.

VAN OORDT, J.F. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, H.A.U.M., 1898.

VERMOOTEN, F. Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, 1906 - 1910. Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1955.

De VOLKSTEM, vergelykend 1903 - 1908.

WALKER, E.A. A history of Southern Africa. Londen, Longmans, 1961.

————————, M.P. Schreiner; a South African. Londen, Oxford Univ. Press, 1937.

________ , Lord de Villiers and his times; South Africa, 1842 - 1814. Londen, Constable, 1925.

________ , The Cape native franchise; a series of articles published in "The Cape Argus", February, 1936. Kaapstad, Griffiths, 1936.

WALKER, J.L. en WEINBREN, B. 2,000 casualities; a history of the trade unions and the labour Movement in the Union of South Africa. Johannesburg, S.A. Trade Union Council, 1961.

WALLIS, J.P.R. Fitz; the story of Sir Percy Fitzpatrick. Londen, Macmillan, 1955.

WALTON, E.H. The inner history of the National Convention of South Africa. Kaapstad, Rustica Press, 1912.

WEIDEMAN, N.C. Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

WIECHERS, N.J. Die onderhandelings tussen die Suid-Afrikaanse en die Britse regerings in verband met die Britse Protektorate in Suid-Afrika sedert 1910. Ongepubl. verhandeling. Univ.Pretoria.

WILLOUGHBY, W.C. Race problems in the new Africa; a study of the relation of Bantu and Britons in those parts of Bantu Africa which are under British control. Oxford, Clarendon Press, 1923.

WILMOT, A. The history of our own times in South Africa, bd. 3: 1889 - 1898. Kaapstad, Juta, 1899.

WORSFOLD, W.B. Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the Peace of Vereeniging in 1902. Londen, Murray, 1906.

* * * * * * * * * * * * *